

SAIGR Studentehandboek

Aanvullende Dubbelbelasting Ooreenkomste

2016/2017

Volume 3

Wetgewing



Dubbelbelasting Ooreenkomste

Bladsy

Gk 172 van 31 Januarie, 2003

Konvensie tussen die regering van die Republiek van Suid-Afrika en die regering van die verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland vir die vermyding van dubbelbelasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belasting op inkomste en op kapitaalwinste 1

Gk 751 van 28 Julie, 2006

Konvensie tussen die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van die Bondsrepubliek Brasilië vir die vermyding van Dubbele Belasting en die voorkoming van Fiskale Ontduiking met betrekking tot Belasting op inkomste 22

Gk 34 van 23 Januarie, 2009

Konvensie tussen die Republiek van Suid-Afrika en die Koninkryk van die Nederlande vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belasting op inkomste en op kapitaal 41

Gk 471 van 17 Junie, 2015

Ooreenkoms tussen die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van die Republiek van Mauritius ter vermyding van dubbele belasting en ter voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belasting op inkomste 66

**Gk 172 van 31 Januarie 2003: Konvensie tussen die regering van die Republiek van Suid-Afrika en die regering van die verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland vir die vermyding van dubbelbelasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste en op kapitaalwinste
(Staatskoerant No. 24335)**

	soos gewysig deur	
Kennisgewing	Staatskoerant	Datum
Gk 52	34971	2 Februarie 2012 (m.i.v. 13 Oktober 2011)

ALGEMENE NOTA

Indien die koerse vir die belasting van dividende, in 'n konvensie vir die vermyding van dubbele belasting wat hierna tussen Suid-Afrika en 'n derde Staat gesluit word, laer is as dié gespesifiseer in subparagrafe 2 (a) en (c) van Artikel 10, soos gewysig, moet Suid-Afrika die Regering van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland onverwyld skriftelik langs die diplomatieke kanaal in kennis stel en met die Regering van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland onderhandelinge aanknoop oor die verlening van sodanige vergelykbare behandeling as wat aan die derde Staat verleen word.

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

INDELING VAN REGULASIES

Aanhef	
Artikel 1	Persone Gedek
Artikel 2	Belastings Gedek
Artikel 3	Algemene Woordomsrywings
Artikel 4	Inwoning
Artikel 5	Permanente Saak
Artikel 6	Inkomste uit Onroerende Eiendom
Artikel 7	Besigheidswinste
Artikel 8	Skeepvaart en Lugvervoer
Artikel 9	Verwante Ondernemings
Artikel 10	Dividende
Artikel 11	Rente
Artikel 12	Tantième
Artikel 13	Kapitaalwinste
Artikel 14	Inkomste uit 'n Diensbetrekking
Artikel 15	Direkteursgelde
Artikel 16	Verhoogkunstenaars en Sportpersone
Artikel 17	Pensioene en Annuïteite
Artikel 18	Regeringsdiens
Artikel 19	Studente en Vakleerlinge
Artikel 20	Ander Inkomste
Artikel 21	Uitskakeling van Dubbelbelasting
Artikel 22	Beperking van Verligting
Artikel 23	Nie-diskriminasie
Artikel 24	Prosedure vir Onderlinge Ooreenkoms
Artikel 25	Uitruil van Inligting

Artikel 25A	Bystand met die Invordering van Belastings
Artikel 26	Lede van Diplomatieke of Permanente Missies en Konsulêre Poste
Artikel 27	Inwerkingtreding
Artikel 28	Opsegging

Aanhef.—Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland het, uit 'n begeerte om die ekonomiese bande tussen die twee lande te bevorder en te versterk deur die sluiting van 'n nuwe Konvensie vir die vermyding van dubbelbelasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste en op kapitaalwinste,

Soos volg ooreengekom:

ARTIKEL 1

Persone Gedek

Hierdie Konvensie is van toepassing op persone wat inwoners van een of van albei die Kontrakterende State is.

ARTIKEL 2

Belastings Gedek

1. Hierdie Konvensie is van toepassing op belastings op inkomste en op kapitaalwinste opgelê namens 'n Kontrakterende Staat of namens sy staatkundige onderafdelings, ongeag die wyse waarop dit gehef word.
2. As belastings op inkomste en op kapitaalwinste word geag alle belastings opgelê op totale inkomste, of op elemente van inkomste, met inbegrip van belastings op winste uit die vervreemding van roerende of onroerende eiendom.
3. Die bestaande belastings waarop hierdie Konvensie van toepassing is, is in die besonder:
 - (a) in die geval van Suid-Afrika:
 - (i) die normale belasting;
 - (ii) die sekondêre belasting op maatskappye; en
 - (iii) die terughoudingsbelasting op tantième; (hierna „Suid-Afrikaanse belasting” genoem);
 - (b) in die geval van die Verenigde Koninkryk:
 - (i) die inkomstebelasting;
 - (ii) die maatskappybelasting; en
 - (iii) die kapitaalwinstbelasting; (hierna „Verenigde Koninkryk-belasting” genoem).
4. Hierdie Konvensie is ook van toepassing op enige identiese of wesenlik soortgelyke belastings wat benewens, of in plaas van die bestaande belastings deur enigeen van die Kontrakterende State opgelê word na die datum van ondertekening van hierdie Konvensie. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet mekaar in kennis stel van enige noemenswaardige veranderinge wat aan hulle onderskeie belastingwette aangebring is.

ARTIKEL 3

Algemene Woordomsrywings

1. By die toepassing van hierdie Konvensie, tensy die samehang anders vereis:
 - (a) beteken die uitdrukking „Suid-Afrika” die Republiek van Suid-Afrika en, wanneer in geografiese verband gebruik, ook die territoriale waters daarvan asook enige deel buite die territoriale waters, met inbegrip van die kontinentale plat, wat ingevolge die reg van Suid-Afrika en ooreenkomstig die volkereg aangewys is of hierna aangewys word as ’n gebied waarbinne Suid-Afrika soewereine regte of jurisdiksie mag uitoefen;
 - (b) beteken die uitdrukking „Verenigde Koninkryk” Groot-Brittanje en Noord-Ierland, met inbegrip van enige deel buite die territoriale waters van die Verenigde Koninkryk wat ooreenkomstig die volkereg aangewys is of hierna aangewys word, ingevolge die reg van die Verenigde Koninkryk met betrekking tot die Kontinentale Plat, as ’n gebied waarbinne die regte van die Verenigde Koninkryk met betrekking tot die seebodem en ondergrond en hulle natuurlike hulpbronne uitgeoefen word;
 - (c) beteken die uitdrukkings „’n Kontrakterende Staat” en „die ander Kontrakterende Staat” Suid-Afrika of die Verenigde Koninkryk, na gelang die samehang vereis;
 - (d) beteken „besigheid” ook die uitvoering van professionele dienste en van ander bedrywighede van ’n onafhanklike aard;
 - (e) beteken die uitdrukking „maatskappy” enige regspersoon of enige entiteit wat vir belastingdoeleindes as regspersoon behandel word;
 - (f) beteken die uitdrukking „bevoegde owerheid”:
 - (i) in die geval van Suid-Afrika, die Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens of ’n gemagtigde verteenwoordiger; en
 - (ii) in die geval van die Verenigde Koninkryk, die Kommissaris van Binnelandse Inkomste of hulle gemagtigde verteenwoordiger;
 - (g) het die uitdrukking „onderneming” betrekking op die dryf van enige besigheid;
 - (h) beteken die uitdrukkings „onderneming van ’n Kontrakterende Staat” en „onderneming van die ander Kontrakterende Staat” onderskeidelik ’n onderneming gedryf deur ’n inwoner van ’n Kontrakterende Staat en ’n onderneming gedryf deur ’n inwoner van die ander Kontrakterende Staat;
 - (i) beteken die uitdrukking „internasionale verkeer” enige vervoer per skip of vliegtuig bedryf deur ’n onderneming van ’n Kontrakterende Staat, behalwe wanneer die skip of vliegtuig slegs tussen plekke in die ander Kontrakterende Staat bedryf word;
 - (j) beteken die uitdrukking „burger”:
 - (i) met betrekking tot Suid-Afrika, enige individu wat Suid-Afrikaanse burgerskap besit en enige regspersoon of vereniging wat sodanige status verkry uit die reg wat in Suid-Afrika van krag is; en
 - (ii) met betrekking tot die Verenigde Koninkryk, enige Britse burger, of enige Britse onderdaan wat nie burgerskap van enige ander Statebondland of gebied besit nie, mits sodanige burger of onderdaan die reg op verblyf in die Verenigde Koninkryk het; en enige regspersoon, vennootskap, vereniging of

enige ander entiteit wat sodanige status verkry uit die reg wat in die Verenigde Koninkryk van krag is;

- (k) sluit die uitdrukking „persoon” ook ’n individu, ’n maatskappy en enige ander liggaam van persone in en sluit nie ’n vennootskap in nie;

[Para. (k) gewysig deur Gk 52 van 2 Februarie 2012.]

- (l) beteken die uitdrukking „eiendomsbeleggingsmaatskappy”—

(i) in Suid-Afrika, ’n maatskappy wat, volgens ooreenkoms tussen die bevoegde owerhede, ooreenstem met ’n eiendomsbeleggingstrust; en

(ii) in die Verenigde Koninkryk, ’n eiendomsbeleggingstrust in die betekenis van „real estate investment trust” soos bedoel in artikel 103 van die „Finance Act, 2006”;

[Para. (l) ingevoeg deur Gk 52 van 2 Februarie 2012.]

- (m) beteken die uitdrukking „kwalifiserende dividend”—

(i) in Suid-Afrika, ’n dividend wat, volgens ooreenkoms tussen die bevoegde owerhede, betaal word uit inkomste uit eiendom wat van belasting vrygestel is; en

(ii) in die Verenigde Koninkryk, ’n dividend betaal uit inkomste wat van belasting vrygestel is soos bedoel in artikel 107 (8) van die „Finance Act, 2006”.

[Para. (m) ingevoeg deur Gk 52 van 2 Februarie 2012.]

2. Betreffende die toepassing te eniger tyd van die bepalinge van hierdie Konvensie deur ’n Kontrakterende Staat, het enige uitdrukking wat nie daarin omskryf is nie, tensy die samehang anders vereis, die betekenis wat ingevolge daardie Staat se reg op daardie tydstip daaraan geheg word vir doeleindes van die belastings waarop hierdie Konvensie van toepassing is, en geniet enige betekenis ingevolge die toepaslike belastingwette van daardie Staat voorrang bo die betekenis aan die uitdrukking gegee kragtens ander wette van daardie Staat.

ARTIKEL 4

Inwoning

1. Vir doeleindes van hierdie Konvensie beteken die uitdrukking „inwoner van ’n Kontrakterende Staat” enige persoon wat kragtens die wette van daardie Staat daarin belastingpligtig is uit hoofde van daardie persoon se domisilie, verblyf, plek van bestuur, plek van inlywing of enige ander soortgelyke kriterium, en ook daardie Staat en enige staatkundige onderafdeling of plaaslike owerheid daarvan.
2. Waar ’n individu uit hoofde van die bepalinge van paragraaf 1 van hierdie Artikel ’n inwoner van albei Kontrakterende State is, dan word daardie individu se status ooreenkomstig die volgende reëls bepaal:
- (a) die individu word geag ’n inwoner te wees uitsluitlik van die Kontrakterende Staat waarin ’n permanente tuiste tot die individu se beskikking is; indien ’n permanente tuiste in albei State tot die beskikking van die individu is, word die individu geag ’n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarmee die individu se persoonlike en ekonomiese betrekkinge die nouste is (tuiste van lewensbelange);

- (b) indien die uitsluitlike verblyfplek nie ingevolge die bepalings van subparagraaf (a) vasgestel kan word nie, word die individu geag 'n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarvan die individu 'n gebruikelike verblyfplek het;
 - (c) indien die individu 'n gebruikelike verblyfplek in albei Kontrakterende State het, of in geeneen van hulle nie, word die individu geag 'n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarvan die individu 'n burger is;
 - (d) indien die individu 'n burger van albei Kontrakterende State is, of van geeneen van hulle nie, beslis die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State die saak deur middel van onderlinge ooreenkoms.
3. Waar 'n ander persoon as 'n individu uit hoofde van die bepalings van paragraaf 1 van hierdie Artikel 'n inwoner van albei Kontrakterende State is, dan word dit geag 'n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarin die plek van die effektiewe bestuur daarvan geleë is.

ARTIKEL 5

Permanente Saak

1. Vir doeleindes van hierdie Konvensie beteken die uitdrukking „permanente saak” 'n vaste besigheidsplek waardeur die besigheid van 'n onderneming geheel en al of gedeeltelik gedryf word.
2. Die uitdrukking „permanente saak” sluit veral in:
 - (a) 'n plek van bestuur;
 - (b) 'n tak;
 - (c) 'n kantoor;
 - (d) 'n fabriek;
 - (e) 'n werkwinkel;
 - (f) 'n myn, 'n olie- of gasbron, 'n steengroef of enige ander plek van ontginning van natuurlike hulpbronne;
 - (g) 'n installasie of struktuur vir die eksplorاسie van natuurlike hulpbronne.
3. Eweneens omvat die uitdrukking „permanente saak”:
 - (a) 'n bouterrein, 'n konstruksie-, monteer- of installasieprojek of enige toesighoudende bedrywigheid met betrekking tot sodanige terrein of projek, maar slegs waar sodanige terrein, projek of bedrywigheid vir 'n tydperk van langer as twaalf maande voortduur;
 - (b) die verrigting van professionele dienste of ander bedrywigheede van 'n onafhanklike aard deur 'n individu, maar slegs waar daardie dienste of bedrywigheede binne 'n Kontrakterende Staat voortduur vir 'n tydperk of tydperke wat altesaam 183 dae in enige tydperk van twaalf maande, beginnende of eindigende in die betrokke fiskale jaar, te bowe gaan.
4. Ondanks die voorgaande bepalings van hierdie Artikel, word die uitdrukking „permanente saak” geag nie in te sluit nie:
 - (a) die gebruik van fasiliteite uitsluitlik met die doel om goedere of handelware wat aan die onderneming behoort, te berg, te vertoon of af te lewer;

- (b) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelware wat aan die onderneming behoort, uitsluitlik met die doel om dit te berg, te vertoon of af te lewer;
 - (c) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelware wat aan die onderneming behoort, uitsluitlik vir die doel van verwerking deur 'n ander onderneming;
 - (d) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik met die doel om vir die onderneming goedere of handelware aan te koop of om inligting in te win;
 - (e) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik met die doel om enige ander bedrywigheid wat van 'n voorlopige of bykomstige aard is, vir die onderneming te beoefen; en
 - (f) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik vir enige kombinasie van bedrywigheide in subparagraawe (a) tot (e) van hierdie paragraaf genoem, met dien verstande dat die algehele bedrywigheid van die vaste besigheidsplek wat spruit uit hierdie kombinasie van 'n voorlopige of bykomstige aard is.
5. Ondanks die bepalings van paragraaf 1 en 2 van hierdie Artikel, waar 'n ander persoon as 'n agent met onafhanklike status op wie paragraaf 6 van hierdie Artikel van toepassing is, namens 'n onderneming optree en magtiging het, en dit gewoonlik uitoefen, om in 'n Kontrakterende Staat kontrakte namens die onderneming te sluit, word daardie onderneming geag 'n permanente saak in daardie Staat te hê ten opsigte van enige bedrywigheide wat daardie persoon vir die onderneming onderneem, tensy die bedrywigheide van sodanige persoon beperk is tot dié in paragraaf 4 van hierdie Artikel genoem wat, indien dit deur middel van 'n vaste besigheidsplek uitgeoefen word, nie hierdie vaste besigheidsplek ingevolge die bepalings van daardie paragraaf 'n permanente saak sou maak nie.
 6. 'n Onderneming word nie geag 'n permanente saak in 'n Kontrakterende Staat te hê nie bloot omdat dit in daardie Staat besigheid dryf deur middel van 'n makelaar, algemene kommissie-agent of enige ander agent met onafhanklike status, met dien verstande dat sodanige persone in die gewone loop van hulle besigheid handel.
 7. Die feit dat 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, beheer het oor of beheer word deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, of wat in daardie ander Staat besigheid dryf (hetsy deur middel van 'n permanente saak of andersins), beteken nie op sigself dat enigeen van die maatskappye 'n permanente saak van die ander is nie.

ARTIKEL 6

Inkomste uit Onroerende Eiendom

1. Inkomste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat uit onroerende eiendom (met inbegrip van inkomste uit landbou of bosbou), wat geleë is in die ander Kontrakterende Staat, kan in daardie ander Staat belas word.
2. Die uitdrukking „onroerende eiendom” het die betekenis wat daaraan geheg word ingevolge die reg van die Kontrakterende Staat waarin die betrokke eiendom geleë is. Die uitdrukking sluit in ieder geval in eiendom bykomend by onroerende eiendom, lewende hawe en toerusting wat in landbou en bosbou gebruik word, regte waarop die bepalings van die algemene reg betreffende vaste eiendom van toepassing is, vruggebruik van onroerende eiendom en regte op wisselende of vaste betalings as vergoeding vir die ontginning of die

reg op die ontginning van mineraalafsettings, bronne en ander natuurlike hulpbronne. Skepe en vliegtuie word nie as onroerende eiendom beskou nie.

3. Die bepalings van paragraaf 1 van hierdie Artikel is van toepassing op inkomste verkry uit die regstreekse gebruik, verhuring of gebruik in enige ander vorm van onroerende eiendom.
4. Die bepalings van paragraaf 1 en 3 van hierdie Artikel is ook van toepassing op inkomste uit onroerende eiendom van 'n onderneming.

ARTIKEL 7

Besigheidswinste

1. Die winste van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat is slegs in daardie Staat belasbaar, tensy die onderneming in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak wat daarin geleë is. Indien die onderneming besigheid dryf soos gemeld, kan die winste van die onderneming in die ander Staat belas word, maar slegs soveel daarvan as wat aan daardie permanente saak toeskryfbaar is.
2. Behoudens die bepalings van paragraaf 3 van hierdie Artikel, waar 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak wat daarin geleë is, word daar in elke Kontrakterende Staat aan daardie permanente saak die winste toegeskryf wat dit na verwagting sou kon behaal indien dit 'n afsonderlike en aparte onderneming was wat met dieselfde of soortgelyke bedrywighede onder dieselfde of soortgelyke toestande besig is en geheel en al onafhanklik sake doen met die onderneming waarvan dit 'n permanente saak is.
3. By die vasstelling van die winste van 'n permanente saak, word uitgawes wat vir doeleindes van die permanente saak aangegaan word, insluitende bestuurs- en algemene administratiewe koste aldus aangegaan, as aftrekkings toegelaat hetsy in die Kontrakterende Staat waarin die permanente saak geleë is of elders.
4. Geen winste word aan 'n permanente saak toegeskryf uit hoofde van die blote aankoop deur daardie permanente saak van goedere of handelware vir die onderneming nie.
5. Vir doeleindes van die voorgaande paragrawe, word die winste wat aan die permanente saak toegeskryf moet word, jaar na jaar volgens dieselfde metode vasgestel, tensy daar goeie en afdoende rede vir die teendeel is.
6. Waar winste inkomste-items of kapitaalwinste insluit wat afsonderlik in ander Artikels van hierdie Konvensie behandel word, word die bepalings van daardie Artikels nie deur die bepalings van hierdie Artikel geraak nie.

ARTIKEL 8

Skeepvaart en Lugvervoer

1. Winste van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat uit die bedryf van skepe of vliegtuie in internasionale verkeer, is slegs in daardie Staat belasbaar.
2. Vir doeleindes van hierdie Artikel sluit winste uit die bedryf van skepe of vliegtuie in internasionale verkeer in:
 - (a) winste uit die verhuring sonder bemanning van skepe of vliegtuie; en
 - (b) winste uit die gebruik of verhuring van houers (met inbegrip van treilers en verwante toerusting vir die vervoer van houers) vir die vervoer van goedere of handelware; waar sodanige verhuring of sodanige gebruik of verhuring, na

gelang van die geval, bykomstig is by die bedryf van sodanige skepe of vliegtuie in internasionale verkeer.

3. Die bepalings van paragraaf 1 van hierdie Artikel is ook van toepassing op winste uit die deelname aan 'n winsdeling, 'n gesamentlike besigheid of 'n internasionale bedryfsagentskap, maar slegs op soveel van die winste aldus verkry as wat toegeskryf kan word aan die deelnemer in verhouding tot die deelnemer se aandeel in die gesamentlike onderneming.

ARTIKEL 9

Verwante Ondernemings

1. Waar—
 - (a) 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat regstreeks of onregstreeks aan die bestuur van, beheer oor of kapitaal van 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat deelneem, of
 - (b) dieselfde persone regstreeks of onregstreeks aan die bestuur van, beheer oor of kapitaal van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat en 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat deelneem, en voorwaardes in enigeen van die gevalle tussen die twee ondernemings met betrekking tot hulle handels- of finansiële betrekkinge gestel of opgelê word wat verskil van dié wat tussen onafhanklike ondernemings gestel sou word, kan enige winste wat by ontstentenis van daardie voorwaardes aan een van die ondernemings sou toegeval het, maar as gevolg van daardie voorwaardes nie aldus toegeval het nie, by die winste van daardie onderneming ingesluit en dienooreenkomstig belas word.
2. Waar 'n Kontrakterende Staat by die winste van 'n onderneming van daardie Staat winste insluit – en dit dienooreenkomstig belas – waarop 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat in daardie ander Staat belas is en die winste aldus ingesluit winste is wat aan die onderneming van eersgenoemde Staat sou toegeval het indien die voorwaardes tussen die twee ondernemings gestel, dieselfde sou gewees het as dié wat tussen onafhanklike ondernemings gestel sou gewees het, moet daardie ander Staat die bedrag van die belasting daarin op daardie winste gehef, toepaslik aanpas. By die vasstelling van sodanige aanpassing moet die ander bepalings van hierdie Konvensie behoorlik in ag geneem word en die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State mekaar, indien nodig, raadpleeg.

ARTIKEL 10

Dividende

[Artikel 10 vervang deur Gk 52 van 2 Februarie 2012.]

1. Dividende wat deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, betaal word aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat, kan deur daardie ander Staat belas word.
2. Sodanige dividende mag egter ook in die Kontrakterende Staat waarvan die dividendbetalende maatskappy 'n inwoner is, belas word ooreenkomstig die wette van daardie Staat, maar as die voordelige eienaar van die dividende 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, oorskry die belasting aldus gehef—

- (a) nie 5 persent van die bruto bedrag van die dividende nie, indien die voordelige eienaar 'n maatskappy is wat minstens 10 persent van die kapitaal van die dividendbetalende maatskappy hou; of
 - (b) nie 15 persent van die bruto bedrag van die dividende nie in die geval van kwalifiserende dividende betaal deur 'n eiendomsbeleggingsmaatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is; of
 - (c) nie 10 persent van die bruto bedrag van die dividende in alle ander gevalle nie.
3. Die uitdrukking „dividende” soos in hierdie Artikel gebruik, beteken inkomste uit aandele, of ander regte, wat nie skuldeise, winsdeling, of inkomste uit ander korporatiewe regte is nie wat onderhewig is aan dieselfde belastinghantering as inkomste uit aandele ooreenkomstig die wette van die Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy wat die uitkering doen, 'n inwoner is, en ook enige ander item wat, ingevolge die wette van die Kontrakterende Staat waarvan die dividendbetalende maatskappy 'n inwoner is, gehanteer word as 'n dividend of uitkering deur 'n maatskappy.
 4. Die bepalings van paragrawe 1 en 2 van hierdie Artikel is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die dividende wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat waarvan die dividendbetalende maatskappy 'n inwoner is, besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë, en die besit ten opsigte waarvan die dividende betaal word, effektief verbonde is met sodanige permanente saak. In sodanige geval is die bepalings van Artikel 7 van hierdie Konvensie van toepassing.
 5. Indien 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, winste of inkomste van die ander Kontrakterende Staat verkry, mag daardie ander Staat nie enige belasting hef op die dividende wat deur die maatskappy betaal word nie, behalwe in soverre sodanige dividende betaal word aan 'n inwoner van daardie ander Staat of in soverre die besit ten opsigte waarvan die dividende betaal word, effektief verbonde is met 'n permanente saak geleë in daardie ander Staat, en mag hy nie die maatskappy se onuitgekeerde winste onderwerp aan 'n belasting op onuitgekeerde winste nie, selfs al bestaan die dividende wat betaal word of die onuitgekeerde winste heeltemal of gedeeltelik uit winste of inkomste wat in sodanige ander Staat ontstaan.
 6. Die bepalings van hierdie Artikel is nie van toepassing nie indien die hoofdoelwit of een van die hoofdoelwitte van enige persoon betrokke by die skepping of toedeling van die aandele of ander regte ten opsigte waarvan die dividend betaal word, was om hierdie Artikel uit te buit deur middel van daardie skepping of toedeling.

ARTIKEL 11

Rente

1. Rente wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en betaal word aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat, is slegs in daardie ander Staat belasbaar, indien sodanige inwoner die voordelige eienaar van die rente is.
2. Die uitdrukking „rente” soos in hierdie Artikel gebruik, beteken inkomste uit alle soorte skuldeise, hetsy gesekureer deur verband al dan nie en hetsy dit 'n reg inhou om in die skuldenaar se winste te deel al dan nie en, in die besonder, inkomste uit staatseffekte en inkomste uit obligasies of skuldbriewe. Die uitdrukking „rente” beteken nie enige item wat as 'n dividend ingevolge die bepalings van Artikel 10 van hierdie Konvensie behandel word nie.

3. Die bepalings van paragraaf 1 van hierdie Artikel is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die rente, synde 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, in die ander Kontrakterende Staat waarin die rente ontstaan, besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë, en die skuldeis ten opsigte waarvan die rente betaal word, effektief verbonde is aan sodanige permanente saak. In sodanige geval is die bepalings van Artikel 7 van hierdie Konvensie van toepassing.
4. Waar, vanweë 'n besondere verband tussen die betaler en die voordelige eienaar of tussen hulle albei en 'n ander persoon, die bedrag van die rente betaal om watter rede ookal, die bedrag te bowe gaan waaroor die betaler en die voordelige eienaar by ontstentenis van sodanige verband sou ooreengekom het, is die bepalings van hierdie Artikel slegs op laasgenoemde bedrag van toepassing. In sodanige geval bly die oormatige deel van die betalings belasbaar ooreenkomstig die wette van elk van die Kontrakterende State, met behoorlike inagneming van die ander bepalings van hierdie Konvensie.
5. Die bepalings van hierdie Artikel is nie van toepassing nie indien dit die hoofdoelwit of een van die hoofdoelwitte was van enige persoon betrokke by die skepping of toedeling van die skuldeis ten opsigte waarvan die rente betaal word ten einde voordeel uit hierdie Artikel te trek deur middel van daardie skepping of toedeling.

ARTIKEL 12

Tantième

1. Tantième wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en betaal word aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat, is slegs in daardie ander Staat belasbaar, indien sodanige inwoner die voordelige eienaar van die tantième is.
2. Die uitdrukking „tantième” soos in hierdie Artikel gebruik, beteken betalings van enige aard ontvang as 'n vergoeding vir die gebruik van, of die reg op die gebruik van, enige kopiëreg van letterkundige, kuns- of wetenskaplike werk (met inbegrip van kinematograaffilms, en films, bande of skywe vir radio- of televisie-uitsending), enige patent, handelsmerk, ontwerp of model, plan, geheime formule of proses, of vir inligting (bedryfskundigheid) aangaande industriële, handels- of wetenskaplike ondervinding.
3. Die bepalings van paragraaf 1 van hierdie Artikel is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die tantième, synde 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, in die ander Kontrakterende Staat waarin die tantième ontstaan, besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë, en die reg of eiendom ten opsigte waarvan die tantième betaal word, effektief met sodanige permanente saak verbonde is. In sodanige geval is die bepalings van Artikel 7 van hierdie Konvensie van toepassing.
4. Waar, vanweë 'n besondere verband tussen die betaler en die voordelige eienaar of tussen hulle albei en 'n ander persoon, die bedrag van die tantième betaal om watter rede ookal, die bedrag te bowe gaan waaroor die betaler en die voordelige eienaar by ontstentenis van sodanige verband sou ooreengekom het, is die bepalings van hierdie Artikel slegs op laasgenoemde bedrag van toepassing. In sodanige geval bly die oormatige deel van die betalings belasbaar ooreenkomstig die wette van elk van die Kontrakterende State met behoorlike inagneming van die ander bepalings van hierdie Konvensie.
5. Die bepalings van hierdie Artikel is nie van toepassing nie indien dit die hoofdoelwit of een van die hoofdoelwitte was van enige persoon betrokke by die skepping of toedeling van die regte ten opsigte waarvan die tantième betaal word ten einde voordeel uit hierdie Artikel te trek deur middel van daardie skepping of toedeling.

ARTIKEL 13

Kapitaalwinste

1. Winste deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry uit die vervreemding van die onroerende eiendom in Afrikel 6 van hierdie Konvensie bedoel en wat geleë is in die ander Kontrakterende Staat, kan in daardie ander Staat belas word.
2. Winste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat uit die vervreemding van:
 - (a) ander aandele, as aandele op 'n goedgekeurde Effektebeurs genoteer, wat hulle waarde of die groter deel van hulle waarde regstreeks of onregstreeks verkry uit onroerende eiendom wat in die ander Kontrakterende Staat geleë is, of
 - (b) 'n beland in 'n vennootskap of trust waarvan die bates hoofsaaklik bestaan uit onroerende eiendom wat in die ander Kontrakterende Staat geleë is, of uit aandele bedoel in subparagraaf (a) van hierdie paragraaf, kan in daardie ander Staat belas word.
3. Winste uit die vervreemding van roerende eiendom wat deel uitmaak van die besigheidseiendom van 'n permanente saak wat 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het, met inbegrip van sodanige winste uit die vervreemding so 'n permanente saak (alleen of tesame met die onderneming in sy geheel), kan in daardie ander Staat belas word.
4. Winste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat uit die vervreemding van skepe of vliegtuie bedryf in internasionale verkeer deur 'n onderneming van daardie Kontrakterende Staat of roerende eiendom wat betrekking het op die bedryf van sodanige skepe of vliegtuie, is slegs in daardie Kontrakterende Staat belasbaar.
5. Winste uit die vervreemding van enige ander eiendom as dié bedoel in paragraaf 1, 2, 3 en 4 van hierdie Artikel is slegs belasbaar in die Kontrakterende Staat waarvan die vervreemder 'n inwoner is.
6. Die bepalings van paragraaf 5 van hierdie Artikel raak nie die reg van 'n Kontrakterende Staat om ingevolge sy reg 'n belasting te hef op kapitaalwinste uit die vervreemding van enige eiendom verkry deur 'n individu wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is en wat te eniger tyd gedurende die ses jaar wat die vervreemding van die eiendom onmiddellik voorafgaan, 'n inwoner van die eersgenoemde Kontrakterende Staat was indien die eiendom deur daardie individu gehou was, of deur die gade van daardie individu, voordat daardie individu 'n inwoner van daardie ander Staat geword het.

ARTIKEL 14

Inkomste uit 'n Diensbetrekking

1. Behoudens die bepalings van Artikel 15, 17 en 18 van hierdie Konvensie is salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat ten opsigte van 'n diensbetrekking verkry, slegs in daardie Staat belasbaar, tensy die diensbetrekking in die ander Kontrakterende Staat beoefen word. Indien die diensbetrekking aldus beoefen word, kan sodanige besoldiging as wat daaruit verkry word, in daardie ander Staat belas word.
2. Ondanks die bepalings van paragraaf 1 van hierdie Artikel is besoldiging verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat ten opsigte van 'n diensbetrekking beoefen in die ander Kontrakterende Staat, slegs in eersgenoemde Staat belasbaar indien:

- (a) die ontvanger in die ander Staat teenwoordig is vir 'n tydperk of tydperke wat altesaam nie 183 dae in enige tydperk van twaalf maande, beginnende of eindigende in die betrokke fiskale jaar, te bowe gaan nie, en
 - (b) die besoldiging betaal word deur of namens 'n werkgewer wat nie 'n inwoner van die ander Staat is nie, en
 - (c) die besoldiging nie gedra word deur 'n permanente saak wat die werkgewer in die ander Staat het nie.
3. Ondanks die voormelde bepalings van hierdie Artikel kan besoldiging verkry ten opsigte van 'n diensbetrekking beoefen aan boord van 'n skip of vliegtuig bedryf in internasionale verkeer, belas word in die Kontrakterende Staat waarvan die onderneming wat die skip of vliegtuig bedryf, 'n inwoner is.

ARTIKEL 15 *Direkteursgelde*

Direkteursgelde en ander soortgelyke betalings verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat in daardie persoon se hoedanigheid van lid van die direksie van 'n maatskappy wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, kan in daardie ander Staat belas word.

ARTIKEL 16 *Verhoogkunstenaars en Sportpersone*

1. Ondanks die bepalings van Artikel 7 en 14 van hierdie Konvensie kan inkomste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat as 'n verhoogkunstenaar, soos 'n teater-, rolprent-, radio- of televisie-arties, of 'n musikant, of as 'n sportpersoon, uit daardie persoon se persoonlike bedrywighede as sodanig, wat in die ander Kontrakterende Staat beoefen word, in daardie ander Staat belas word.
2. Waar inkomste ten opsigte van persoonlike bedrywighede wat deur 'n verhoogkunstenaar of 'n sportpersoon in dié hoedanigheid beoefen, nie aan die verhoogkunstenaar of sportpersoon self toeval nie, maar aan 'n ander persoon, kan daardie inkomste ondanks die bepalings van Artikel 7 en 14 van hierdie Konvensie belas word in die Kontrakterende Staat waarin die bedrywighede van die verhoogkunstenaar of sportpersoon beoefen word.
3. Die bepalings van paragraaf 1 en 2 van hierdie Artikel is nie van toepassing nie op inkomste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat uit bedrywighede beoefen in die ander Kontrakterende Staat, soos beoog in paragraaf 1 en 2 van hierdie Artikel, indien die besoek aan daardie ander Staat geheel en al of hoofsaaklik ondersteun word deur openbare fondse van die eersgenoemde Kontrakterende Staat, 'n staatkundige onderafdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan, of plaasvind ingevolge 'n kulturele ooreenkoms of reëling tussen die Regerings van die Kontrakterende State. In sodanige geval is die inkomste slegs in eersgenoemde Kontrakterende Staat belasbaar.

ARTIKEL 17 *Pensioene en Annuïteite*

1. Behoudens die bepalings van paragraaf 2 van Artikel 18 van hierdie Konvensie is:
 - (a) pensioene en ander soortgelyke besoldiging betaal as vergoeding vir eertydse diensbetrekking, en

- (b) enige annuïteit betaal, aan 'n individu wat 'n inwoner is van 'n Kontrakterende Staat slegs in daardie Staat belasbaar.
2. Die uitdrukking „annuïteit” beteken 'n vermelde bedrag betaalbaar aan 'n individu periodiek op vermelde tye gedurende lewe of gedurende 'n gespesifiseerde of vasstelbare tydperk ingevolge 'n verpligting om die betalings te doen in ruil vir voldoende en volle vergoeding in geld of geldwaarde.
 3. (a) Bydraes deur 'n individu in 'n diensbetrekking in 'n Kontrakterende Staat, tot 'n pensioenskema ingestel in en vir belastingdoeleindes erken in die ander Kontrakterende Staat, word in die eersgenoemde Staat afgetrek by die vasstelling van die individu se belasbare inkomste en word in daardie Staat behandel op dieselfde wyse en onderworpe aan dieselfde voorwaardes en beperkinge as bydraes gemaak aan 'n pensioenskema wat vir belastingdoeleindes erken word in daardie eersgenoemde Staat, met dien verstande dat:
 - (i) die individu nie 'n inwoner van daardie Staat was nie, en tot die pensioenskema bygedra het, of tot 'n ander pensioenskema waardeur dit vervang is, onmiddellik voordat daardie individu 'n diensbetrekking in daardie Staat begin beoefen het; en
 - (ii) die pensioenskema deur die bevoegde owerheid van daardie Staat aanvaar word as oor die algemeen ooreen te stem met 'n pensioenskema deur daardie Staat vir belastingdoeleindes as sodanig verkry.
 - (b) Bydraes tot 'n pensioenskema bedoel in subparagraaf (a) van hierdie paragraaf deur die onderneming wat die besoldiging van daardie individu betaal, word nie as die belasbare inkomste van daardie individu behandel nie en word as 'n aftrekking toegelaat by die vasstelling van die winste van die onderneming.
 - (c) By die toepassing van subparagraaf (a) van hierdie paragraaf:
 - (i) beteken die uitdrukking „'n pensioenskema” 'n reëling waarin die individu deelneem ten einde aftreevoordele te beveilig wat betaalbaar is ten opsigte van die diensbetrekking verwys na in subparagraaf (a); en
 - (ii) word 'n pensioenskema in 'n Staat vir belastingdoeleindes erken indien die bydraes tot die skema in daardie Staat vir belastingverligting sou kwalifiseer.

ARTIKEL 18

Regeringsdiens

1. (a) Salarisse, lone en soortgelyke besoldiging, uitgesonderd 'n pensioen, betaal deur 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderafdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan aan 'n individu ten opsigte van dienste gelewer aan daardie Staat of onderafdeling of owerheid is slegs in daardie Staat belasbaar.
- (b) Ondanks die bepalinge van subparagraaf (a) van hierdie paragraaf is sodanige salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging egter slegs in die ander Kontrakterende Staat belasbaar indien die dienste in daardie Staat gelewer word en die individu 'n inwoner van daardie Staat is wat:
 - (i) 'n burger van daardie Staat is; of
 - (ii) nie 'n inwoner van daardie Staat geword het met die uitsluitlike doel om die dienste te lewer nie.

2. (a) Enige pensioen betaal deur of uit fondse geskep deur 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderafdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan aan 'n individu ten opsigte van dienste gelewer aan daardie Staat of onderafdeling of owerheid, is slegs in daardie Staat belasbaar.
- (b) Ondanks die bepalings van subparagraaf (a) van hierdie paragraaf is sodanige pensioen slegs in die ander Kontrakterende Staat belasbaar indien die individu 'n inwoner en 'n burger van daardie Staat is.
3. Die bepalings van Artikel 14, 15, 16 en 17 van hierdie Konvensie is van toepassing op salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging, en op pensioene, ten opsigte van dienste gelewer in verband met 'n besigheid wat deur 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderafdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan gedryf word.

ARTIKEL 19

Studente en Vakleerlinge

'n Student of vakleerling wat in 'n Kontrakterende Staat teenwoordig is uitsluitlik vir die doel van daardie student of vakleerling se onderrig of opleiding en wat 'n inwoner is, of onmiddellik voor sodanige teenwoordigheid 'n inwoner was, van die ander Kontrakterende Staat, is in eersgenoemde Staat vrygestel van belasting op betalings ontvang van buite daardie eersgenoemde Staat vir die doel van daardie student of vakleerling se onderhoud, onderrig of opleiding.

ARTIKEL 20

Ander Inkomste

1. Inkomste-items van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, waar dit ook al ontstaan, wat nie in die voormelde Artikels van hierdie Konvensie behandel is nie, is slegs in daardie Staat belasbaar.
2. Die bepalings van paragraaf 1 van hierdie Artikel is nie van toepassing op inkomste nie, behalwe inkomste uit onroerende eiendom soos in paragraaf 2 van Artikel 6 van hierdie Konvensie omskryf, indien die ontvanger van sodanige inkomste, synde 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë, en die reg of eiendom ten opsigte waarvan die inkomste betaal word, effektief verbonde is aan sodanige permanente saak. In sodanige geval is die bepalings van Artikel 7 van hierdie Konvensie van toepassing.
3. Ondanks die bepalings van paragraaf 1 en 2 kan inkomste-items van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat wat nie in die voorgaande Artikels van hierdie Konvensie behandel is nie en in die ander Kontrakterende Staat ontstaan, ook in daardie ander Staat belas word.

ARTIKEL 21

Uitskakeling van Dubbelbelasting

1. Behoudens die bepalings van die reg van Suid-Afrika betreffende die aftrekking vanaf belasting betaalbaar in Suid-Afrika van belasting betaalbaar in enige ander land as Suid-Afrika, moet Verenigde Koninkryk-belasting betaal deur inwoners van Suid-Afrika ten opsigte van inkomste belasbaar in die Verenigde Koninkryk, ooreenkomstig die bepalings van hierdie Konvensie afgetrek word van die belastings verskuldig ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse fiskale reg. Sodanige aftrekking mag egter nie 'n bedrag te bowe gaan wat tot die totale Suid-Afrikaanse belasting betaalbaar in dieselfde verhouding staan as wat die betrokke inkomste tot die totale inkomste staan.

2. Behoudens die bepalings van die reg van die Verenigde Koninkryk betreffende die toestaan as 'n krediet teen Verenigde Koninkryk-belasting van belasting betaalbaar in 'n gebied buite die Verenigde Koninkryk (wat nie die algemene beginsel hiervan sal raak nie):
 - (a) word Suid-Afrikaanse belasting, betaalbaar ingevolge die wette van Suid-Afrika en ingevolge hierdie Konvensie, hetsy regstreeks of deur aftrekking, op winste, inkomste of belasbare winste uit bronne binne Suid-Afrika (uitgesluit in die geval van 'n dividend, belasting betaalbaar ten opsigte van die winste waaruit die dividend betaal word) as 'n krediet toegelaat teen enige Verenigde Koninkryk-belasting bereken met betrekking tot dieselfde winste, inkomste of belasbare winste ten opsigte waarvan die Suid-Afrikaanse belasting bereken word;
 - (b) in die geval van 'n dividend betaal deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van Suid-Afrika is aan 'n maatskappy wat 'n inwoner van die Verenigde Koninkryk is en wat regstreeks of onregstreeks ten minste 10 persent van die stemkrag in die maatskappy wat die dividend betaal, beheer, moet die krediet die Suid-Afrikaanse belasting in ag neem wat betaalbaar is (benewens enige Suid-Afrikaanse belasting waarvoor krediet ingevolge die bepalings van subparagraaf (a) van hierdie paragraaf toegelaat word) deur die maatskappy ten opsigte van die winste waaruit sodanige dividend betaal word.
3. Vir doeleindes van paragraaf 2 van hierdie Artikel word winste, inkomste en kapitaalwinste besit deur 'n inwoner van die Verenigde Koninkryk wat in Suid-Afrika ingevolge hierdie Konvensie belas kan word, geag uit bronne in Suid-Afrika te ontstaan.

ARTIKEL 22

Beperking van Verligting

Waar enige inkomste of winste in 'n Kontrakterende Staat ingevolge enige bepaling van hierdie Konvensie van belasting vrygestel word en 'n persoon ingevolge die reg van krag in die ander Kontrakterende Staat 'n persoon, ten opsigte van daardie inkomste of daardie winste, aan belasting onderworpe is met betrekking tot die bedrag daarvan wat oorgemaak is aan of ontvang is in daardie ander Kontrakterende Staat en nie met betrekking tot die volle bedrag daarvan nie, dan is die verligting wat ingevolge hierdie Konvensie in die eersgenoemde Staat toegelaat moet word, slegs van toepassing op soveel van die inkomste of winste as wat in die ander Kontrakterende Staat belas word.

ARTIKEL 23

Nie-diskriminasie

1. Burgers van 'n Kontrakterende Staat mag nie in die ander Kontrakterende Staat onderwerp word aan enige belasting of enige vereiste in verband daarmee, wat anders is of swaarder druk as die belasting en die daaraan verbonde vereistes waaraan burgers van daardie ander Staat onder dieselfde omstandighede, veral met betrekking tot verblyf, onderworpe is of onderwerp kan word nie.
2. Die belasting op 'n permanente saak wat 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het, word nie in daardie ander Staat op 'n minder gunstige wyse gehef as die belasting wat gehef word op ondernemings van daardie ander Staat wat dieselfde bedrywighede beoefen nie.
3. Uitgesonderd waar die bepalings van paragraaf 1 van Artikel 9, paragraaf 4 of 5 van Artikel 11, of paragraaf 4 of 5 van Artikel 12 van hierdie Konvensie van toepassing is, is rente, tantième en ander uitbetalings betaal deur 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat aan

'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat, vir doeleindes van die vasstelling van die belasbare winste van sodanige onderneming, aftrekbaar onder dieselfde voorwaardes asof dit aan 'n inwoner van eersgenoemde Staat betaal was.

4. Ondernemings van 'n Kontrakterende Staat waarvan die kapitaal regstreeks of onregstreeks deur een of meer inwoners van die ander Kontrakterende Staat ten volle of gedeeltelik besit of beheer word, mag nie in eersgenoemde Staat onderwerp word aan enige belasting of enige vereiste in verband daarmee wat anders is of swaarder druk as die belasting en die daaraan verbonde vereistes waaraan ander soortgelyke ondernemings van eersgenoemde Staat onderworpe is of onderwerp kan word nie.
5. Niks in hierdie Artikel mag uitgelê word nie as sou dit enigeen van die Kontrakterende State verplig om aan individue wat nie in daardie Staat woonagtig is nie, enige van die persoonlike kortings, verligtings en verminderings vir belastingdoeleindes toe te staan wat toegestaan word aan individue aldus woonagtig nie.
6. Niks in hierdie Artikel verhoed Suid-Afrika daarvan om op die winste wat toegeskryf kan word aan 'n permanente saak in Suid-Afrika, van 'n maatskappy wat 'n inwoner van die Verenigde Koninkryk is, 'n belasting te hef teen 'n koers wat nie die koers van normale belasting op maatskappye met meer as vyf persentasiepunte te bowe gaan nie.
7. Die bepalings van hierdie Artikel is van toepassing op die belastings waarvoor hierdie Konvensie handel.

ARTIKEL 24

Prosedure vir Onderlinge Ooreenkoms

1. Waar 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat van mening is dat die optrede van een van of van beide die Kontrakterende State tot gevolg het of tot gevolg sal hê dat daardie persoon nie ooreenkomstig die bepalings van hierdie Konvensie belas word nie, kan daardie persoon, ongeag die regsmiddels waarvoor die landsreg van daardie State voorsiening maak, 'n saak stel aan die bevoegde owerheid van die Kontrakterende Staat waarvan die persoon 'n inwoner is of, indien die saak onder paragraaf 1 van Artikel 23 van hierdie Konvensie ressorteer, aan dié van die Kontrakterende Staat waarvan die persoon 'n burger is.
2. Die bevoegde owerheid moet, indien die beswaar vir hom geregverdig voorkom en indien daar nie self 'n geskikte oplossing gevind kan word nie, probeer om die saak deur onderlinge ooreenkoms met die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat te besleg ten einde belasting te vermy wat nie in ooreenstemming met hierdie Konvensie is nie.
3. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet probeer om enige probleme of twyfel wat in verband met die vertolking of toepassing van die Konvensie ontstaan, deur onderlinge ooreenkoms uit die weg te ruim. Hulle kan mekaar ook raadpleeg met die oog op die uitskakeling van dubbele belasting in gevalle waarvoor daar nie in hierdie Konvensie voorsiening gemaak word nie.
4. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State kan regstreeks met mekaar kommunikeer met die doel om tot 'n ooreenkoms te geraak soos in die voorgaande paragrawe beoog.

ARTIKEL 25
Uitruil van Inligting

[Artikel 25 vervang deur Gk 52 van 2 Februarie 2012.]

1. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State ruil sodanige inligting uit as wat voorsienbaar tersaaklik is vir die uitvoering van die bepalings van hierdie Konvensie of by die toepassing of afdwinging van die landsreg van die Kontrakterende State met betrekking tot belastings van elke soort of beskrywing wat gehef word ten behoeve van die Kontrakterende State of van hulle staatkundige onderverdelings, in soverre die belasting daarkragtens nie strydig met die Konvensie is nie. Die uitruil van inligting word nie beperk deur Artikels 1 en 2 van die Konvensie nie.
2. Enige inligting ingevolge paragraaf 1 van hierdie Artikel deur 'n Kontrakterende Staat ontvang, word as geheim gehanteer op dieselfde wyse as inligting wat ingevolge die landsreg van daardie Staat verkry word, en word slegs bekendgemaak aan persone of owerhede (met inbegrip van howe en administratiewe liggame) wat gemoeid is met die aanslag of invordering van, die afdwinging van of vervolging in verband met, of die beslissing van appèlle rakende die belastings in paragraaf 1 bedoel, of met toesig oor voornoemde. Sodanige persone of owerhede mag die inligting slegs vir sodanige doeleindes gebruik. Hulle mag die inligting in openbare hofverrigtinge of in regterlike beslissings openbaar maak.
3. In geen geval word die bepalings van paragrawe 1 en 2 so uitgelê nie dat dit 'n verpligting op 'n Kontrakterende Staat lê om—
 - (a) administratiewe maatreëls toe te pas wat in stryd is met die wette en administratiewe praktyk van daardie of die ander Kontrakterende Staat;
 - (b) inligting te verskaf wat nie kragtens die wette of in die gewone loop van die administrasie van daardie of die ander Kontrakterende Staat bekombaar is nie;
 - (c) inligting te verskaf wat enige handels-, sake-, nywerheids-, kommersiële of beroepsgeheim of handelsproses sou openbaar maak, of inligting te verskaf waarvan die openbaarmaking strydig met openbare beleid sou wees.
4. Indien inligting ooreenkomstig hierdie Artikel deur 'n Kontrakterende Staat aangevra word, gebruik die ander Kontrakterende Staat sy eie inligtinginsamelingsmaatreëls om die aangevraagde inligting te bekom, selfs al het daardie ander Staat nie sodanige inligting vir sy eie belastingsdoeleindes nodig nie. Die verpligting vervat in die voorafgaande sin is onderworpe aan die beperkings van paragraaf 3 van hierdie Artikel, maar daardie beperkings word in geen geval so uitgelê dat dit 'n Kontrakterende Staat toelaat om die verskaffing van inligting van die hand te wys bloot omdat hy geen huishoudelike belang by sodanige inligting het nie.
5. In geen geval word die bepalings van paragraaf 3 van hierdie Artikel so uitgelê nie dat dit 'n Kontrakterende Staat toelaat om die verskaffing van inligting van die hand te wys bloot omdat die inligting gehou word deur 'n bank, 'n ander finansiële instelling, of 'n genomineerde of persoon wat in 'n volmag- of vertrouenshoedanigheid optree, of omdat dit op eienaarsbelange in 'n persoon betrekking het.

ARTIKEL 25A

Bystand met die Invordering van Belastings

[Artikel 25A ingevoeg deur Gk 52 van 2 February 2012.]

1. Die Kontrakterende State verleen aan mekaar bystand met die invordering van inkomste-eise. Hierdie bystand word nie deur Artikels 1 en 2 van hierdie Konvensie beperk nie. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State kan by onderlinge ooreenkoms die wyse van toepassing van hierdie Artikel bepaal.
2. Die uitdrukking „inkomste-eis” soos in hierdie Artikel gebruik, beteken ’n bedrag wat verskuldig is ten opsigte van belastings van elke soort en beskrywing wat namens die Kontrakterende State of hulle staatkundige onderverdelings of plaaslike owerhede gehef is, in soverre die belasting daarkragtens nie strydig is nie met die Konvensie of enige ander instrument waarby die Kontrakterende State partye is, asook rente, administratiewe boetes en die koste van invordering of bewaring rakende sodanige bedrag.
3. Wanneer ’n inkomste-eis van ’n Kontrakterende Staat in daardie Staat regtens afdwingbaar is en verskuldig is deur ’n persoon wat op daardie tyd nie ingevolge die reg van daardie Staat die invordering kan verhoed nie, moet daardie inkomste-eis op versoek van die bevoegde owerheid van daardie Staat aanvaar word vir doeleindes van invordering deur die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat. Daardie inkomste-eis word deur daardie ander Kontrakterende Staat ingevorder ooreenkomstig die bepalinge van sy wette betreffende die afdwinging en invordering van sy eie belastings asof die inkomste-eis ’n inkomste-eis van daardie ander Staat was.
4. Wanneer ’n inkomste-eis van ’n Kontrakterende Staat ’n eis is ten opsigte waarvan daardie Staat kragtens sy reg bewaringsmaatreëls kan tref ten einde die invordering daarvan te verseker, moet daardie inkomste-eis op versoek van die bevoegde owerheid van daardie Staat aanvaar word vir doeleindes van die tref van bewaringsmaatreëls deur die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat. Daardie ander Staat tref bewaringsmaatreëls betreffende daardie inkomste-eis ooreenkomstig die bepalinge van sy wette asof die inkomste-eis ’n inkomste-eis van daardie ander Staat was, selfs al is die inkomste-eis ten tyde van die toepassing van die maatreëls nie in eersgenoemde Staat afdwingbaar nie of verskuldig deur ’n persoon wat ’n reg het om die invordering daarvan te verhoed.
5. Ondanks die bepalinge van paragrawe 3 en 4 van hierdie Artikel, is ’n inkomste-eis aanvaar deur ’n Kontrakterende Staat vir doeleindes van paragrawe 3 en 4, nie in daardie Staat onderworpe aan dieselfde tydsbeperkings of voorrang van toepassing op ’n inkomste-eis kragtens die wette van daardie Staat vanweë die aard daarvan as sodanig nie. Daarbenewens geniet ’n inkomste-eis wat vir doeleindes van paragrawe 3 en 4 deur ’n Kontrakterende Staat aanvaar is, nie in daardie Staat enige voorrang wat ingevolge die wette van die ander Kontrakterende Staat op daardie inkomste-eis van toepassing is nie.
6. Verrigtinge met betrekking tot die bestaan, geldigheid of bedrag van ’n inkomste-eis van ’n Kontrakterende Staat word nie in die howe of administratiewe liggame van die ander Kontrakterende Staat ingestel nie.
7. Indien die betrokke inkomste-eis, te eniger tyd nadat ’n versoek kragtens paragraaf 3 of 4 van hierdie Artikel deur ’n Kontrakterende Staat gerig is en voordat die ander Kontrakterende Staat die inkomste-eis ingevorder en aan eersgenoemde Staat geremitteer het, ophou om—
 - (a) in die geval van ’n versoek kragtens paragraaf 3, ’n inkomste-eis van eersgenoemde Staat te wees wat regtens in daardie Staat afdwingbaar is en

verskuldig is deur 'n persoon wat op daardie tyd nie ingevolge die reg van daardie Staat die invordering kan verhoed nie; of

- (b) in die geval van 'n versoek kragtens paragraaf 4, 'n inkomste-eis van eersgenoemde Staat te wees ten opsigte waarvan daardie Staat kragtens sy reg bewaringsmaatreëls kan tref ten einde die invordering daarvan te verseker,

moet die bevoegde owerheid van eersgenoemde Staat onverwyld die bevoegde owerheid van die ander Staat van daardie feit in kennis stel en, volgens die keuse van die ander Staat, moet eersgenoemde Staat sy versoek óf opskort óf terugtrek.

8. In geen geval word die bepalings van hierdie Artikel so uitgelê nie dat dit 'n Kontrakterende Staat die verpligting oplê om—

- (a) administratiewe maatsreëls toe te pas wat strydig is met die wette en administratiewe praktyk van daardie of die ander Kontrakterende Staat;
- (b) maatreëls toe te pas wat strydig met openbare beleid sal wees;
- (c) bystand te verleen as die ander Kontrakterende Staat nie alle redelike maatreëls vir invordering of bewaring, na gelang van die geval, wat kragtens sy wette of administratiewe praktyk beskikbaar is, aangewend getref het nie;
- (d) bystand te verleen in die gevalle waar die administratiewe las vir daardie Staat klaarblyklik buite verhouding is tot die voordeel wat die ander Kontrakterende Staat daaruit kan kry;
- (e) bystand te verleen indien daardie Staat oortuig is dat die belastings met betrekking waartoe bystand versoek word, opgelê word in stryd met algemeen aanvaarde belastingbeginsels.

ARTIKEL 26

Lede van Diplomatieke of Permanente Missies en Konsulêre Poste

1. Niks in hierdie Konvensie raak die fiskale voorregte van lede van diplomatieke of permanente missies of konsulêre poste ingevolge die algemene reëls van die volkereg of ingevolge die bepalings van spesiale ooreenkomste nie.
2. Ondanks die bepalings van paragraaf 1 van Artikel 4 van hierdie Konvensie, word 'n individu wat 'n lid is van 'n diplomatieke of permanente missie of konsulêre pos van 'n Kontrakterende Staat of van enige derde Staat wat in die ander Kontrakterende Staat geleë is of wat 'n amptenaar van 'n internasionale organisasie is, en enige lid van die familie van so 'n individu, word by die toepassing van hierdie Konvensie nie geag 'n inwoner van die ander Staat te wees nie indien die individu onderhewig is aan belasting op inkomste of op kapitaalwinste in daardie ander Staat slegs indien die individu inkomste of kapitaalwinste uit bronne daarin verkry.

ARTIKEL 27

Inwerkingtreding

1. Elkeen van die Kontrakterende State stel die ander in kennis, deur middel van die diplomatieke kanaal, van die afhandeling van die prosedures wat ingevolge elkeen se reg vereis word om hierdie Konvensie in werking te stel. Hierdie Konvensie tree in werking op die datum van ontvangs van die laaste van hierdie kennisgewings en is daarna van toepassing:
 - (a) in Suid-Afrika:

- (i) met betrekking tot belastings wat by die bron teruggehou word, ten opsigte van bedrae betaal of gekrediteer op of na 1 Januarie eersvolgende op die datum waarop hierdie Konvensie in werking tree; en
 - (ii) met betrekking tot ander belastings, ten opsigte van belasbare jare beginnende op of na 1 Januarie eersvolgende op die datum waarop hierdie Konvensie in werking tree;
- (b) in die Verenigde Koninkryk:
- (i) ten opsigte van inkomstebelasting en kapitaalwinstbelasting, vir enige jaar van aanslag beginnende op of na 6 April in die kalenderjaar eersvolgende op dié waarin hierdie Konvensie in werking tree;
 - (ii) ten opsigte van maatskappybelasting, vir enige finansiële jaar beginnende op of na 1 April in die kalenderjaar eersvolgende op dié waarin hierdie Konvensie in werking tree.
2. Die Konvensie tussen die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland wat op 21 November 1968 in Londen onderteken is, word opgesê en is nie meer van krag nie ten opsigte van belastings waarop hierdie Konvensie van toepassing is ingevolge die bepalinge van paragraaf 1 van hierdie Artikel.

ARTIKEL 28

Opsegging

Hierdie Konvensie bly van krag totdat dit deur een van die Kontrakterende State opgesê word. Enigeen van die Kontrakterende State kan hierdie Konvensie deur middel van die diplomatieke kanaal opsê deur minstens ses maande voor die einde van enige kalenderjaar beginnende na die verstryking van vyf jaar vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Konvensie skriftelik kennis van opsegging te gee. In sodanige geval is hierdie Konvensie nie meer van krag nie:

- (a) in Suid-Afrika:
- (i) met betrekking tot belastings wat by die bron teruggehou word, ten opsigte van bedrae betaal of gekrediteer na die einde van die kalenderjaar waarin sodanige kennis gegee is; en
 - (ii) met betrekking tot ander belastings, ten opsigte van belasbare jare beginnende na die einde van die kalenderjaar waarin sodanige kennis gegee is;
- (b) in die Verenigde Koninkryk:
- (i) ten opsigte van inkomstebelasting en kapitaalwinstbelasting, vir enige jaar van aanslag beginnende op of na 6 April in die kalenderjaar eersvolgende op dié waarin kennis gegee is;
 - (ii) ten opsigte van maatskappybelasting, vir enige finansiële jaar beginnende op of na 1 April in die kalenderjaar eersvolgende op dié waarin kennis gegee is.

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekendes, behoorlik daartoe gemagtig deur hul onderskeie Regerings, hierdie Konvensie onderteken het.

GEDOEN in tweevoud, te Londen, op hede die 4de dag van Julie 2002.

T. A. MANUEL

**NAMENS DIE REGERING VAN DIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

G. BROWN

**NAMENS DIE REGERING VAN DIE
VERENIGDE KONINKRYK VAN GROOT-
BRITTANJE EN NOORD-IERLAND**

Londen

4 Julie 2002

Eksellensie

Ek het die eer om te verwys na die Konvensie tussen die Regering van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland en die Regering van die Republiek van Suid-Afrika vir die Vermyding van Dubbele Belasting en die Voorkoming van Fiskale Ontduiking met betrekking tot Belasting op Inkomste en op Kapitaalwinste wat vandag onderteken, en om namens die Regering van die Verenigde Koninkryk die volgende voorstel te maak:

Artikel 2 (Belastings Gedek) paragraaf 3.

Daar word verstaan dat die sekondêre belasting op maatskappye 'n belasting betaalbaar op die winste van Suid-Afrikaanse maatskappye is en die toestaan as 'n krediet vir hierdie belasting teen Verenigde Koninkryk-belasting bepaal moet word ooreenkomstig die bepalings van subparagraaf (b) van paragraaf 2 van Artikel 21 van die Konvensie.

Indien die voorgaande voorstel aanvaarbaar is vir die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, het ek die eer om voor te stel dat die huidige Nota en u Eksellensie se antwoord te dien effekte beskou moet word as deel uit te maak van 'n ooreenkoms tussen die twee Regerings in hierdie aangeleentheid, wat terselfdertyd in werking sal tree as die inwerkingtreding van die Konvensie.

Ek maak van hierdie geleentheid gebruik om aan u Eksellensie die versekering van my hoogste agting te bied.

(Geteken) G BROWN

Eksellensie

Ek het die eer om ontvangs te erken van u Eksellensie se Nota gedateer 4 Julie 2002 wat soos volg lees:

„Ek het die eer om te verwys na die Konvensie tussen die Regering van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland en die Regering van die Republiek van Suid-Afrika vir die Vermyding van Dubbele Belasting en die Voorkoming van Fiskale Ontduiking met betrekking tot Belasting op Inkomste en op Kapitaalwinste wat vandag onderteken is, en om namens die Regering van die Verenigde Koninkryk die volgende voorstel te maak:

Artikel 2 (Belastings Gedek) paragraaf 3.

Daar word verstaan dat die sekondêre belasting op maatskappye 'n belasting betaalbaar op die winste van Suid-Afrikaanse maatskappye is en die toestaan as 'n krediet vir hierdie belasting teen Verenigde Koninkryk-belasting bepaal moet word ooreenkomstig die bepalings van subparagraaf (b) van paragraaf 2 van Artikel 21 van die Konvensie.

Indien die voorgaande voorstel aanvaarbaar is vir die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, het ek die eer om voor te stel dat die huidige Nota en u Eksellensie se antwoord te dien effekte beskou moet word as deel uit te maak van 'n ooreenkoms tussen die twee Regerings in hierdie aangeleentheid, wat terselfdertyd in werking sal tree as die inwerkingtreding van die Konvensie.”

Die voorafgaande voorstel is aanvaarbaar vir die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en ek het die eer om te bevestig dat u Eksellensie se Nota en hierdie antwoord beskou sal word as deel uit te maak van 'n ooreenkoms tussen die twee Regerings in hierdie aangeleentheid wat terselfdertyd in werking sal tree as die inwerkingtreding van die Konvensie.

Ek maak van die geleentheid gebruik om aan u Eksellensie die versekering van my hoogste agting te herhaal.

(Geteken) T A MANUEL

Gk 751 van 28 Julie 2006: Konvensie tussen die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van die Bondsrepubliek Brasilië vir die vermyding van Dubbele Belasting en die voorkoming van Fiskale Ontduiking met betrekking tot Belastings op inkomste
(Staatskoerant No. 29073)

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

Ingevolge artikel 108 (2) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No 58 van 1962), saamgelees met artikel 231 (4) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, (Wet No 108 van 1996) word hiermee kennis gegee dat die Konvensie vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste wat in die Bylae tot hierdie Kennisgewing vervat is, aangegaan is met die Bondsrepubliek Brasilië en deur die Parlement goedgekeur is ingevolge artikel 231 (2) van die Grondwet.

Daar word verder bekendgemaak dat ingevolge paragraaf 1 van Artikel 29 van die Konvensie, die datum van inwerkingtreding 24 Julie 2016 is.

INDELING VAN REGULASIES

Aanhef	
Artikel 1	Persone Gedek
Artikel 2	Belastings Gedek
Artikel 3	Algemene Woordomsrywings
Artikel 4	Inwoner
Artikel 5	Permanente Saak
Artikel 6	Inkomste uit Onroerende Eiendom
Artikel 7	Besigheidswinste
Artikel 8	Skeepvaart en Lugvervoer
Artikel 9	Verwante Ondernemings
Artikel 10	Dividende
Artikel 11	Rente
Artikel 12	Tantième
Artikel 13	Kapitaalwinste
Artikel 14	Onafhanklike Dienste
Artikel 15	Inkomste uit 'n Diensbetrekking

Artikel 16	Direkteursgelde
Artikel 17	Verhoogkunstenaars en Sportpersone
Artikel 18	Pensioene, Annuïteite en Bestaansbeveiligingsbetalings
Artikel 19	Regeringsdiens
Artikel 20	Onderwysers en Navorsers
Artikel 21	Studente en Vakleerlinge
Artikel 22	Ander Inkomste
Artikel 23	Uitskakeling van Dubbele Belasting
Artikel 24	Nie-diskriminasie
Artikel 25	Prosedure vir Onderlinge Ooreenkoms
Artikel 26	Uitruil van Inligting
Artikel 27	Lede van Diplomatieke Missies en Konsulêre Poste
Artikel 28	Algemene Bepalings
Artikel 29	Inwerkingtreding
Artikel 30	Opsegging
Protokol	

Aanhef.—Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van die Bondsrepubliek Brasilië het, uit 'n begeerte om 'n Konvensie te sluit vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste,

Soos volg ooreengekom:

ARTIKEL 1 *Persone Gedek*

Hierdie Konvensie is van toepassing op persone wat inwoners van een of van albei die Kontrakterende State is.

ARTIKEL 2 *Belastings Gedek*

1. Hierdie Konvensie is van toepassing op belastings op inkomste opgelê namens 'n Kontrakterende Staat.
2. Alle belastings opgelê op totale inkomste, of op elemente van inkomste, word geag belastings op inkomste te wees.
3. Die bestaande belastings waarop hierdie Konvensie van toepassing is, is:
 - (a) in Brasilië:
 - (i) Die federale inkomstebelasting;
 - (hierna „Brasiliaanse belasting” genoem); en
 - (b) in Suid-Afrika:
 - (i) die normale belasting;
 - (ii) die sekondêre belasting op maatskappye; en
 - (iii) die terughoudingsbelasting op tantième;
 - (hierna „Suid-Afrikaanse belasting” genoem).

4. Die Konvensie is ook van toepassing op enige identiese of wesenlik soortgelyke belastinge wat benewens, of in plaas van, die bestaande belastinge opgelê word ná die datum van ondertekening van die Konvensie. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet mekaar in kennis stel van enige noemenswaardige veranderinge wat aan hulle belastingwette aangebring is.

ARTIKEL 3

Algemene Woordomsrywings

1. Vir doeleindes van hierdie Konvensie, tensy die samehang anders vereis:
- (a) beteken die uitdrukking „Brasilië” die kontinentale en insulêre grondgebied van die Bondsrepubliek Brasilië met inbegrip van sy territoriale waters, soos omskryf ooreenkomstig die Verenigde Volke Konvensie op Seereg en die ooreenkomstige seebodem en ondergrond en enige maritieme gebied buite die territoriale waters, met inbegrip van die seebodem en ondergrond, tot die mate wat Brasilië soewereine regte in so ’n gebied uitoefen met betrekking tot die eksplorasië en eksplorasie van die natuurlike hulpbronne ooreenkomstig die volkereg; en
 - (b) beteken die uitdrukking „Suid-Afrika” die Republiek van Suid-Afrika en, wanneer in geografiese verband gebruik, ook die territoriale waters daarvan en enige gebied buite die territoriale waters, met inbegrip van die kontinentale plat, wat ingevolge die reg van Suid-Afrika en ooreenkomstig die volkereg aangewys is of hierna aangewys kan word as ’n gebied waarbinne Suid-Afrika soewereine regte of jurisdiksie mag uitoefen;
 - (c) beteken die uitdrukkings „’n Kontrakterende Staat” en „die ander Kontrakterende Staat” Brasilië of Suid-Afrika, na gelang die samehang vereis;
 - (d) beteken die uitdrukking „maatskappy” enige regspersoon of enige entiteit wat vir belastingdoeleindes as ’n regspersoon behandel word;
 - (e) beteken die uitdrukking „bevoegde owerheid”:
 - (i) in Brasilië, die Minister van Finansies, die Sekretaris van Federale Inkomste of hul gemagtigde verteenwoordigers; en
 - (ii) in Suid-Afrika, die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens of ’n gemagtigde verteenwoordiger;
 - (f) beteken die uitdrukkings „onderneming van ’n Kontrakterende Staat” en „onderneming van die ander Kontrakterende Staat” onderskeidelik ’n onderneming bedryf deur ’n inwoner van ’n Kontrakterende Staat en ’n onderneming bedryf deur ’n inwoner van die ander Kontrakterende Staat;
 - (g) beteken die uitdrukking „internasionale verkeer” enige vervoer per skip of vliegtuig bedryf deur ’n onderneming van ’n Kontrakterende Staat, behalwe wanneer sodanige vervoer slegs tussen plekke in die ander Kontrakterende Staat is;
 - (h) beteken die uitdrukking „burger”:
 - (i) enige individu wat burgerskap van ’n Kontrakterende Staat het;
 - (ii) enige regspersoon, vennootskap of vereniging wat sodanig status verkry uit die wette wat in ’n Kontrakterende Staat van krag is; en

- (i) sluit die uitdrukking „persoon” ’n individu, ’n maatskappy en enige ander liggaam van persone in wat vir belastingdoeleindes as ’n entiteit behandel word.
2. Betreffende die toepassing te eniger tyd van die bepalings van die Konvensie deur ’n Kontrakterende Staat het enige uitdrukking wat nie daarin omskryf is nie, tensy die samehang anders vereis, die betekenis wat ingevolge daardie Staat se reg op daardie tydstip daaraan geheg word vir doeleindes van die belastings waarop die Konvensie van toepassing is, en geniet enige betekenis ingevolge die toepaslike belastingwette van daardie Staat voorrang bo die betekenis aan die uitdrukking gegee kragtens ander wette van daardie Staat.

ARTIKEL 4

Inwoner

1. Vir doeleindes van hierdie Konvensie beteken die uitdrukking „inwoner van ’n Kontrakterende Staat” enige persoon wat kragtens die wette van daardie Staat daarin belastingpligtig is uit hoofde van daardie persoon se domisilie, verblyf, plek van bestuur of enige ander soortgelyke kriterium, en sluit dit ook daardie Staat en enige staatkundige onderafdeling of plaaslike owerheid daarvan in.
2. Waar ’n individu uit hoofde van die bepalings van paragraaf 1 ’n inwoner van albei Kontrakterende State is, word daardie individu se status soos volg bepaal:
- (a) die individu word geag ’n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarin ’n permanente tuiste tot die beskikking van die individu is; indien ’n permanente tuiste in albei State tot die beskikking van die individu is, word die individu geag ’n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarmee die individu se persoonlike en ekonomiese betrekkinge die nouste is (tuiste van lewensbelange);
 - (b) indien die uitsluitlike verblyfplek nie ingevolge die bepalings van subparagraaf (a) vasgestel kan word nie, word die individu geag ’n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarin die individu ’n gebruikelike verblyfplek het;
 - (c) indien die individu ’n gebruikelike verblyfplek in albei State het, of in geeneen van hulle nie, word die individu geag ’n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarvan die individu ’n burger is;
 - (d) indien die individu ’n burger van albei State is, of van geeneen van hulle nie, beslis die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State die saak deur middel van onderlinge ooreenkoms.
3. Waar ’n ander persoon as ’n individu uit hoofde van die bepalings van paragraaf 1 ’n inwoner van albei Kontrakterende State is, word dit geag ’n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarin die plek van effektiewe bestuur daarvan geleë is.

ARTIKEL 5

Permanente Saak

1. Vir doeleindes van hierdie Konvensie beteken die uitdrukking „permanente saak” ’n vaste besigheidsplek waardeur die besigheid van ’n onderneming geheel en al of gedeeltelik gedryf word.
2. Die uitdrukking „permanente saak” sluit veral in:
- (a) ’n plek van bestuur;
 - (b) ’n tak;

- (c) 'n kantoor;
 - (d) 'n fabriek;
 - (e) 'n werkwinkel; en
 - (f) 'n myn, 'n olie- of gasbron, 'n steengroef of enige ander plek van ontginning van natuurlike hulpbronne.
3. 'n Bouterrein, 'n konstruksie-, monteer- of installasieprojek, maak 'n permanente saak uit slegs indien dit langer as ses maande bestaan.
4. Ondanks die voorgaande bepalings van hierdie Artikel, word die uitdrukking „permanente saak” geag nie in te sluit nie:
- (a) die gebruik van fasiliteite uitsluitlik met die doel om goedere of handelware wat aan die onderneming behoort te berg, te vertoon of af te lewer;
 - (b) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelware wat aan die onderneming behoort, uitsluitlik met die doel om dit te berg, te vertoon of af te lewer;
 - (c) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelware wat aan die onderneming behoort, uitsluitlik met die doel van verwerking deur 'n ander onderneming;
 - (d) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik met die doel om vir die onderneming goedere of handelware aan te koop of inligting in te win;
 - (e) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik met die doel om enige ander bedrywigheid van 'n voorlopige of bykomstige aard, vir die onderneming te beoefen; en
 - (f) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik vir enige kombinasie van bedrywigheide in subparagraawe (a) tot (e) genoem, met dien verstande dat die algehele bedrywigheid van die vaste besigheidsplek wat spruit uit hierdie kombinasie, van 'n voorlopige of bykomstige aard is.
5. Ondanks die bepalings van paragraawe 1 en 2, waar 'n persoon – uitgesonderd 'n agent met 'n onafhanklike status op wie paragraaf 6 van toepassing is – namens 'n onderneming optree en magtiging het, en dit gewoonlik uitoefen, om in 'n Kontrakterende Staat kontrakte in die naam van die onderneming te sluit, word daardie onderneming geag 'n permanente saak in daardie Staat te hê ten opsigte van enige bedrywigheide wat daardie persoon vir die onderneming onderneem, tensy die bedrywigheide van sodanige persoon beperk is tot dié in paragraaf 4 genoem wat, indien dit deur middel van 'n vaste besigheidsplek uitgeoefen word, nie hierdie vaste besigheidsplek ingevolge die bepalings van daardie paragraaf 'n permanente saak sou maak nie.
6. 'n Onderneming word nie geag 'n permanente saak in 'n Kontrakterende Staat te hê bloot omdat dit in daardie Staat besigheid dryf deur middel van 'n makelaar, algemene kommissie-agent of enige ander agent met 'n onafhanklike status nie, met dien verstande dat sodanige persone in die gewone loop van hulle besigheid handel.
7. Die feit dat 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, beheer het oor of beheer word deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, of wat in daardie ander Staat besigheid dryf (hetsy deur middel van 'n permanente saak of andersins), beteken nie op sigself dat enigeen van die maatskappye 'n permanente saak van die ander is nie.

ARTIKEL 6

Inkomste uit Onroerende Eiendom

1. Inkomste deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry uit onroerende eiendom, met inbegrip van inkomste uit landbou of bosbou, wat geleë is in die ander Kontrakterende Staat, kan in daardie ander Staat belas word.
2. Die uitdrukking „onroerende eiendom” het die betekenis wat daaraan geheg word ingevolge die reg van die Kontrakterende Staat waarin die betrokke eiendom geleë is. Die uitdrukking sluit in ieder geval in eiendom bykomstig by onroerende eiendom, lewende have en toerusting wat in landbou en bosbou gebruik word, regte waarop die bepalings van die algemene reg betreffende grondbesit van toepassing is, vruggebruik van onroerende eiendom en regte op wisselende of vaste betalings as vergoeding vir die ontginning van, of die reg op ontginning van, mineraalafsettings, bronne en ander natuurlike hulpbronne. Skepe en vliegtuie word nie geag onroerende eiendom te wees nie.
3. Die bepalings van paragraaf 1 is van toepassing op inkomste verkry uit die regstreekse gebruik, verhuring of gebruik in enige ander vorm van onroerende eiendom.
4. Die bepalings van paragrawe 1 en 3 is ook van toepassing op inkomste uit onroerende eiendom van 'n onderneming en op inkomste uit onroerende eiendom gebruik vir die verrigting van onafhanklike persoonlike dienste.

ARTIKEL 7

Besigheidswinste

1. Die winste van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat is slegs in daardie Staat belasbaar, tensy die onderneming in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak wat daarin geleë is. Indien die onderneming soos voormeld besigheid dryf, kan die winste van die onderneming in die ander Staat belas word, maar slegs soveel daarvan as wat aan daardie permanente saak toeskryfbaar is.
2. Behoudens die bepalings van paragraaf 3, waar 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak wat daarin geleë is, word daar in elke Kontrakterende Staat aan daardie permanente saak die winste toegeskryf wat dit na verwagting sou kon behaal indien dit 'n afsonderlike en aparte onderneming was wat met dieselfde of soortgelyke bedrywighede onder dieselfde of soortgelyke voorwaardes besig is en geheel en al onafhanklik sake doen met die onderneming waarvan dit 'n permanente saak is.
3. By die vasstelling van die winste van 'n permanente saak word uitgawes wat vir doeleindes van die permanente saak aangegaan is, insluitende bestuurs- en algemene administratiewe uitgawes aldus aangegaan, as aftrekkings toegelaat.
4. Geen winste word aan 'n permanente saak toegeskryf uit hoofde van die blote aankoop deur daardie permanente saak van goedere of handelware vir die onderneming nie.
5. Waar winste inkomste-items insluit wat afsonderlik in ander Artikels van hierdie Konvensie behandel word, word die bepalings van daardie Artikels nie deur die bepalings van hierdie Artikel geraak nie.

ARTIKEL 8

Skeepvaart en Lugvervoer

1. Winste van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat uit die bedryf van skepe of vliegtuie in internasionale verkeer is slegs in daardie Staat belasbaar.

2. Vir doeleindes van hierdie Artikel sluit winste uit die bedryf van skepe of vliegtuie in internasionale verkeer in:
 - (a) winste uit die verhuring op 'n sonder-bemanning-basis van skepe of vliegtuie; en
 - (b) winste uit die gebruik, instandhouding of verhuring van houers (met inbegrip van treilers en verwante toerusting vir die vervoer van houers) gebruik vir die vervoer van goedere of handelsware,waar sodanige verhuring of sodanige gebruik, instandhouding of verhuring, na gelang van die geval, bykomstig is by die bedryf van skepe of vliegtuie in internasionale verkeer.
3. Die bepalinge van paragraaf 1 is ook van toepassing op winste uit die deelname aan 'n poel, 'n gesamentlike besigheid of 'n internasionale bedryfsagentskap, maar slegs op soveel van die winste aldus verkry as wat toegeskryf kan word aan die deelname in die gesamentlike onderneming.

ARTIKEL 9

Verwante Ondernemings

Waar—

- (a) 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat regstreeks of onregstreeks aan die bestuur van, beheer oor of kapitaal van 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat deelneem; of
- (b) dieselfde persone regstreeks of onregstreeks aan die bestuur van, beheer oor of kapitaal van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat en 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat deelneem,

en voorwaardes in enigeen van die gevalle tussen die twee ondernemings met betrekking tot hul handels- of finansiële betrekkinge gestel of opgelê word wat verskil van dié wat tussen onafhanklike ondernemings gestel sou word, kan enige winste wat by ontstentenis van daardie voorwaardes aan een van die ondernemings sou toegeval het, maar as gevolg van daardie voorwaardes nie aldus toegeval het nie, by die winste van daardie onderneming ingesluit en dienooreenkomstig belas word.

ARTIKEL 10

Dividende

1. Dividende betaal deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat, kan in daardie ander Staat belas word.
2. Sodanige dividende kan egter ook belas word in die Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy wat die dividende betaal, 'n inwoner is, en wel ooreenkomstig die wette van daardie Staat, maar indien die voordelige eienaar van die dividende 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, mag die belasting aldus opgelê nie die volgende te bowe gaan nie:
 - (a) 10 persent van die bruto bedrag van die dividende indien die voordelige eienaar 'n maatskappy is wat minstens 25 persent hou van die kapitaal van die maatskappy wat die dividende betaal; of
 - (b) 15 persent van die bruto bedrag van die dividende, in alle ander gevalle.

Hierdie paragraaf raak nie die belasting van die maatskappy ten opsigte van die winste waaruit die dividende betaal word nie.

3. Die uitdrukking „dividende” soos in hierdie Artikel gebruik, beteken inkomste uit aandele „jouissance”-aandele of „jouissance”-regte, mynaandele, stigtersaandele of ander regte wat in winste deel (wat nie skuldeise is nie), asook inkomste uit ander regs persoonsooreenkomste wat aan dieselfde belastingbehandeling as inkomste uit aandele onderwerp word deur die wette van die Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy wat die uitkering doen, ’n inwoner is.
4. Die bepalings van paragrawe 1 en 2 is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die dividende, wat ’n inwoner van ’n Kontrakterende Staat is, besigheid dryf in die ander Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy wat die dividende betaal ’n inwoner is, deur middel van ’n permanente saak daarin geleë, of in daardie ander Staat onafhanklike dienste verrig vanaf ’n vaste basis daarin geleë, en die aandelebesit ten opsigte waarvan die dividende betaal word, effektief verbonde is aan sodanige permanente saak of vaste basis. In sodanige geval, is die bepalings van Artikel 7 of Artikel 14, na gelang van die geval, van toepassing.
5. Waar ’n inwoner van ’n Kontrakterende Staat ’n permanente saak in die ander Kontrakterende Staat het, kan daardie permanente saak onderhewig wees aan ’n belasting wat by die bron teruggehou word ooreenkomstig die reg van daardie Kontrakterende Staat. Die belasting aldus gehef, gaan egter nie 10 persent van die bruto bedrag van die winste van daardie permanente saak, vasgestel ná die betaling van die maatskappybelasting met betrekking tot sodanige winste, te bowe nie.
6. Waar ’n maatskappy wat ’n inwoner van ’n Kontrakterende Staat is, winste of inkomste uit die ander Kontrakterende Staat verkry, hef daardie ander Staat nie belasting op die dividende deur die maatskappy nie, behalwe vir sover sodanige dividende betaal word aan ’n inwoner van daardie ander Staat of vir sover die aandelebesit ten opsigte waarvan die dividende betaal word effektief verbonde is aan ’n permanente saak of ’n vaste basis geleë in daardie ander Staat, en onderwerp ook nie die maatskappy se onuitgekeerde winste aan ’n belasting op onuitgekeerde winste nie, selfs al bestaan die betaalde dividende of onuitgekeerde winste geheel en al of gedeeltelik uit winste of inkomste wat in sodanige ander Staat ontstaan.
7. Die bepalings van hierdie Artikel is nie van toepassing nie indien dit die hoofdoelwit of een van die hoofdoelwitte was van inge persoon betrokke by die skepping of toedeling van die aandele of ander regte ten opsigte waarvan die dividend betaal word om voordeel uit hierdie Artikel te trek deur middel van daardie skepping of toedeling.

ARTIKEL 11

Rente

1. Rente wat in ’n Kontrakterende Staat ontstaan en aan ’n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, kan in daardie ander Staat belas word.
2. Sodanige rente kan egter ook in die Kontrakterende Staat waarin dit ontstaan en ooreenkomstig die wette van daardie Staat belas word, maar indien die voordelige eienaar van die rente ’n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, mag die belasting aldus opgelê nie 15 persent van die bruto bedrag van die rente te bowe gaan nie.
3. Die uitdrukking „rente” soos in hierdie Artikel gebruik, beteken inkomste uit alle soorte skuldeise, hetsy gesekureer deur verband al dan nie en hetsy dit ’n reg inhou om in die skuldenaar se winste te deel al dan nie, en, in die besonder, inkomste uit staatseffekte en inkomste uit obligasies of skuldbriewe, met inbegrip van premies en pryse aan sodanige effekte, obligasies of skuldbriewe verbonde, asook ander inkomste gelykgestel met inkomste uit geld wat uitgeleë is deur die belastingwet van die Kontrakterende Staat waarin die inkomste ontstaan.

4. Ondanks die bepalings van paragrawe 1 en 2, is:
 - (a) rente wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en verkry en voordelig besit word deur die Regering van die ander Kontrakterende Staat, 'n staatkundige onderafdeling daarvan, die Sentrale Bank of enige agentskap (met inbegrip van 'n finansiële instelling) wat ten volle deur daardie Regering of 'n staatkundige onderafdeling daarvan besit word, in eersgenoemde Staat van belasting vrygestel;
 - (b) onderworpe aan die bepalings van subparagraaf (a), rente uit staatseffekte, obligasies of skuldbriewe uitgereik deur die Regering van 'n Kontrakterende Staat, 'n staatkundige onderafdeling daarvan of enige agentskap (met inbegrip van 'n finansiële instelling) wat ten volle deur daardie Regering of 'n staatkundige onderafdeling daarvan besit word, slegs in daardie Staat belasbaar.
5. Die bepalings van paragrawe 1 en 2 is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die rente, wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat waarin die rente ontstaan, besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë, of in daardie ander Staat onafhanklike dienste verrig vanaf 'n vaste basis daarin geleë, en die skuldeis ten opsigte waarvan die rente betaal word, effektief verbonde is aan sodanige permanente saak of vaste basis. In sodanige geval, is die bepalings van Artikel 7 of Artikel 14, na gelang van die geval, van toepassing.
6. Die beperking van die belastingkoers waarvoor daar in paragraaf 2 voorsiening gemaak word, is nie van toepassing nie op rente wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en betaal word aan 'n permanente saak van 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat wat in 'n derde Staat geleë is.
7. Rente word geag in 'n Kontrakterende Staat te ontstaan wanneer die betaler 'n inwoner van daardie Staat is. Waar die persoon wat die rente betaal, hetsy daardie persoon 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is al dan nie, egter in 'n Kontrakterende Staat 'n permanente saak of 'n vaste basis het in verband waarmee die verpligting ten opsigte waarvan die rente betaal word, aangegaan is, en sodanige rente deur sodanige permanente saak of vaste basis gedra word, word sodanige rente geag te ontstaan in die Staat waarin die permanente saak of vaste basis geleë is.
8. Waar, vanweë 'n besondere verband tussen die betaler en die voordelige eienaar of tussen hulle albei en 'n ander persoon, die bedrag van die rente, met inagneming van die skuldeis waarvoor dit betaal word, die bedrag te bowe gaan waarvoor die betaler en die voordelige eienaar by ontstentenis van sodanige verband sou ooreengekom het, is die bepalings van hierdie Artikel slegs op laasgenoemde bedrag van toepassing. In sodanige geval, bly die oormaat deel van die betalings belasbaar ooreenkomstig die wette van elk van die Kontrakterende State, met behoorlike inagneming van die ander bepalings van hierdie Konvensie.
9. Die bepalings van hierdie Artikel is nie van toepassing nie indien dit die hoofdoelwit of een van die hoofdoelwitte was van enige persoon betrokke by die skepping of toedeling van die skuldeis ten opsigte waarvan die rente betaal word om voordeel uit hierdie Artikel te trek deur middel van daardie skepping of toedeling.

ARTIKEL 12

Tantième

1. Tantième wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Sodanige tantième kan egter ook in die Kontrakterende Staat waarin dit ontstaan en ooreenkomstig die wette van daardie Staat belas word, maar indien die voordelige eienaar van die tantième 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, mag die belasting aldus opgelê nie die volgende te bowe gaan nie:
 - (a) 15 persent van die bruto bedrag van die tantième wat ontstaan uit die gebruik van, of die reg op die gebruik van, handelsmerke;
 - (b) 10 persent van die bruto bedrag van die tantième in alle ander gevalle.
3. Die uitdrukking „tantième” soos in hierdie Artikel gebruik, beteken betalings van enige aard ontvang as 'n vergoeding vir die gebruik van, of die reg op die gebruik van, enige outeursreg van 'n letterkundige, artistieke of wetenskaplike werk (met inbegrip van kinematograaffilms en films, bande of skywe vir radio- of televisie-uitsending), enige patent, handelsmerk, ontwerp of model, plan, geheime formule of proses, of vir die gebruik van, of die reg op die gebruik van, industriële, kommersiële of wetenskaplike toerusting, of vir inligting aangaande industriële, kommersiële of wetenskaplike ondervinding.
4. Die bepalings van paragrawe 1 en 2 is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die tantième wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat waarin die tantième ontstaan, besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë, of in daardie ander Staat onafhanklike dienste verrig vanaf 'n vaste basis daarin geleë, en die reg of eiendom ten opsigte waarvan die tantième betaal word, effektief verbonde is aan sodanige permanente saak of vaste basis. In sodanige geval, is die bepalings van Artikel 7 of Artikel 14, na gelang van die geval, van toepassing.
5. Tantième word geag in 'n Kontrakterende Staat te ontstaan wanneer die betaler 'n inwoner van daardie Staat is. Waar die persoon wat die tantième betaal, hetsy daardie persoon 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is al dan nie, egter in 'n Kontrakterende Staat 'n permanente saak of 'n vaste basis het waaraan die reg of eiendom ten opsigte waarvan die tantième betaal word, effektief verbonde is en sodanige tantième deur sodanige permanente saak of vaste basis gedra word, word sodanige tantième geag te ontstaan in die Staat waarin die permanente saak of vaste basis geleë is.
6. Waar, vanweë 'n besondere verband tussen die betaler en die voordelige eienaar of tussen albei en 'n ander persoon, die bedrag van die tantième, met inagneming van die gebruik, reg of inligting waarvoor dit betaal word, die bedrag te bowe gaan waarop die betaler en die voordelige eienaar by ontstentenis van sodanige verband sou ooreengekom het, is die bepalings van hierdie Artikel slegs op laasgenoemde bedrag van toepassing. In sodanige geval, bly die oormaat deel van die betalings belasbaar ooreenkomstig die wette van elk van die Kontrakterende State, met behoorlike inagneming van die ander bepalings van hierdie Konvensie.
7. Die bepalings van hierdie Artikel is nie van toepassing nie indien dit die hoofdoelwit of een van die hoofdoelwitte was van enige persoon betrokke by die skepping of toedeling van die regte ten opsigte waarvan die tantième betaal word om voordeel uit hierdie Artikel te trek deur middel van daardie skepping of toedeling.

ARTIKEL 13

Kapitaalwinste

1. Winste deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry uit die vervreemding van onroerende eiendom in Artikel 6 bedoel en wat in die ander Kontrakterende Staat geleë is, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Winste uit die vervreemding van roerende eiendom wat deel uitmaak van die besigheidseiendom van 'n permanente saak wat 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het, of van roerende eiendom wat betrekking het op 'n vaste basis wat vir 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat beskikbaar is met die doel om onafhanklike dienste te verrig, met inbegrip van sodanige winste uit die vervreemding van so 'n permanente saak (alleen of tesame met die onderneming in sy geheel) of van sodanige vaste basis, kan in daardie ander Staat belas word.
3. Winste van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat uit die vervreemding van skepe of vliegtuie bedryf in internasionale verkeer of roerende eiendom wat betrekking het op die bedryf van sodanige skepe of vliegtuie, is slegs belasbaar in die Kontrakterende Staat waarin die onderneming ingevolge Artikel 8 aan belasting onderhewig is.
4. Winste uit die vervreemding van aandele van die aandeelkapitaal van 'n maatskappy waarvan die eiendom regstreeks of onregstreeks hoofsaaklik uit onroerende eiendom bestaan wat in 'n Kontrakterende Staat geleë is, kan in daardie Staat belas word.
5. Winste uit die vervreemding van enige ander eiendom as dié bedoel in die voorgaande paragrafe van hierdie Artikel en wat in die ander Kontrakterende Staat ontstaan, kan in daardie ander Staat belas word.

ARTIKEL 14 *Onafhanklike Dienste*

1. Inkomste verkry deur 'n persoon wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is ten opsigte van professionele dienste of ander bedrywighede van 'n onafhanklike aard, is slegs in daardie Staat belasbaar, tensy:
 - (a) die besoldiging vir daardie dienste of bedrywighede betaal word deur 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat of gedra word deur 'n permanente saak of 'n vaste basis daarin geleë. In sodanige geval, kan die inkomste ook in daardie ander Staat belas word; of
 - (b) daardie persoon, werknemers van daardie persoon of enige ander persoon namens daardie persoon, teenwoordig is, of die dienste of bedrywighede in die ander Kontrakterende Staat voortduur, vir 'n tydperk of tydperke wat altesaam 183 dae in enige tydperk van twaalf maande beginnende of eindigende in die betrokke fiskale jaar, te bowe gaan. In sodanige geval, kan slegs soveel van die inkomste as wat verkry word uit die dienste of bedrywighede verrig in daardie ander Staat, in daardie ander Staat belas word; of
 - (c) die dienste of bedrywighede in die ander Kontrakterende Staat verrig word deur middel van 'n vaste basis wat gereeld in die ander Staat tot beskikking van daardie persoon is vir doeleindes van die verrigting van daardie persoon se dienste of bedrywighede. In sodanige geval, kan slegs soveel van die inkomste as wat aan daardie vaste basis toeskryfbaar is, in daardie ander Staat belas word.
2. Die uitdrukking „professionele dienste” sluit veral in onafhanklike wetenskaplike, tegniese, letterkundige, artistieke, opvoedkundige of onderwysbedrywighede, asook die onafhanklike bedrywighede van geneeskundiges, regsgeleerdes, ingenieurs, argitekte, tandartse en rekenmeesters.

ARTIKEL 15

Inkomste uit 'n Diensbetrekking

1. Behoudens die bepalings van Artikels 16, 18 en 19, is salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat ten opsigte van 'n diensbetrekking, slegs in daardie Staat belasbaar, tensy die diensbetrekking in die ander Kontrakterende Staat beoefen word. Indien die diensbetrekking aldus beoefen word, kan sodanige besoldiging as wat daaruit verkry word in daardie ander Staat belas word.
2. Ondanks die bepalings van paragraaf 1, is besoldiging verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat ten opsigte van 'n diensbetrekking beoefen in die ander Kontrakterende Staat, slegs in eersgenoemde Staat belasbaar indien:
 - (a) die ontvanger in die ander Staat teenwoordig is vir 'n tydperk of tydperke wat altesaam nie 183 dae in enige tydperk van twaalf maande, beginnende of eindigende in die betrokke fiskale jaar, te bowe gaan nie, en
 - (b) die besoldiging betaal word deur, of namens, 'n werkgewer, wat nie 'n inwoner van die ander Staat is nie, en
 - (c) die besoldiging nie gedra word deur 'n permanente saak of 'n vaste basis wat die werkgewer in die ander Staat het nie.
3. Ondanks die voorgaande bepalings van hierdie Artikel, kan besoldiging verkry ten opsigte van dienste beoefen aan boord van 'n skip of vliegtuig bedryf in internasionale verkeer deur 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat, in daardie Staat belas word.

ARTIKEL 16

Direkteursgelde

Direkteursgelde en soortgelyke betalings verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat in daardie persoon se hoedanigheid van lid van die direksie of van enige raad van 'n maatskappy wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, kan in daardie ander Staat belas word.

ARTIKEL 17

Verhoogkunstenars en Sportpersone

1. Ondanks die bepalings van Artikels 7, 14 en 15, kan inkomste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat as 'n verhoogkunstenaar, soos 'n teater-, rolprent-, radio- of televisie-arties, of 'n musikant, of as 'n sportpersoon, uit daardie persoon se persoonlike bedrywighede as sodanig wat in die ander Kontrakterende Staat beoefen word, in daardie ander Staat belas word.
2. Waar inkomste ten opsigte van persoonlike bedrywighede deur 'n verhoogkunstenaar of 'n sportpersoon in dié hoedanigheid beoefen, nie aan die verhoogkunstenaar of sportpersoon self toeval nie maar aan 'n ander persoon, kan daardie inkomste, ondanks die bepalings van Artikels 7, 14 en 15, belas word in die Kontrakterende Staat waarin die bedrywighede van die verhoogkunstenaar of sportpersoon beoefen word.
3. Die bepalings van paragrafe 1 en 2 is nie van toepassing nie op inkomste verkry uit bedrywighede beoefen in 'n Kontrakterende Staat deur verhoogkunstenars of sportpersone, indien die besoek aan daardie Staat geheel en al of hoofsaaklik ondersteun word deur openbare fondse van die ander Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderafdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan. In sodanige geval is die inkomste slegs in die Kontrakterende Staat waarvan die verhoogkunstenaar of sportpersoon 'n inwoner is, belasbaar.

ARTIKEL 18

Pensioene, Annuïteite en Bestaansbeveiligingsbetalings

1. Behoudens die bepalings van paragraaf 2 van Artikel 19, kan pensioene en ander soortgelyke besoldiging as vergoeding vir eertydse diens, en annuïteite, wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, in eersgenoemde Staat belas word.
2. Ondanks die bepalings van paragraaf 1, is pensioene en ander betalings gemaak kragtens 'n openbare skema wat deel uitmaak van die bestaansbeveiligingstelsel van 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderafdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan, slegs in daardie Staat belasbaar.

ARTIKEL 19

Regeringsdiens

1. (a) Salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging, uitgesonderd 'n pensioen, betaal deur 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderafdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan aan 'n individu ten opsigte van dienste gelewer aan daardie Staat of onderafdeling of owerheid, is slegs in daardie Staat belasbaar.
(b) Sodanige salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging is egter slegs in die ander Kontrakterende Staat belasbaar indien die dienste in daardie Staat gelewer word en die individu 'n inwoner van daardie Staat is wat:
 - (i) 'n burger van daardie Staat is; of
 - (ii) nie 'n inwoner van daardie Staat geword het met die uitsluitlike doel om die dienste te lewer nie.
2. (a) Enige pensioen betaal deur, of uit fondse geskep deur, 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderafdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan aan 'n individu ten opsigte van dienste gelewer aan daardie Staat of onderafdeling of owerheid, is slegs in daardie Staat belasbaar.
(b) Sodanige pensioen is egter slegs in die ander Kontrakterende Staat belasbaar indien die individu 'n inwoner is van, en 'n burger is van, daardie Staat.
3. Die bepalings van Artikels 15, 16, 17 en 18 is van toepassing op salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging, en op pensioene, ten opsigte van dienste gelewer in verband met 'n besigheid bedryf deur 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderafdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan.

ARTIKEL 20

Onderwysers en Navorsers

'n Individu wat 'n inwoner is of onmiddellik voor 'n besoek aan 'n Kontrakterende Staat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat was en wat, op uitnodiging van die Regering van eersgenoemde Staat of van 'n universiteit, kollege, skool, museum of ander kulturele instelling in daardie eersgenoemde Staat, of ingevolge 'n amptelike program van kulturele uitruiling, in daardie Staat teenwoordig is vir 'n tydperk wat nie twee opeenvolgende jare te bowe gaan nie met die uitsluitlike doel om te onderrig, lesings te gee of navorsing by sodanige instellings te doen, is in daardie Staat vrygestel van belasting op besoldiging vir sodanige bedrywigheid, met dien verstande dat sodanige besoldiging van buite daardie Staat verkry word.

ARTIKEL 21

Studente en Vakleerlinge

1. 'n Student of vakleerling wat in 'n Kontrakterende Staat teenwoordig is uitsluitlik vir die doel van daardie student of vakleerling se onderrig of opleiding en wat 'n inwoner is, of onmiddellik voor sodanige teenwoordigheid 'n inwoner was, van die ander Kontrakterende Staat, is in eersgenoemde Staat vrygestel van belasting op betalings ontvang van buite daardie eersgenoemde Staat vir die doel van daardie student of vakleerling se onderrig of opleiding.
2. Ten opsigte van skenkings, studiebeurse en besoldiging uit 'n diensbetrekking wat nie deur paragraaf 1 gedek word nie, is 'n student of vakleerling beoog in paragraaf 1, boonop, gedurende sodanige onderrig of opleiding, geregtig op dieselfde vrystellings, verligtings of verminderings ten opsigte van belastings wat vir inwoners van die Staat wat besoek word, beskikbaar is.

ARTIKEL 22

Ander Inkomste

1. Inkomste-items van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, waar dit ook al ontstaan, wat nie in die voorgaande Artikels van hierdie Konvensie behandel is nie, is slegs in daardie Staat belasbaar.
2. Die bepaling van paragraaf 1 is nie van toepassing op inkomste nie, behalwe inkomste uit onroerende eiendom soos in paragraaf 2 van Artikel 6 omskryf, indien die ontvanger van sodanige inkomste, wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë, of in daardie ander Kontrakterende Staat onafhanklike dienste verrig vanaf 'n vaste basis daarin geleë, en die reg of eiendom ten opsigte waarvan die inkomste betaal word, effektief verbonde is aan sodanige permanente saak of vaste basis. In sodanige geval, is die bepaling van Artikel 7 of Artikel 14, na gelang van die geval, van toepassing.
3. Ondanks die bepaling van paragrafe 1 en 2, kan inkomste-items van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat wat nie in die voorgaande Artikels van die Konvensie behandel is nie en in die ander Kontrakterende Staat ontstaan, ook in daardie ander Staat belas word.

ARTIKEL 23

Uitskakeling van Dubbele Belasting

1. Dubbele belasting word soos volg uitgeskakel:
 - (a) waar 'n inwoner van Brasilië inkomste verkry wat, ooreenkomstig die bepaling van hierdie Konvensie, in Suid-Afrika belas kan word, laat Brasilië, ooreenkomstig die bepaling van sy reg betreffende die uitskakeling van dubbele belasting, as 'n aftrekking van die belasting op die inkomste van daardie inwoner, 'n bedrag toe gelyk aan die belasting op inkomste in Suid-Afrika betaal. Sodanige aftrekking mag egter nie daardie deel van die inkomstebelasting, soos bereken voor die aftrekking toegestaan word, wat toeskryfbaar is aan die inkomste wat in Suid-Afrika belas kan word, te bowe gaan nie;
 - (b) in Suid-Afrika, behoudens die bepaling van die reg van Suid-Afrika betreffende die aftrekking vanaf belasting betaalbaar in Suid-Afrika van belasting betaalbaar in enige ander land as Suid-Afrika, word Brasiliaanse belasting betaal deur inwoners van Suid-Afrika ten opsigte van inkomste belasbaar in Brasilië, ooreenkomstig die bepaling van hierdie Konvensie, afgetrek van die belastings

verskuldig ooreenkomstig Suid-Afrikaanse fiskale reg. Sodanige aftrekking mag egter nie 'n bedrag te bowe gaan wat in dieselfde verhouding tot die totale Suid-Afrikaanse belasting betaalbaar staan as wat die betrokke inkomste tot die totale inkomste staan nie.

2. Waar, ooreenkomstig enige bepaling van hierdie Konvensie inkomste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat vrygestel is van belasting in daardie Staat, kan sodanige Staat desnieteenstaande, by die berekening van die bedrag van belasting op die oorblywende inkomste van sodanige inwoner, die vrygestelde inkomste in berekening bring.

ARTIKEL 24

Nie-diskriminasie

1. Burgers van 'n Kontrakterende Staat mag nie in die ander Kontrakterende Staat onderwerp word aan enige belasting of enige vereiste in verband daarmee wat anders of swaarder is as die belasting en die daaraan verbonde vereistes waaraan burgers van daardie ander Staat onder dieselfde omstandighede, veral met betrekking tot verblyf, onderworpe is of onderwerp kan word nie.
2. Die belasting op 'n permanente saak wat 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het, word nie in daardie ander Staat op 'n minder gunstige wyse gehef as die belasting wat gehef word op ondernemings van daardie ander Staat wat dieselfde bedrywighede beoefen nie. Hierdie bepaling word nie uitgelê as sou dit 'n Kontrakterende Staat verplig om aan inwoners van die ander Kontrakterende Staat enige persoonlike kortings, verligtings en verminderings vir belastingdoeleindes toe te staan uit hoofde van burgerlike status of gesinsverantwoordelikhede wat aan sy eie inwoners toegestaan word nie.
3. Uitgesonderd waar die bepalings van Artikel 9, paragraaf 8 van Artikel 11 of paragraaf 6 van Artikel 12 van toepassing is, is rente, tantième en ander uitbetalings betaal deur 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat, vir doeleindes van die vasstelling van die belasbare winste van sodanige onderneming, aftrekbaar onder dieselfde voorwaardes as wat sou geld indien dit aan 'n inwoner van eersgenoemde Staat betaal was.
4. Ondernemings van 'n Kontrakterende Staat waarvan die kapitaal direk of indirek ten volle of gedeeltelik besit of beheer word deur een of meer inwoners van die ander Kontrakterende Staat, mag nie in eersgenoemde Staat onderwerp word aan enige belasting of enige vereiste in verband daarmee wat anders of swaarder is as die belasting en die daaraan verbonde vereistes waaraan ander soortgelyke ondernemings van die eersgenoemde Staat onderworpe is of onderwerp kan word nie.
5. Die bepalings van hierdie Artikel is slegs van toepassing op die belastings deur hierdie Konvensie gedek.

ARTIKEL 25

Prosedure vir Onderlinge Ooreenkoms

1. Waar 'n persoon van mening is dat die optrede van een of van albei die Kontrakterende State tot gevolg het of tot gevolg sal hê dat daardie persoon nie ooreenkomstig die bepalings van hierdie Konvensie belas word nie, kan daardie persoon, ongeag die regsmiddels waarvoor die landsreg van daardie State voorsiening maak, 'n saak stel aan die bevoegde owerheid van die Kontrakterende Staat waarvan die persoon 'n inwoner is. Die saak moet gestel word

binne die tydsbeperkinge waarvoor daar in die landsreg van die Kontrakterende Staat voorsiening gemaak word.

2. Die bevoegde owerheid moet, indien die beswaar vir hom geregverdig voorkom en hy nie self 'n geskikte oplossing kan vind nie, probeer om die saak deur onderlinge ooreenkoms met die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat te besleg ten einde belasting te vermy wat nie in ooreenstemming met die Konvensie is nie.
3. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet probeer om enige probleme of twyfel wat in verband met die vertolking of toepassing van die Konvensie ontstaan, deur onderlinge ooreenkoms uit die weg te ruim.
4. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State kan regstreeks met mekaar kommunikeer met die doel om tot 'n ooreenkoms te geraak soos in die voorgaande paragraawe beoog.

ARTIKEL 26

Uitruil van Inligting

1. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet sodanige inligting uitruil as wat nodig is vir die uitvoering van die bepalings van hierdie Konvensie of van die landsreg aangaande belastings van enige aard en beskrywing opgelê namens die Kontrakterende State vir sover die belasting daarkragtens nie strydig met die Konvensie is nie. Die uitruil van inligting word nie deur Artikels 1 en 2 beperk nie. Enige inligting ontvang deur 'n Kontrakterende Staat word as geheim behandel op dieselfde wyse as inligting wat ingevolge die landsreg van daardie Staat verkry word, en word openbaar gemaak slegs aan persone of owerhede (met inbegrip van howe en administratiewe liggame) betrokke by die aanslaan of invordering van, die afdwing of vervolging ten opsigte van, of die beslissing van appèlle in verband met die belastings in die eerste sin bedoel. Sodanige persone of owerhede mag die inligting slegs vir sodanige doeleindes gebruik.
2. In geen geval mag die bepalings van paragraaf 1 uitgelê word nie as sou dit 'n Kontrakterende Staat die verpligting oplê om:
 - (a) administratiewe maatreëls uit te voer wat strydig is met die wette en administratiewe praktyk van daardie of van die ander Kontrakterende Staat is nie;
 - (b) inligting te verstrek wat nie kragtens die wette of in die normale loop van die administrasie van daardie of van die ander Kontrakterende Staat verkrygbaar is nie;
 - (c) inligting te verstrek wat enige handels-, besigheids-, industriële, kommersiële of professionele geheim of handelsproses sou openbaar, of inligting te verstrek waarvan die openbaarmaking strydig met openbare beleid (ordre public) sou wees.

ARTIKEL 27

Lede van Diplomatieke Missies en Konsulêre Poste

Niks in hierdie Konvensie raak die fiskale voorregte van lede van diplomatieke missies of van konsulêre poste ingevolge die algemene reëls van die volkereg of ingevolge die bepalings van spesiale ooreenkomste nie.

ARTIKEL 28
Algemene Bepalings

1. Indien, na die datum van ondertekening hiervan, 'n Kontrakterende Staat wetgewing inbring ingevolge waarvan aflandige inkomste deur 'n maatskappy verkry uit:
 - (a) skeepvaart;
 - (b) bankwese, finansiering, assuransie, belegging of soortgelyke bedrywighede; of
 - (c) synde die hoofkwartier, koördineringsentrum of soortgelyke entiteit wat administratiewe dienste of ander bystand aan 'n groep maatskappye lewer wat besigheid hoofsaaklik in ander State dryf, nie in daardie Staat belas word nie of belas word teen 'n belastingkoers wat wesenlik laer is as die belastingkoers wat van toepassing is op inkomste uit soortgelyke aanlandige bedrywighede, is die ander Kontrakterende Staat nie verplig om enige beperking toe te pas wat kragtens hierdie Konvensie opgelê word nie ten opsigte van sy reg om die inkomste verkry deur die maatskappy uit sodanige aflandige bedrywighede te belas of ten opsigte van sy reg om dividende deur die maatskappy betaal, te belas nie.
2. 'n Regsentiteit wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is en inkomste verkry uit bronne binne die ander Kontrakterende Staat, is nie in daardie ander Kontrakterende Staat geregtig op die voordele van hierdie Konvensie nie indien meer as vyftig persent van die voordelige belang in so 'n entiteit (of in die geval van 'n maatskappy, meer as vyftig persent van die totale stemreg en waarde van die maatskappy se aandele) regstreeks of onregstreeks besit word deur enige kombinasie van een of meer persone wat nie inwoners van die eersgenoemde Kontrakterende Staat is nie. hierdie bepaling is egter nie van toepassing nie indien daardie entiteit in die Kontrakterende Staat waarvan hy 'n inwoner is, wesentlike besigheidsbedrywighede, behalwe die blote besit van effekte of enige ander bates, of die blote uitoefening van bykomstige, voorlopige of enige ander soortgelyke bedrywighede met betrekking tot ander verwante entiteite, bedryf.
3. Ongeag van die deelname van die Kontrakterende State in die Algemene Ooreenkoms oor Handel in Dienste, of in enige ander internasionale ooreenkomste, word die belastinggeskilpunte met betrekking tot belastings deur hierdie Konvensie gedek wat tussen die Kontrakterende State ontstaan, slegs deur die bepaling van hierdie Konvensie gereël.

ARTIKEL 29
Inwerkingtreding

1. Elk van die Kontrakterende State stel die ander in kennis van die afhandeling van die prosedures wat ingevolge elkeen se reg vereis word om hierdie Konvensie in werking te stel. Die Konvensie tree in werking op die datum van die laaste van hierdie kennisgewings.
2. Die bepaling van die Konvensie is van toepassing:
 - (a) met betrekking tot belastings wat by die bron teruggehou word, ten opsigte van bedrae betaal oorgemaak of gekrediteer op of ná die eerste dag van Januarie eersvolgende op die datum waarop die Konvensie in werking tree; en
 - (b) met betrekking tot ander belastings, ten opsigte van inkomste wat ontstaan in belasbare jare beginnende op of ná die eerste dag van Januarie eersvolgende op die datum waarop die Konvensie in werking tree.
3. Die Ooreenkoms tussen Brasilië en Suid-Afrika vir die vermyding van dubbele belasting op winste verkry uit see- en lugvervoer, wat van krag geword het deur notawisselings wat

plaasgevind het in Brasilia op Maart 29, 1972, word opgesê en is nie meer van krag nie vanaf die datum waarop hierdie Konvensie van toepassing is ten opsigte van belastinge waarop dit ingevolge die bepalings van paragrawe 1 en 2 van toepassing is.

ARTIKEL 30

Opsegging

1. Hierdie Konvensie bly vir 'n onbepaalde tyd van krag, maar enigeen van die Kontrakterende State kan die Konvensie langs die diplomatieke kanaal opsê deur nie later nie as 30 Junie van enige kalenderjaar wat begin vyf jaar na die jaar waarin die Konvensie in werking getree het, aan die ander Kontrakterende Staat skriftelike kennis van opsegging te gee.
2. In sodanige geval is die Konvensie nie meer van toepassing nie:
 - (a) met betrekking tot belastinge wat by die bron teruggehou word, ten opsigte van bedrae betaal, oorgemaak of gekrediteer ná die einde van die kalenderjaar waarin sodanige kennis gegee word; en
 - (b) met betrekking tot ander belastinge, ten opsigte van inkomste wat ontstaan in belasbare jare beginnende ná die einde van die kalenderjaar waarin sodanige kennis gegee word.

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekendes, synde behoorlik daartoe gemagtig deur hul onderskeie Regerings, hierdie Konvensie onderteken en geseël het.

GEDOEN, in tweevoud, te Pretoria, op hede die 8ste dag van November 2003 in die Engelse en Portugese tale, waarvan albei tekste ewe outentiek is.

T A Manuel

**NAMENS DIE REGERING VAN DIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

(Geteken)

**NAMENS DIE REGERING VAN DIE
BONDSREPUBLIEK BRASILIË**

Protokol

Tydens die ondertekening van die Konvensie tussen die Republiek van Suid-Afrika en die Bondsrepubliek Brasilië vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastinge op inkomste, het die ondergetekendes, behoorlik daartoe gemagtig, ooreengekom op die volgende bepalings wat 'n integreerende deel van die Konvensie uitmaak.

1. Met verwysing na Artikel 7

Die verstandhouding is dat die bepalings van paragraaf 3 van Artikel 7 van toepassing sal wees op uitgawes aangegaan in die Kontrakterende Staat waarin die permanente saak geleë is of êrens anders.

2. Met verwysing na Artikel 11

Die verstandhouding is dat rente betaal as „besoldiging op die maatskappy se eie kapitaal” („remuneracao sobre o capital próprio”) ingevolge die Brasiliaanse belastingwet, ook as rente vir doeleindes van paragraaf 3 van Artikel 11 beskou word vir sover daardie rente aftrekbaar is by die vasstelling van die inkomste van die regspersoon.

3. Met verwysing na Artikel 12

Die verstandhouding is dat die bepalings van paragraaf 3 van Artikel 12 van toepassing is op betalings van enige aard ontvang as vergoeding vir die lewering van tegniese dienste en tegniese bystand.

4. Met verwysing na Artikel 13

Indien, in 'n konvensie vir die vermyding van dubbele belasting wat later tussen Brasilië en 'n derde Staat wat nie in Latyns-Amerika geleë is nie, gesluit word, winste uit die vervreemding van enige eiendom bedoel in paragraaf 5 van Artikel 13 slegs in die Kontrakterende Staat waarvan die vervreemder 'n inwoner is, belasbaar is, sal soortgelyke behandeling outomaties ten opsigte van hierdie Konvensie van toepassing wees.

5. Met verwysing na Artikel 16

Die verstandhouding is dat die woord „raad” in Artikel 16 gemeld, verwys na die administratiewe en fiskale rade wat ingestel is ingevolge Hoofstuk XII, Afdeling I, en Hoofstuk XIII, onderskeidelik, van die Brasiliaanse Maatskappywet (Wet N. 6.404/76, soos gewysig).

6. Met verwysing na Artikel 24

- (a) Die verstandhouding is dat met betrekking tot Artikel 24, billike addisionele vereistes, behalwe die betaling van belastings, nie diskriminasie soos beoog in paragraaf 1 en 4, sal uitmaak nie.
- (b) Die verstandhouding is dat die bepalings van paragraaf 5 van Artikel 10 nie teenstrydig met die bepalings van paragraaf 2 van Artikel 24 is nie.
- (c) Die verstandhouding is dat die bepalings van die Brasiliaanse belastingwet wat nie toelaat dat tantième, soos omskryf in paragraaf 3 van Artikel 12, betaal deur 'n permanente saak geleë in Brasilië aan 'n inwoner van Suid-Afrika wat in Brasilië 'n besigheid dryf deur middel van daardie permanente saak, aftrekbaar is ten tyde van die vasstelling van die belasbare inkomste van daardie permanente saak, nie teenstrydig met die bepalings van paragraaf 3 van Artikel 24 is nie.
- (d) Die verstandhouding is dat aangesien takke in Suid-Afrika van maatskappye wat hulle plek van effektiewe bestuur buite Suid-Afrika het, van die sekondêre belasting op maatskappye vrygestel is, niks in hierdie Artikel vervat, Suid-Afrika daarvan verhoed om op die winste wat toegeskryf kan word aan 'n permanente saak in Suid-Afrika van 'n maatskappy wat 'n inwoner van Brasilië is, 'n belasting te hef teen 'n koers wat nie die koers van normale belasting op maatskappye met meer as vyf persentasiepunte te bowe gaan nie.
- (e) Die verstandhouding is verder dat sou Suid-Afrika die sekondêre belasting op maatskappye afskaf sonder om dit met 'n soortgelyke belasting te vervang, die bepalings van subparagraaf (d) nie meer van toepassing sal wees nie vanaf die datum waarop die sekondêre belasting op maatskappye afgeskaf is.
- (f) Die verstandhouding is dat die bepalings van Artikel 24 nie 'n Kontrakterende Staat verhoed om die bepalings van sy landsreg met betrekking tot beheerde buitelandse maatskappye of dun kapitalisasie, toe te pas nie.

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekendes, synde behoorlik daartoe gemagtig deur hul onderskeie Regerings, hierdie Protokol onderteken en geseël het.

GEDOEN, in tweevoud, te Pretoria, op hede die 8 ste dag van November 2003 in die Engelse en Portugese tale, waarvan albei tekste ewe outentiek is.

T A Manuel

**NAMENS DIE REGERING VAN DIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

(Geteken)

**NAMENS DIE REGERING VAN DIE
BONDSREPLIEK BRASILIË**

Gk 34 van 23 Januarie 2009: Konvensie tussen die Republiek van Suid-Afrika en die Koninkryk van die Nederlande vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste en op kapitaal (Staatskoerant No. 31797)

soos gewysig deur

Kennisgewing	Staatskoerant	Datum
Gk 32	31795	23 Januarie 2009 m.i.v. 28 Desember 2008

Ingevolge artikel 108 (2) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), saamgelees met artikel 231 (4) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996), word hiermee kennis gegee dat die Konvensie vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste en op Kapitaal wat in die Bylae tot hierdie Kennisgewing vervat is, aangegaan is met die Regering van die Koninkryk van die Nederlande en deur die Parlement goedgekeur is ingevolge artikel 231 (2) van die Grondwet.

Daar word verder bekendgemaak dat ingevolge paragraaf 1 van Artikel 32 van die Konvensie, die datum van inwerkingtreding 28 Desember 2008 is.

Aanhef

Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van die Koninkryk van die Nederlande het, uit 'n begeerte om 'n konvensie te sluit vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste en op kapitaal ten einde die ekonomiese bande tussen die twee lande te bevorder en te versterk,

Soos volg ooreengekom:

**HOOFSTUK I
OMVANG VAN DIE KONVENSIË**

**ARTIKEL 1
*Persone Gedek***

Hierdie Konvensie is van toepassing op persone wat inwoners van een of van albei die Kontrakterende State is.

**ARTIKEL 2
*Belastings Gedek***

1. Hierdie Konvensie is van toepassing op belastings op inkomste en op kapitaal, opgelê namens 'n Kontrakterende Staat of namens sy staatkundige onderafdelings of plaaslike owerhede, ongeag die wyse waarop dit gehef word.
2. Alle belastings opgelê op totale inkomste, op totale kapitaal, of op elemente van inkomste of van kapitaal, met inbegrip van belastings op winste uit die vervreemding van roerende of onroerende eiendom, belastings op die totale bedrae van lone of salarisse deur ondernemings betaal, asook belastings op kapitaalappresiasie, word geag belastings op inkomste en op kapitaal te wees.
3. Die bestaande belastings waarop die Konvensie van toepassing is, is in die besonder:
 - (a) in die Nederlande:

- (i) de inkomstenbelasting (inkomstebelasting);
- (ii) de loonbelasting (loonbelasting);
- (iii) die vennootschapsbelasting (maatskappybelasting) met inbegrip van die Regeringsaandeel in die netto winste van die ontginning van natuurlike hulpbronne gehef ooreenkomstig die Mynwet 1810 (die Mynwet van 1810) met betrekking tot konsessies uitgereik vanaf 1967, of ooreenkomstig die Mynwet Continentaal Plat 1965 (die Nederlandse Vastelandsplat Mynwet van 1965);
- (iv) de dividendbelasting (dividendbelasting); en
- (v) de vromogensbelasting (kapitaalbelasting);

(hierna „Nederlandse belasting” genoem);

(b) in Suid-Afrika:

- (i) die normale belasting;
- (ii) die sekondêre belasting op maatskappye; en
- (iii) die terughoudingsbelasting op tantième;

(hierna „Suid-Afrikaanse belasting” genoem).

4. Die Konvensie is van toepassing op enige identiese of wesenlik soortgelyke belastings, insluitende belastings op dividende, wat opgelê word deur enige van die Kontrakterende State na die datum van ondertekening van die Konvensie benewens, of in die plek van, die bestaande belastings. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet mekaar van enige beduidende veranderinge verwittig wat aangebring is aan hulle onderskeie belastingwette.

[Para. 4 gewysig deur Gk 32 van 23 Januarie 2009.]

HOOFSTUK II WOORDOMSKRYWINGS

ARTIKEL 3

Algemene Woordomskrywings

1. Vir doeleindes van hierdie Konvensie, tensy die samehang anders vereis:
- (a) beteken die uitdrukkings „’n Kontrakterende Staat” en „die ander Kontrakterende Staat” die Koninkryk van die Nederlande (die Nederlande) of die Republiek van Suid-Afrika (Suid-Afrika), na gelang die samehang vereis;
 - (b) beteken die uitdrukking „die Nederlande” die deel van die Koninkryk van die Nederlande wat in Europa geleë is, met inbegrip van sy territoriale waters, en enige deel buite die territoriale waters waarbinne die Nederlande, ooreenkomstig die volkereg, jurisdiksie of soewereine regte met betrekking tot die seebodem, sy ondergrond en sy boliggende waters en sy natuurlike hulpbronne uitoeven;
 - (c) beteken die uitdrukking „Suid-Afrika” die Republiek van Suid-Afrika en, wanneer in ’n geografiese verband gebruik, ook die territoriale waters daarvan en enige gebied buite die territoriale waters, met inbegrip van die kontinentale plat, wat ingevolge die reg van Suid-Afrika en ooreenkomstig die volkereg aangewys is of

hierna aangewys word as 'n gebied waarbinne Suid-Afrika soewereine regte of jurisdiksie mag uitoefen;

- (d) sluit die uitdrukking „besigheid” die uitvoering van professionele dienste en van ander bedrywighede van 'n onafhanklike aard in;
 - (e) sluit die uitdrukking „persoon” ook 'n individu, 'n maatskappy en enige ander liggaam van persone in;
 - (f) beteken die uitdrukking „maatskappy” enige regs persoon of enige entiteit wat vir belastingdoeleindes as 'n regs persoon behandel word;
 - (g) het die uitdrukking „onderneming” betrekking op die dryf van enige besigheid;
 - (h) beteken die uitdrukking „onderneming van 'n Kontrakterende Staat” en „onderneming van die ander Kontrakterende Staat onderskeidelik 'n onderneming gedryf deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat en 'n onderneming gedryf deur 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat;
 - (i) beteken die uitdrukking „internasionale verkeer” enige vervoer per skip of vliegtuig bedryf deur 'n onderneming wat sy plek van effektiewe bestuur in 'n Kontrakterende Staat het, behalwe wanneer die skip of vliegtuig uitsluitlik tussen plekke in die ander Kontrakterende Staat bedryf word;
 - (j) beteken die uitdrukking „burger”:
 - (i) enige individu wat burgerskap van 'n Kontrakterende Staat het;
 - (ii) enige regs persoon, vennootskap of vereniging wat sodanige status verkry uit die wette wat in 'n Kontrakterende Staat van krag is;
 - (k) beteken die uitdrukking „bevoegde owerheid”:
 - (i) in die Nederlande, die Minister van Finansies of 'n gemagtigde verteenwoordiger;
 - (ii) in Suid-Afrika, die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens of 'n gemagtigde verteenwoordiger.
2. Betreffende die toepassing te eniger tyd van die bepalings van die Konvensie deur 'n Kontrakterende Staat het enige uitdrukking wat nie daarin omskryf is nie, tensy die samehang anders vereis, die betekenis wat ingevolge daardie Staat se reg op daardie tydstip daaraan geheg word vir doeleindes van die belasting wette waarop die Konvensie van toepassing is, en enige betekenis ingevolge die toepaslike belastingwette van daardie Staat geniet voorrang bo die betekenis aan die uitdrukking gegee kragtens ander wette van daardie Staat.

ARTIKEL 4

Inwoner

1. Vir doeleindes van hierdie Konvensie beteken die uitdrukking „inwoner van 'n Kontrakterende Staat”:
- (a) enige persoon wat kragtens die wette van daardie Staat daarin belastingpligtig is uit hoofde van daardie persoon se domisilie, verblyf, plek van bestuur of enige ander soortgelyke kriterium, en sluit dit ook daardie Staat en enige staatkundige onderafdeling of plaaslike owerheid daarvan in. Hierdie uitdrukking sluit egter nie 'n persoon in nie wat in daardie Staat belastingpligtig is slegs ten opsigte van inkomste uit bronne in daardie Staat of kapitaal daarin geleë nie;

- (b) 'n pensioenfonds wat erken en beheer word ingevolge die statutêre bepalings van 'n Kontrakterende Staat en waarvan die inkomste in die algemeen in daardie Staat van belasting vrygestel is.
2. Waar 'n individu uit hoofde van die bepalings van paragraaf 1 'n inwoner van albei Kontrakterende State is, word daardie individu se status soos volg bepaal:
 - (a) die individu word geag 'n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarin 'n permanente tuiste tot die beskikking van die individu is; indien 'n permanente tuiste in albei State tot die beskikking van die individu is, word die individu geag 'n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarmee die individu se persoonlike en ekonomiese betrekkinge die nouste is (tuiste van lewensbelange);
 - (b) indien die uitsluitlike verblyfplek nie ingevolge die bepalings van subparagraaf (a) vasgestel kan word nie, word die individu geag 'n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarin die individu 'n gebruikelike verblyfplek het;
 - (c) indien die individu 'n gebruikelike verblyfplek in albei State het, of in geeneen van hulle nie, word die individu geag 'n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarvan die individu 'n burger is;
 - (d) indien die individu 'n burger van albei State is, of van geeneen van hulle nie, beslis die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State die saak deur middel van onderlinge ooreenkoms.
 3. Waar 'n ander persoon as 'n individu uit hoofde van die bepalings van paragraaf 1 'n inwoner van albei Kontrakterende State is, word dit geag 'n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarin die plek van effektiewe bestuur daarvan geleë is.

ARTIKEL 5

Permanente Saak

1. Vir doeleindes van hierdie Konvensie beteken die uitdrukking „permanente saak” 'n vaste besigheidsplek waardeur die besigheid van 'n onderneming geheel en al of gedeeltelik gedryf word.
2. Die uitdrukking „permanente saak” sluit veral in:
 - (a) 'n plek van bestuur;
 - (b) 'n tak;
 - (c) 'n kantoor;
 - (d) 'n fabriek;
 - (e) 'n werkwinkel, en
 - (f) 'n myn, 'n olie- of gasbron, 'n steengroef of enige ander plek van ontginning van natuurlike hulpbronne.
3. 'n Bouterrein, 'n konstruksie-, monteer- of installasieprojek of enige toesighoudende bedrywigheid in verband met sodanige terrein of projek, maak 'n permanente saak uit slegs indien sodanige terrein, projek of bedrywigheid langer as twaalf maande voortduur.
4. Ondanks die voorgaande bepalings van hierdie Artikel, word die uitdrukking „permanente saak” geag nie in te sluit nie:
 - (a) die gebruik van fasiliteite uitsluitlik met die doel om goedere of handelware wat aan die onderneming behoort, te berg, te vertoon of af te lewer;

- (b) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelware wat aan die onderneming behoort, uitsluitlik met die doel om dit te berg, te vertoon of af te lewer;
 - (c) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelware wat aan die onderneming behoort, uitsluitlik vir die doel van verwerking deur 'n ander onderneming;
 - (d) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik met die doel om vir die onderneming goedere of handelware aan te koop of inligting in te win;
 - (e) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik met die doel om enige ander bedrywigheid wat van 'n voorlopige of bykomstige aard is, vir die onderneming te beoefen; en
 - (f) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik vir enige kombinasie van bedrywigheide in subparagraawe (a) tot (e) genoem, met dien verstande dat die algehele bedrywigheid van die vaste besigheidsplek wat spruit uit hierdie kombinasie, van 'n voorlopige of bykomstige aard is.
5. Ondanks die bepalings van paragraawe 1 en 2, waar 'n persoon – uitgesonderd 'n agent met 'n onafhanklike status op wie paragraaf 6 van toepassing is – namens 'n onderneming optree en magtiging het, en dit gewoonlik uitoefen, om in 'n Kontrakterende Staat kontrakte in die naam van die onderneming te sluit, word daardie onderneming geag 'n permanente saak in daardie Staat te hê ten opsigte van enige bedrywigheide wat daardie persoon vir die onderneming onderneem, tensy die bedrywigheide van sodanige persoon beperk is tot dié in paragraaf 4 genoem wat, indien dit deur middel van 'n vaste besigheidsplek uitgeoefen word, nie hierdie vaste besigheidsplek ingevolge die bepalings van daardie paragraaf 'n permanente saak sou maak nie.
 6. 'n Onderneming word nie geag 'n permanente saak in 'n Kontrakterende Staat te hê nie bloot omdat dit in daardie Staat besigheid dryf deur middel van 'n makelaar, algemene kommissie-agent of enige ander agent met 'n onafhanklike status, met dien verstande dat sodanige persone in die gewone loop van hulle besigheid optree.
 7. Die feit dat 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, beheer het oor of beheer word deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, of wat in daardie ander Staat besigheid dryf (hetsy deur middel van 'n permanente saak of andersins), beteken nie op sigself dat enigeen van die maatskappye 'n permanente saak van die ander is nie.

HOOFSTUK III BELASTING VAN INKOMSTE

ARTIKEL 6 *Inkomste uit Onroerende Eiendom*

1. Inkomste deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry uit onroerende eiendom verkry (met inbegrip van inkomste uit landbou of bosbou) wat in die ander Kontrakterende Staat geleë is, kan in daardie ander Staat belas word.
2. Die uitdrukking „onroerende eiendom” het die betekenis wat daaraan geheg word ingevolge die reg van die Kontrakterende Staat waarin die betrokke eiendom geleë is. Die uitdrukking sluit in ieder geval in eiendom bykomstig by onroerende eiendom, lewende hawe en toerusting wat in landbou en bosbou gebruik word, regte waarop die bepalings van die

algemene reg betreffende grondbesit van toepassing is, vruggebruik van onroerende eiendom en regte op wisselende of vaste betalings as vergoeding vir die ontginning van, of die reg op die ontginning van, mineraalafsettings, bronne en ander natuurlike hulpbronne. Skepe, bote en vliegtuie word nie as onroerende eiendom beskou nie.

3. Die bepalings van paragraaf 1 is van toepassing op inkomste verkry uit die regstreekse gebruik, verhuring of gebruik in enige ander vorm van onroerende eiendom.
4. Die bepalings van paragrawe 1 en 3 is ook van toepassing op die inkomste uit onroerende eiendom van 'n onderneming.

ARTIKEL 7

Besigheidswinste

1. Die winste van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat is slegs in daardie Staat belasbaar, tensy die onderneming in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë is. Indien die onderneming soos voorgemelde besigheid dryf, kan die winste van die onderneming in die ander Staat belas word, maar slegs soveel daarvan as wat aan daardie permanente saak toeskryfbaar is.
2. Behoudens die bepalings van paragraaf 3, waar 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak wat daarin geleë is, word daar in elke Kontrakterende Staat aan daardie permanente saak die winste toegeskryf wat dit na verwagting sou kon behaal indien dit 'n afsonderlike en aparte onderneming was wat met dieselfde of soortgelyke bedrywighede onder dieselfde of soortgelyke voorwaardes besig is en geheel en al onafhanklik sake doen met die onderneming waarvan dit 'n permanente saak is.
3. By die vasstelling van die winste van 'n permanente saak word uitgawes wat vir doeleindes van die permanente saak aangegaan word, insluitende bestuurs- en algemene administratiewe uitgawes aldus aangegaan, as aftrekkings toegelaat, hetsy in die Kontrakterende Staat waarin die permanente saak geleë is of elders.
4. Vir sover dit in 'n Kontrakterende Staat gebruiklik is om die winste wat aan 'n permanente saak toegeskryf moet word, vas te stel op die grondslag van 'n toedeling van die totale winste van die onderneming aan sy onderskeie dele, belet niks in paragraaf 2 daardie Kontrakterende Staat om die winste wat belas moet word, deur sodanige toedeling as wat gebruiklik is, vas te stel nie. Die metode van toedeling wat aanvaar word, moet egter sodanig wees dat die resultaat in ooreenstemming is met die beginsels in hierdie Artikel vervat.
5. Geen winste word aan 'n permanente saak toegeskryf uit hoofde van die blote aankoop deur daardie permanente saak van goedere of handelware vir die onderneming nie.
6. Vir doeleindes van die voorgaande paragrawe, word die winste wat aan die permanente saak toegeskryf moet word, jaar na jaar volgens dieselfde metode vasgestel, tensy daar goeie en afdoende rede vir die teendeel is.
7. Waar winste inkomste-items insluit wat afsonderlik in ander Artikels van hierdie Konvensie behandel word, word die bepalings van daardie Artikels nie deur die bepalings van hierdie Artikel geraak nie.

ARTIKEL 8

Skeepvaart en Lugvervoer

1. Winste uit die bedryf van skepe of vliegtuie in internasionale verkeer is slegs in die Kontrakterende Staat waarin die plek van effektiewe bestuur van die onderneming geleë is, belasbaar.
2. Indien die plek van effektiewe bestuur van 'n skeepvaartonderneming aan boord van 'n skip is, word dit geag geleë te wees in die Kontrakterende Staat waarin die tuishawe van die skip geleë is, of, indien daar geen sodanige tuishawe is nie, in die Kontrakterende Staat waarvan die operateur van die skip 'n inwoner is.
3. Vir doeleindes van hierdie Konvensie sluit winste verkry deur 'n onderneming van een van die State uit die bedryf van skepe of vliegtuie in internasionale verkeer, winste in uit:
 - (a) die verhuring van skepe of vliegtuie bedryf in internasionale verkeer;
 - (b) die gebruik of verhuring van houers (met inbegrip van treilers en verwante toerusting vir die vervoer van houers) gebruik in internasionale verkeer; en
 - (c) die verhuring van skepe, vliegtuie of houers (met inbegrip van treilers en verwante toerusting vir die vervoer van houers of die instandhouding daarvan), met dien verstande dat sodanige winste bykomstig is by winste in paragraaf 1, of subparagrafe (a) of (b) van hierdie paragraaf, bedoel.
4. Die bepalings van paragraaf 1 is ook van toepassing op winste verkry uit die deelname aan 'n poel, 'n gesamentlike besigheid of 'n internasionale bedryfsagentskap.

ARTIKEL 9

Verwante Ondernemings

1. Waar:
 - (a) 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat regstreeks of onregstreeks aan die bestuur van, beheer oor of kapitaal van 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat deelneem; of
 - (b) dieselfde persone regstreeks of onregstreeks aan die bestuur van, beheer oor of kapitaal van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat en 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat deelneem,

en voorwaardes in engeen van die gevalle tussen die twee ondernemings met betrekking tot hul handels- of finansiële betrekkinge gestel of opgelê word wat verskil van dié wat tussen onafhanklike ondernemings gestel sou word, kan enige winste wat by ontstentenis van daardie voorwaardes aan een van die ondernemings sou toegeval het, maar as gevolg van daardie voorwaardes nie aldus toegeval het nie, by die winste van daardie onderneming ingesluit en dienooreenkomstig belas word.

2. Waar 'n Kontrakterende Staat by die winste van 'n onderneming van daardie Staat winste insluit – en dit dienooreenkomstig belas – waarop 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat in daardie ander Staat belas is en die winste aldus ingesluit winste is wat aan die onderneming van eersgenoemde Staat sou toegeval het indien die voorwaardes tussen die twee ondernemings gestel dieselfde was as dié wat tussen onafhanklike ondernemings gestel sou gewees het, pas daardie ander Staat die bedrag van die belasting wat op daardie winste gehef word, toepaslik aan. By die vasstelling van sodanige aanpassing, moet die ander bepalings van hierdie Konvensie behoorlik in ag geneem word en die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State mekaar, indien nodig, raadpleeg.

ARTIKEL 10

Dividende

[Artikel 10 vervang deur Gk 32 van 23 Januarie 2009.]

1. Dividende betaal deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat kan belas word in daardie ander Staat.
2. Sodanige dividende kan egter ook belas word in die Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy wat die dividende betaal 'n inwoner is en volgens die wette van daardie Staat, maar indien die voordelige eienaar van die dividende 'n inwoner is van die ander Kontrakterende Staat, mag die belasting daarop bereken, nie die volgende te bowe gaan nie:
 - (a) 5 persent van die bruto bedrag van die dividende indien die voordelige eienaar 'n maatskappy is wat minstens 10 persent van die kapitaal hou van die maatskappy wat die dividende betaal; of
 - (b) 10 persent van die bruto bedrag van die dividende in alle ander gevalle.
3. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet deur onderlinge ooreenkoms die wyse van toepassing van paragraaf 2 beslis.
4. Die bepalings van paragraaf 2 raak nie die belasting van die maatskappy betreffende die winste waaruit die dividende betaal word nie.
5. Die uitdrukking „dividende” soos in hierdie Artikel gebruik beteken inkomste uit aandele, „jouissance”-aandele of mynaandele, stigtersaandele of ander regte wat in winste deel, sowel as inkomste uit skuldeise wat in winste deel en inkomste uit ander korporatiewe regte wat aan dieselfde belastingbehandeling onderhewig is as inkomste uit aandele deur wette van die Staat waarin die maatskappy die uitkering doen 'n inwoner is.
6. Die bepalings van paragrawe 1 en 2 is nie van toepassing indien die voordelige eienaar van die dividende wat 'n inwoner van die Kontrakterende Staat is, besigheid in die ander Kontrakterende Staat dryf nie, deur 'n permanente installing daarin geleë en die besit ten opsigte waarvan die dividende betaal word, doeltreffend verbind is met sodanige permanente instelling. In sodanige geval is die bepalings van Artikel 7 van toepassing.
7. Waar 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, wins of inkomste uit die ander Kontrakterende Staat ontvang, mag daardie ander Staat nie belasting ople op die dividende betaal deur die maatskappy nie, buiten vir sover sodanige dividende betaal word aan 'n inwoner van daardie ander Staat of vir sover die houding ten opsigte waarvan die dividende betaal word, doeltreffend verbind is met 'n permanente instelling gelee in daardie ander Staat, en mag ook nie die maatskappy se onuitgekeerde winste onderwerp aan 'n belasting op die maatskappy se onuitgekeerde winste nie, selfs as die dividende betaal of die onuitgekeerde winste volledig of deels bestaan uit winste of inkomste wat in sodanige ander Staat ontstaan.
8. Die bepalings van hierdie Artikel is nie van toepassing nie indien dit die hoofmerk of een van die hoofmerke was van enige persoon betrokke by die skepping of toewysing van die aandele of ander regte ten opsigte waarvan die dividende betaal word, om hierdie Artikel uit te buit deur daardie skepping of toewysing.
9. Ondanks die bepalings van paragrawe 1, 2 en 7, kan dividende betaal deur 'n maatskappy waarvan die kapitaal verdeel is in aandele en wat ingevolge die wette van 'n Staat 'n inwoner van daardie Staat is, aan 'n individu wat 'n inwoner van 'n ander Staat is, belas word in die eersgenoemde Staat in ooreenstemming met die wette van daardie Staat, indien daardie individu - hetsy alleen of met sy of haar eggenoot - of een van hulle bloedverwante

of aangetroude familie in die direkte lyn direk of indirek minstens 5 persent hou van die uitgereikte kapitaal van 'n besondere Was aandele in daardie maatskappy. Hierdie bepaling is van toepassing slegs indien die individu aan wie die dividende betaal word 'n inwoner was in eersgenoemde Staat in die loop van die laaste tien jaar wat die jaar vooafgaan waarin die dividende betaal word en mits, teen die tyd wat die individu 'n inwoner van die ander Staat geword het, bogenoemde voorwaardes betreffende gedeelde eienaarskap in genoemde maatskappy nagekom is.

In gevalle waar, ingevolge die landsreg van eersgenoemde Staat, 'n aanslag uitgereik is aan die individu aan wie die dividende betaal word ten opsigte van die vervreemding van bogenoemde aandele geag word plaasgevind het ten tyde van die individu se emigrasie uit eersgenoemde Staat, geld bogenoemde slegs solank as wat deel van die aanslag steeds betaalbaar is.

10. Indien ingevolge 'n konvensie vir die vermyding van dubbele belasting gesluit na die datum van hierdie Konvensie tussen die Republiek van Suid-Afrika en 'n derde land, Suid-Afrika sy belasting op dividende beperk soos beoog in subparagraaf (a) van paragraaf 2 van hierdie Artikel tot 'n laer koers, insluitende vrystelling van belasting of belasting op 'n verminderde belasbare basis, as die koers bepaal in subparagraaf (a) van paragraaf 2 van hierdie Artikel, is dieselfde koers, dieselfde vrystelling of dieselfde verminderde belasbare basis soos bepaal in die konvensie met daardie derde Staat outomaties van toepassing in beide Kontrakterende State ingevolge hierdie Konvensie met ingang van die datum van inwerkingtreding van die konvensie met daardie derde Staat.

ARTIKEL 11

Rente

1. Rente wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en voordelig besit word deur 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat, is slegs in daardie ander Staat belasbaar.
2. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State bepaal die wyse van toepassing van paragraaf 1 deur onderlinge ooreenkoms.
3. Die uitdrukking „rente” soos in hierdie Artikel gebruik, beteken inkomste uit alle soorte skuldeise, hetsy gesekureer deur verband al dan nie, maar nie 'n reg inhou om in die skuldenaar se winste te deel nie en, in die besonder, inkomste uit staatseffekte en inkomste uit obligasies of skuldbriewe, met inbegrip van premies en pryse aan sodanige effekte, obligasies of skuldbriewe verbonde. Boeteheffings vir laat betaling word by die toepassing van hierdie Artikel nie as rente beskou nie.
4. Die bepalings van paragraaf 1 is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die rente, wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat waarin die rente ontstaan, besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë en die skuldeis ten opsigte waarvan die rente betaal word, effektief verbonde is aan sodanige permanente saak. In sodanige geval is die bepalings van Artikel 7 van toepassing.
5. Rente word geag in 'n Kontrakterende Staat te ontstaan wanneer die betaler 'n inwoner van daardie Staat is. Waar die persoon wat die rente betaal, hetsy daardie persoon 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is al dan nie, egter in 'n Kontrakterende Staat 'n permanente saak het in verband waarmee die skuldeis waarop die rente betaal word, aangegaan is, en sodanige rente deur sodanige permanente saak gedra word, word sodanige rente geag te ontstaan in die Staat waarin die permanente saak geleë is.
6. Waar, vanweë 'n besondere verband tussen die betaler en die voordelige eienaar of tussen hulle albei en 'n ander persoon, die bedrag van die rente, met inagneming van die skuldeis

waarvoor dit betaal word, die bedrag te bowe gaan waarop die betaler en die voordelige eienaar by ontstentenis van sodanige verband sou ooreengekom het, is die bepalings van hierdie Artikel slegs op laasgenoemde bedrag van toepassing. In sodanige geval, bly die oormaat deel van die betalings belasbaar ooreenkomstig die wette van elk van die Kontrakterende State, met behoorlike inagneming van die ander bepalings van hierdie Konvensie.

ARTIKEL 12

Tantième

1. Tantième wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en voordelig besit word deur 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat, is slegs in daardie ander Staat belasbaar.
2. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State bepaal die wyse van toepassing van paragraaf 1 deur onderlinge ooreenkoms.
3. Die uitdrukking „tantième” soos in hierdie Artikel gebruik, beteken betaling van enige aard ontvang as vergoeding vir die gebruik van, of die reg op die gebruik van, enige outeursreg op letterkundige, artistieke of wetenskaplike werk (met inbegrip van kinematograaffilms en films, bande of skywe vir radio- of televisie- uitsending) enige patent, handelsmerk, ontwerp of model, plan, geheime formule of proses, of vir inligting aangaande industriële, kommersiële of wetenskaplike ondervinding.
4. Die bepalings van paragraaf 1 is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die tantième, wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat waarin die tantième ontstaan, besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë en die reg of eiendom ten opsigte waarvan die tantième betaal word, effektief verbonde is aan sodanige permanente saak. In sodanige geval is die bepalings van Artikel 7 van toepassing.
5. Tantième word geag in 'n Kontrakterende Staat te ontstaan wanneer die betaler 'n inwoner van daardie Staat is. Waar die persoon wat die tantième betaal, hetsy daardie persoon 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is al dan nie, egter in 'n Kontrakterende Staat 'n permanente saak het waaraan die reg of eiendom ten opsigte waarvan die tantième betaal word, effektief verbonde is, en sodanige tantième deur sodanige permanente saak gedra word, word sodanige tantième geag te ontstaan in die Staat waarin die permanente saak geleë is.
6. Waar, vanweë 'n besondere verband tussen die betaler en die voordelige eienaar of tussen hulle albei en 'n ander persoon, die bedrag van die tantième, met inagneming van die gebruik, reg of inligting waarvoor dit betaal word, die bedrag te bowe gaan waarop die betaler en die voordelige eienaar by ontstentenis van sodanige verband sou ooreengekom het, is die bepalings van hierdie Artikel slegs op laasgenoemde bedrag van toepassing. In sodanige geval, bly die oormaat deel van die betalings belasbaar ooreenkomstig die wette van elk van die Kontrakterende State, met behoorlike inagneming van die ander bepalings van hierdie Konvensie.

ARTIKEL 13

Kapitaalwinste

1. Winste deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry uit die vervreemding van onroerende eiendom in Artikel 6 bedoel en wat in die ander Kontrakterende Staat geleë is, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Winste uit die vervreemding van roerende eiendom wat deel uitmaak van die besigheidseiendom van 'n permanente saak wat 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het, met inbegrip van sodanige winste uit die vervreemding van so 'n permanente saak (alleen of tesame met die onderneming in sy geheel), kan in daardie ander Staat belas word.
3. Winste uit die vervreemding van skepe of vliegtuie bedryf in internasionale verkeer of roerende eiendom wat betrekking het op die bedryf van sodanige skepe of vliegtuie, is slegs in die Kontrakterende Staat waarin die plek van effektiewe bestuur van die onderneming geleë is, belasbaar. Vir doeleindes van hierdie paragraaf is die bepalings van paragraaf 2 van Artikel 8 van toepassing.
4. Winste uit die vervreemding van enige ander eiendom as dié bedoel in paragrawe 1, 2 en 3, is slegs belasbaar in die Kontrakterende Staat waarvan die vervreemder 'n inwoner is.
5. Ondanks die bepalings van paragraaf 4, kan 'n Kontrakterende Staat ooreenkomstig sy eie wette, met inbegrip van die vertolking van die uitdrukking „vervreemding”, belasting hef op winste verkry deur 'n individu wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, uit die vervreemding van aandele in, „jouissance”-regte van of skuldeise in 'n maatskappy waarvan die kapitaal in aandele verdeel is en wat, ingevolge die wette van die eersgenoemde Kontrakterende Staat, 'n inwoner van daardie Staat is, en uit die vervreemding van 'n gedeelte van die regte wat aan genoemde aandele gekoppel is, „jouissance”-aandele of skuldeise, indien daardie individu – of alleen of met sy of haar gade of een van hulle familielede wat bloedverwant of aangetroud is in die direkte lyn, direk of indirek minstens 5 persent hou van die uitgereikte kapitaal van 'n bepaalde klas aandele in daardie maatskappy. Hierdie bepaling is slegs van toepassing indien die individu wat die winste verkry 'n inwoner van die eersgenoemde Staat was te eniger tyd gedurende die tien jaar wat die jaar waarin die winste verkry word voorafgaan en met dien verstande dat, op die tydstip toe die individu 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat geword het, die bogenoemde voorwaardes met betrekking tot aandeelbesit in bedoelde maatskappy bevredig was. In gevalle waar, ingevolge die landsreg van die eersgenoemde Kontrakterende Staat, 'n aanslag aan die individu uitgereik is ten opsigte van die vervreemding van die voormelde aandele wat geag word plaas te gevind het ten tyde van die individu se emigrasie uit die eersgenoemde Kontrakterende Staat, is die bogemelde slegs van toepassing vir solank as wat 'n gedeelte van die aanslag nog verskuldig is.

ARTIKEL 14

Inkomste uit 'n Diensbetrekking

1. Behoudens die bepalings van Artikels 15, 17, 18 en 19, is salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat ten opsigte van 'n diensbetrekking, slegs in daardie Staat belasbaar, tensy die diensbetrekking in die ander Kontrakterende Staat beoefen word. Indien die diensbetrekking aldus beoefen word, kan sodanige besoldiging as wat daaruit verkry word, in daardie ander Staat belas word.
2. Ondanks die bepalings van paragraaf 1, is besoldiging verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat ten opsigte van 'n diensbetrekking beoefen in die ander Kontrakterende Staat, slegs in eersgenoemde Staat belasbaar indien:
 - (a) die ontvanger in die ander Staat teenwoordig is vir 'n tydperk of tydperke wat altesaam nie 183 dae in enige tydperk van twaalf maande beginnende of eindigende in die betrokke fiskale jaar, te bowe gaan nie, en

- (b) die besoldiging betaal word deur, of namens, 'n werkgewer wat nie 'n inwoner van die ander Staat is nie, en
 - (c) die besoldiging nie gedra word deur 'n permanente saak wat die werkgewer in die ander Staat het nie.
3. Ondanks die voorgaande bepalings van hierdie Artikel, is besoldiging verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat ten opsigte van 'n diensbetrekking beoefen aan boord van 'n skip of vliegtuig bedryf in internasionale verkeer, slegs in daardie Staat belasbaar.

ARTIKEL 15

Direkteursgelde

Direkteursgelde of ander besoldiging verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat in daardie persoon se hoedanigheid van lid van die direksie, 'n „bestuurder” of 'n „commissaris” van 'n maatskappy wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, kan in daardie ander Staat belas word.

ARTIKEL 16

Verhoogkunstenars en Sportlui

1. Ondanks die bepalings van Artikels 7 en 14, kan inkomste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat as 'n verhoogkunstenaar, soos 'n teater-, rolprent-, radio- of televisie-arties, of 'n musikant, of as 'n sportpersoon, uit daardie persoon se persoonlike bedrywighede as sodanig wat in die ander Kontrakterende Staat beoefen word, in daardie ander Staat belas word.
2. Waar inkomste ten opsigte van persoonlike bedrywighede wat deur 'n verhoogkunstenaar of 'n sportpersoon in dié hoedanigheid beoefen word, nie aan die verhoogkunstenaar of sportpersoon self toeval nie, maar aan 'n ander persoon, kan daardie inkomste, ondanks die bepalings van Artikels 7 en 14, belas word in die Kontrakterende Staat waarin die bedrywighede van die verhoogkunstenaar of sportpersoon beoefen word.
3. Paragrafe 1 en 2 is nie van toepassing nie op inkomste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat uit bedrywighede wat in die ander Kontrakterende Staat beoefen word indien die besoek aan daardie ander Staat geheel en al of hoofsaaklik ondersteun word deur openbare fondse van die eersgenoemde Staat, 'n staatkundige onderverdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan, of ingevolge 'n kulturele ooreenkoms of reëling tussen die Regerings van die Kontrakterende State plaasvind. In sodanige geval, is die inkomste slegs in die Kontrakterende Staat waarvan die verhoogkunstenaar of sportpersoon 'n inwoner is, belasbaar.

ARTIKEL 17

Pensioene, Annuïteite en Bestaansbeveiligingsbetalings

1. Pensioene en ander soortgelyke besoldiging, en annuïteite, wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, kan in eersgenoemde Staat belas word.
2. Enige pensioen en ander betaling uitbetaal ingevolge die bepalings van 'n bestaansbeveiligingstelsel van 'n Kontrakterende Staat aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat kan in die eersgenoemde Staat belas word.
3. Ondanks voorafgaande paragrafe, is pensioene, toelaes en voordele gebaseer op die Nederlandse wette en regulasies betreffende finansiële steun aan slagoffers van die Tweede

Wereldoorlog en hulle naasbestaendes, indien betaal aan inwoners van Suid-Afrika, in Suid-Afrika belasbaar.

[Para. 3 gewysig deur Gk 32 van 23 Januarie 2009.]

4. Die uitdrukking „annuïteit” beteken ’n vermelde bedrag wat periodiek op vermelde tye gedurende lewe of gedurende ’n gespesifiseerde of vasstelbare tydperk betaalbaar is ingevolge ’n verpligting om die betalings te doen in ruil vir voldoende en volle vergoeding in geld of geldwaarde.

[Para. 4 voorheen para. 3, hernommer deur Gk 32 van 23 Januarie 2009.]

5. ’n Pensioen of ander soortgelyke besoldiging of annuïteit word geag verkry te wees vanaf ’n Kontrakterende Staat indien en vir sover as wat die bydraes of betalings verwant aan die pensioen of soortgelyke besoldiging of annuïteit, of die regte daaruit ontvang in daardie Staat vir verligting gekwalifiseer het. Die oordrag van ’n pensioen uit ’n pensioenfonds of ’n versekeringsmaatskappy in ’n Kontrakterende Staat na ’n pensioenfonds of ’n versekeringsmaatskappy in ’n ander Staat beperk in geen mate die belastingreg van die eersgenoemde Staat ingevolge hierdie Artikel nie.

[Para. 5 voorheen para. 4, hernommer deur Gk 32 van 23 Januarie 2009.]

ARTIKEL 18

Regeringsdiens

1. (a) Salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging, uitgesonderd ’n pensioen, betaal deur ’n Kontrakterende Staat of ’n staatkundige onderafdeling of ’n plaaslike owerheid daarvan aan ’n individu ten opsigte van dienste gelewer aan daardie Staat of onderafdeling of owerheid, kan in daardie Staat belas word.
(b) Sodanige salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging is egter slegs in die ander Kontrakterende Staat belasbaar indien die dienste in daardie Staat gelewer word en die individu ’n inwoner van daardie Staat is wat:
 - (i) ’n burger van daardie Staat is; of
 - (ii) nie ’n inwoner van daardie Staat geword het met die uitsluitlike doel om die dienste te lewer nie.
2. Die bepalinge van Artikels 14, 15 en 17 is van toepassing op salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging en op pensioene ten opsigte van dienste gelewer in verband met ’n besigheid gedryf deur ’n Kontrakterende Staat of ’n staatkundige onderafdeling of ’n plaaslike owerheid daarvan.

ARTIKEL 19

Professore en Onderwysers

1. ’n Individu wat een van die Kontrakterende State besoek vir ’n tydperk wat nie twee jaar te bowe gaan nie met die doel om onderrig te gee aan of navorsing te doen by ’n universiteit, kollege of ander erkende opvoedkundige inrigting in daardie Staat en wat onmiddellik voor daardie besoek ’n inwoner was van die ander Kontrakterende Staat, is slegs in daardie ander Staat belasbaar op enige besoldiging ontvang vir sodanige onderrig of navorsing vir ’n tydperk wat nie twee jaar vanaf die eerste datum waarop die individu vir die eerste keer die eersgenoemde Staat vir sodanige doel besoek nie, te bowe gaan nie.
2. Hierdie Artikel is nie van toepassing nie op inkomste uit navorsing indien sodanige navorsing nie in die openbare belang onderneem word nie maar hoofsaaklik vir die private voordeel van ’n spesifieke persoon of persone.

ARTIKEL 20

Studente

Studente of besigheidsvakleerlinge wat in 'n Kontrakterende Staat teenwoordig is uitsluitlik vir die doel van hulle onderrig of opleiding en wat inwoners is, of onmiddellik voor sodanige teenwoordigheid inwoners was, van die ander Kontrakterende Staat, is in eersgenoemde Staat vrygestel van belasting op betalings ontvang van buite daardie eersgenoemde Staat vir die doel van hulle onderhoud, onderrig of opleiding.

ARTIKEL 21

Ander Inkomste

1. Inkomste-items van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, waar dit ook al ontstaan, wat nie in die voorgaande Artikels van hierdie Konvensie behandel is nie, is slegs in daardie Staat belasbaar.
2. Die bepalings van paragraaf 1 is nie van toepassing op inkomste nie, behalwe inkomste uit onroerende eiendom soos in paragraaf 2 van Artikel 6 omskryf, indien die ontvanger van sodanige inkomste, wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë en die reg of eiendom ten opsigte waarvan die inkomste betaal word, effektief met sodanige permanente saak verbonde is. In sodanige geval, is die bepalings van Artikel 7 van toepassing.

HOOFSTUK IV BELASTING VAN KAPITAAL

ARTIKEL 22

Kapitaal

1. Kapitaal verteenwoordig deur onroerende eiendom in Artikel 6 bedoel wat deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat besit word en in die ander Kontrakterende Staat geleë is, kan in daardie ander Staat belas word.
2. Kapitaal verteenwoordig deur roerende eiendom wat deel uitmaak van die besigheidseiendom van 'n permanente saak wat 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het, kan in daardie ander Staat belas word.
3. Kapitaal verteenwoordig deur skepe en vliegtuie wat in internasionale verkeer bedryf word, en deur roerende eiendom wat betrekking het op die bedryf van sodanige skepe en vliegtuie, is slegs in die Kontrakterende Staat waarin die plek van effektiewe bestuur van die onderneming geleë is, belasbaar. Vir doeleindes van hierdie paragraaf is die bepalings van paragraaf 2 van Artikel 8 van toepassing.
4. Alle ander kapitaalelemente van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is slegs in daardie Staat belasbaar.

HOOFSTUK V
UITSKAKELING VAN DUBBELE BELASTING

ARTIKEL 23

Uitskakeling van Dubbele Belasting

1. Die Nederlande kan, by die oplegging van belasting op sy inwoners, in die basis waarop sodanige belastings opgelê gehê word, die inkomste-items of kapitaal insluit wat, ooreenkomstig die bepalings van hierdie Konvensie, in Suid-Afrika belas kan word.
2. Waar 'n inwoner van die Nederlande egter inkomste-items verkry of kapitaal-items besit wat ooreenkomstig Artikel 6, Artikel 7, paragraaf 6 van Artikel 10, paragraaf 4 van Artikel 11, paragraaf 4 van Artikel 12, paragrawe 1 en 2 van Artikel 13, paragraaf 1 van Artikel 14, paragrawe 1 en 2 van Artikel 17, paragraaf 1 (subparagraaf (a)) van Artikel 18, paragraaf 2 van Artikel 21 en paragrawe 1 en 2 van Artikel 22 van hierdie Konvensie in Suid-Afrika belas kan word en ingesluit is in die basis in paragraaf 1 bedoel, stel die Nederlande sodanige items van inkomste of kapitaal vry deur 'n vermindering van sy belasting toe te laat. Hierdie vermindering word bereken ooreenkomstig die bepalings van die Nederlandse reg vir die vermyding van dubbele belasting. Vir daardie doel word die bedoelde items van inkomste of kapitaal geag ingesluit te wees in die totale bedrag van die items van inkomste of kapitaal wat van Nederlandse belasting vrygestel is ingevolge daardie bepalings.

[Para. 2 gewysig deur Gk 32 van 23 Januarie 2009.]

3. Die Nederlande laat verder 'n aftrekking toe van die Nederlandse belasting aldus bereken vir die inkomste-items wat ooreenkomstig paragraaf 2 en 9 van Artikel 10, paragraaf 5 van Artikel 13, Artikel 15 en Artikel 16 van hierdie Konvensie in Suid-Afrika belas kan word tot die mate wat hierdie items ingesluit is in die basis in paragraaf 1 bedoel. Die bedrag van hierdie aftrekking is gelyk aan die belasting in Suid-Afrika betaal op hierdie inkomste-items, maar gaan nie die bedrag van die aftrekking wat toegelaat sal word indien die inkomste-items aldus ingesluit die enigste inkomste-items was wat van Nederlandse belasting vrygestel is ingevolge die bepalings van die Nederlandse reg vir die vermyding van dubbele belasting, te bowe nie.

[Para. 3 gewysig deur Gk 32 van 23 Januarie 2009.]

4. Ondanks die bepalings van paragraaf 2, laat die Nederlande 'n aftrekking toe van die Nederlandse belasting van die belasting in Suid-Afrika betaal op inkomste-items wat ooreenkomstig Artikel 7, paragraaf 6 van Artikel 10, paragraaf 4 van Artikel 11, paragraaf 4 van Artikel 12 en paragraaf 2 van Artikel 21 van hierdie Konvensie in Suid-Afrika belas kan word tot die mate dat hierdie items ingesluit is in die basis bedoel in paragraaf 1, indien en vir sover as wat die Nederlande ingevolge die bepalings van die Nederlandse reg vir die vermyding van dubbele belasting 'n aftrekking van die Nederlandse belasting toelaat van die belasting gehê in 'n ander land op sodanige inkomste-items. Vir die berekening van hierdie aftrekking is die bepalings van paragraaf 3 van hierdie Artikel dienooreenkomstig van toepassing.

[Para. 4 gewysig deur Gk 32 van 23 Januarie 2009.]

5. In Suid-Afrika, behoudens die bepalings van die reg van Suid-Afrika betreffende die aftrekking vanaf belasting betaalbaar in Suid-Afrika van belasting betaalbaar in enige ander land as Suid-Afrika, word Nederlandse belasting betaal deur inwoners van Suid-Afrika ten opsigte van inkomste belasbaar in die Nederlande ooreenkomstig die bepalings van hierdie Konvensie, afgetrek van die belastings verskuldig ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse fiskale reg. Sodanige aftrekking mag egter nie 'n bedrag te bowe gaan wat in dieselfde verhouding tot die totale Suid-Afrikaanse belasting betaalbaar staan as wat die betrokke inkomste tot die totale inkomste staan nie.

HOOFSTUK VI SPESIALE BEPALINGS

ARTIKEL 24 *Aflandige Bedrywighede*

1. Die bepalings van hierdie Artikel is, ondanks enige ander bepaling van hierdie Konvensie, van toepassing. Hierdie Artikel is egter nie van toepassing nie waar aflandige bedrywighede van 'n persoon vir daardie persoon 'n permanente saak uitmaak ingevolge die bepalings van Artikel 5.
2. In hierdie Artikel beteken die uitdrukking „aflandige bedrywighede” bedrywighede wat aflandig beoefen word in verband met die eksplorasië of ontginning van die seabodem en ondergrond en hulle natuurlike hulpbronne wat in 'n Kontrakterende Staat geleë is.
3. n Onderneming van 'n Kontrakterende Staat wat aflandige bedrywighede in die ander Kontrakterende Staat beoefen, word, behoudens die bepalings van paragraaf 4 van hierdie Artikel, geag ten opsigte van sodanige bedrywighede 'n besigheid in daardie ander Kontrakterende Staat te dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë, tensy die ter sake aflandige bedrywighede in die ander Staat uitgeoefen word vir 'n tydperk of tydperke wat nie altesaam 30 dae in enige tydperk van 12 maande te bowe gaan nie.

Vir doeleindes van hierdie paragraaf:

- (a) waar 'n onderneming wat in die ander Kontrakterende Staat aflandige bedrywighede beoefen verwant is aan 'n ander onderneming en daardie ander onderneming voortgaan, as deel van dieselfde projek, met dieselfde aflandige bedrywighede as wat deur eersgenoemde onderneming beoefen word of beoefen was, en die voormelde bedrywighede beoefen deur albei ondernemings – wanneer bymekaar getel – 'n tydperk van 30 dae te bowe gaan, dan word elke onderneming geag sy bedrywighede vir 'n tydperk wat 30 dae in 'n 12 maande-tydperk te bowe te gaan, te beoefen;
 - (b) 'n onderneming word beskou as verwant te wees aan 'n ander onderneming indien een direk of indirek minstens een derde hou van die kapitaal van die ander onderneming of 'n persoon direk of indirek minstens een derde hou van die kapitaal van albei ondernemings.
4. Vir doeleindes van paragraaf 3 van hierdie artikel word die uitdrukking „aflandige bedrywighede” egter geag nie in te sluit nie:
 - (a) een of enige kombinasie van die bedrywighede in paragraaf 4 van Artikel 5 bedoel;
 - (b) sleep of ankerhantering deur skepe wat hoofsaaklik vir daardie doel ontwerp is en enige ander bedrywighede deur daardie skepe verrig;
 - (c) die vervoer van voorrade of personeel deur skepe of vliegtuie in internasionale verkeer.
5. 'n Inwoner van 'n Kontrakterende Staat wat aflandige bedrywighede in die ander Kontrakterende Staat beoefen, wat uit professionele dienste of ander bedrywighede van 'n onafhanklike aard bestaan, word geag daardie bedrywighede vanaf 'n permanente saak in die ander Kontrakterende Staat te beoefen indien die betrokke aflandige bedrywighede vir 'n aaneenlopende tydperk van 30 dae of meer voortduur.

6. Salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat ten opsigte van 'n diensbetrekking verwant aan afluandige bedrywighede beoefen deur middel van 'n permanente saak in die ander Kontrakterende Staat kan, in die mate wat die diensbetrekking afluandig in daardie ander Staat verrig word, in daardie ander Staat belas word.
7. Waar dokumentêre bewyse gelewer word dat belasting in Suid-Afrika betaal is op inkomste-items wat in Suid-Afrika belas kan word ingevolge Artikel 7 in verband met onderskeidelik paragraaf 3 en 5 van hierdie Artikel, en op paragraaf 6 van hierdie Artikel, laat die Nederlande 'n vermindering van sy belasting toe wat ooreenkomstig die reëls neergelê in paragraaf 2 van Artikel 23, bereken sal word.

ARTIKEL 25

Nie-diskriminasie

1. Burgers van 'n Kontrakterende Staat mag nie in die ander Kontrakterende Staat onderwerp word aan enige belasting of enige vereiste in verband daarmee, wat anders of swaarder is as die belasting en die daaraan verbonde vereistes waaraan burgers van daardie ander Staat onder dieselfde omstandighede, veral met betrekking tot verblyf, onderworpe is of onderwerp kan word nie. Hierdie bepaling is, ondanks die bepalings van Artikel 1, ook van toepassing op persone wat nie inwoners van een van of van albei die Kontrakterende State is nie.
2. Die belasting op 'n permanente saak wat 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het, word nie in daardie ander Staat op 'n minder gunstige wyse gehef as die belasting wat gehef word op ondernemings van daardie ander Staat wat dieselfde bedrywighede beoefen nie. Hierdie bepaling word nie uitgelê as sou dit 'n Kontrakterende Staat verplig om aan inwoners van die ander Kontrakterende Staat enige persoonlike kortings, verligtings en verminderings vir belastingdoeleindes toe te staan uit hoofde van burgerlike status of gesinsverantwoordelikhede wat aan sy eie inwoners toegestaan word nie.
3. Uitgesonderd waar die bepalings van paragraaf 1 van Artikel 9, paragraaf 6 van Artikel 11, of paragraaf 6 van Artikel 12 van toepassing is, is rente, tantième en ander uitbetalings betaal deur 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat, vir doeleindes van die vasstelling van die belasbare winste van sodanige onderneming, aftrekbaar op dieselfde voorwaardes as wat sou geld indien dit aan 'n inwoner van die eersgenoemde Kontrakterende Staat betaal is. Eweneens is enige skulde van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat by die vasstelling van die belasbare kapitaal van sodanige onderneming op dieselfde voorwaardes aftrekbaar as wat sou geld indien hulle met 'n inwoner van eersgenoemde Staat ooreengekom is.
4. Ondernemings van 'n Kontrakterende Staat waarvan die kapitaal regstreeks of onregstreeks ten volle of gedeeltelik besit of beheer word deur een of meer inwoners van die ander Kontrakterende Staat, mag nie in eersgenoemde Staat onderwerp word aan enige belasting of enige vereiste in verband daarmee wat anders of swaarder is as die belasting en die daaraan verbonde vereistes waaraan ander soortgelyke ondernemings van eersgenoemde Staat onderworpe is of onderwerp kan word nie.
5. Bydraes betaal deur, of namens, 'n individu wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is aan 'n pensioenskema wat vir belastingdoeleindes in die ander Kontrakterende Staat erken word, word in eersgenoemde Staat op dieselfde wyse behandel vir belastingdoeleindes as 'n

bydrae betaal aan 'n pensioenskema wat vir belastingdoeleindes in daardie eersgenoemde Staat erken word, mits:

- (a) sodanige individu tot sodanige pensioenskema bygedra het vir 'n tydperk wat geëindig het onmiddellik voordat die individu 'n inwoner geword het van eersgenoemde Staat; en
- (b) die bevoegde owerheid van eersgenoemde Staat instem dat die pensioenskema ooreenstem met 'n pensioenskema wat vir belastingdoeleindes deur daardie Staat goedgekeur is.

Vir doeleindes van die toepassing van hierdie paragraaf sluit „pensioenskema” 'n pensioenskema in wat ingevolge die bestaansbeveiligingstelsel van 'n Kontrakterende Staat gestig is.

6. Die bepaling van hierdie Artikel is ondanks die bepaling van Artikel 2 van toepassing op belasting van enige aard en beskrywing.

ARTIKEL 26

Prosedure vir Onderlinge Ooreenkoms

1. Waar 'n persoon van mening is dat die optrede van een van of van albei die Kontrakterende State tot gevolg het of tot gevolg sal hê dat daardie persoon nie ooreenkomstig die bepaling van hierdie Konvensie belas word nie, kan daardie persoon, ongeag die regsmiddels waarvoor die landsreg van daardie State voorsiening maak, 'n saak stel aan die bevoegde owerheid van die Kontrakterende Staat waarvan die persoon 'n inwoner is of, indien die saak onder paragraaf 1 van Artikel 25 ressorteer, aan dié van die Kontrakterende Staat waarvan die persoon 'n burger is. Die saak moet gestel word binne drie jaar vanaf die eerste Kennisgewing van die handeling wat gelei het tot belasting wat nie ooreenkomstig die bepaling van die Konvensie is nie.
2. Die bevoegde owerheid moet, indien die beswaar vir hom geregverdig voorkom en hy nie self 'n geskikte oplossing kan vind nie, probeer om die saak deur onderlinge ooreenkoms met die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat te besleg ten einde belasting te vermy wat nie in ooreenstemming met die Konvensie is nie. Enige ooreenkoms wat bereik word, moet toegepas word ondanks enige tydsbeperkinge in die landsreg van die Kontrakterende State.
3. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet probeer om enige probleme of twyfel wat in verband met die vertolking of toepassing van die Konvensie ontstaan, deur onderlinge ooreenkoms uit die weg te ruim. Hulle kan mekaar ook raadpleeg met die oog op die uitskakeling van dubbele belasting in gevalle waarvoor daar nie in die Konvensie voorsiening gemaak word nie.
4. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State kan regstreeks met mekaar kommunikeer met die doel om tot 'n ooreenkoms te geraak soos in die voorgaande paragrafe beoog.
5. Indien enige probleem of twyfel wat met die vertolking of toepassing van die Konvensie ontstaan, nie deur die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State in 'n prosedure vir onderlinge ooreenkoms in ooreenstemming met die vorige paragrafe van hierdie Artikel binne 'n tydperk van twee jaar nadat die vraag geopper is, uit die weg geruim kan word nie, kan die geval, op versoek van enigen van die Kontrakterende State, vir arbitrasie voorgelê word, maar slegs nadat die prosedures beskikbaar ingevolge paragrafe 1 tot 4 van hierdie Artikel ten volle uitgeput is en onder voorbehoud dat die betrokke belastingpligtige of belastingpligtiges skriftelik instem om aan die besluit van die arbitrasieraad gebonde te wees. Die besluit van die arbitrasieraad in 'n bepaalde geval is bindend vir albei

Kontrakterende State asook die belastingpligtige of belastingpligtiges betrokke by daardie saak. Die samestelling van die arbitrasieraad en die arbitrasieprosedures sal deur die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State bepaal word.

ARTIKEL 27
Uitruil van Inligting

[Artikel 27 vervang deur Gk 32 van 23 Januarie 2009.]

1. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State ruil sodanige inligting as wat voorsienbaar tersaaklik is vir die uitvoering van die bepalings van hierdie Konvensie of vir die administrasie of afdwing van die landsreg betreffende belastings van elke soort en beskrywing opgelê namens die Kontrakterende State, of van hulle politieke onderverdelings of plaaslike owerhede, vir sover die belasting daarkragtens nie strydig met die Konvensie is nie. Die uitruil van inligting word nie beperk deur Artikels 1 en 2 nie.
2. Enige inligting ingevolge paragraaf 1 ontvang deur 'n Kontrakterende Staat moet behandel word as geheim op dieselfde wyse as inligting verkry ingevolge die landsreg van daardie Staat en openbaar gemaak word slegs aan persone en owerhede (insluitende howe en administratiewe liggame) gemoeid met die assessering of insameling van, die afdwing of vervolging ten opsigte van, die beslissing van appèlle met betrekking tot die belastings bedoel in paragraaf 1, of die versuim van bogenoemde. Sodanige persone of owerhede moet die inligting slegs vir sodanige doeleindes gebruik. Hulle kan die inligting in openbare hofverrigtinge of in regterlike beslissings openbaar maak.
3. Die Kontrakterende State kan aan die arbitrasieraad, wat gestig is ingevolge die bepalings van paragraaf 5 van Artikel 26, sodanige inligting meedeel wat nodig is om die arbitrasieprosedure uit te voer. Die lede van die arbitrasieraad is onderworpe aan die beperkings op bekendmaking soos beskryf in paragraaf 2 van hierdie Artikel ten opsigte van enige inligting aldus meegedeel.
4. In geen geval mag die bepalings van die voorgaande paragrawe so vertolk word as sou dit 'n Kontrakterende Staat die verpligting ople:
 - (a) om administratiewe maatreëls in stryd met die wette en administratiewe praktyk van daardie of van die ander Kontrakterende Staat uit te voer nie;
 - (b) om inligting te verstrek wat nie ingevolge die wette of in die normale loop van die administrasie van daardie of van die ander Kontrakterende Staat verkrygbaar is nie.
 - (c) om inligting te verstrek wat enige handels-, besigheids-, industriële, kommersiële of professionele geheim of handelsproses sal openbaar, of inligting te verstrek waar die openbaarmaking strydig met openbare beleid (*ordre public*) sal wees.
5. Indien inligting deur 'n Kontrakterende Staat in ooreenstemming met hierdie Artikel versoek word, moet die ander Kontrakterende Staat sy maatreëls vir die insameling van inligting gebruik om die verlangde inligting te verkry, selfs alhoewel daardie ander Staat nie sodanige inligting vir sy eie belastingdoeleindes nodig het nie. Die verpligting vervat in die voorgaande sin is onderworpe aan die beperkings van paragraaf 4, maar in geen geval moet sodanige beperkings vertolk word as sou dit 'n Kontrakterende Staat toelaat om te weier om inligting te verskaf bloot omdat dit geen binnelandse belang in sodanige inligting het nie.
6. In geen geval moet die bepalings van paragraaf 4 vertolk word as sou dit 'n Kontrakterende Staat toelaat om te weier om inligting te verskaf bloot omdat dit gehou word deur 'n bank,

ander finansiële instelling, genomineerde of persoon wat 'n agentskap of fidusiêre hoedanigheid werk of omdat dit betrekking het op eienaarskapbelange in 'n persoon nie.

ARTIKEL 28

Bystand met Invordering

[Artikel 28 vervang deur Gk 32 van 23 Januarie 2009.]

1. Die Kontrakterende State moet aan mekaar bystand verleen met die invordering van inkomste-eise. Hierdie bystand word die beperk deur Artikels 1 en 2 nie. Die bevoegde owerhede van die kontrakterende State kan deur onderlinge ooreenkoms die wyse van toepassing van hierdie Artikel bepaal.
2. Die uitdrukking „inkomste-eis” soos in hierdie Artikel gebruik, beteken 'n bedrag verskuldig ten opsigte van belastinge van elke soort en beskrywing wat namens die Kontrakterende State opgelê word, of van hulle politieke onderverdelings of plaaslike owerhede, vir sover die belasting daarkragtens nie strydig is met hierdie Konvensie of enige ander instrumente waarvan die Kontrakterende State partye is, sowel as rente, administratiewe strawwe en koste van invordering of bewaring wat betrekking het op sodanige bedrag.
3. Die bepalinge van hierdie Artikel is slegs van toepassing op 'n belastingeis wat die onderwerp vorm van 'n instrument wat afdwinging in die aansoekerstaat toelaat en wat, tensy anders ooreengekom tussen die bevoegde owerhede, nie betwis nie. Waar die eis betrekking het op belastingaanspreeklikheid van 'n persoon wat nie 'n inwoner van die aansoekerstaat is nie, is hierdie artikel van toepassing, tensy anders ooreengekom tussen mededingende owerhede, waar die eis nie meer betwis mag word nie. Die inkomste-eis moet ingevorder word deur daardie ander Staat in ooreenstemming met die bepalinge van sy wette wat toepaslik is vir die afdwinging en invordering van sy eie belastinge asof die inkomste-eis 'n inkomste-eis van daardie ander Staat is.
4. Wanneer 'n inkomste-eis van 'n Kontrakterende Staat 'n eis is ten opsigte waarvan die Staat, ingevolge sy wet, maatreëls van bewaring kan tref met die oog op die versekering van sy invordering, moet daardie inkomste-eis op versoek van die bevoegde owerheid van daardie Staat aanvaar word vir doeleindes van die bewaringsmaatreëls deur die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat. Daardie ander Staat moet maatreëls tref vir bewaring ten opsigte van daardie inkomste-eis in ooreenstemming met die bepalinge van sy wette asof die inkomste-eis 'n inkomste-eis van daardie ander Staat is selfs as, ten tyde waarvan sodanige maatreëls toegepas word, die inkomste-eis nie afdwingbaar is in eersgenoemde Staat nie of geskuld word deur 'n persoon wat die reg het om die invordering daarvan te voorkom.
5. Ondanks die bepalinge van paragrafe 3 en 4, is 'n inkomste-eis wat aanvaar word deur 'n Kontrakterende Staat vir doeleindes van paragrafe 3 of 4, nie onderworpe aan dieselfde tydsbeperkings of enige voorkeur verleen word wat van 'n toepassing is op 'n inkomste-eis ingevolge die wette van daardie Staat nie, uit hoofde van sy aard as sodanig en, tensy anders ooreengekom tussen die bevoegde owerhede, mag ook nie lei tot gevangenisstraf van die skuldenaar ten opsigte van die skuld nie. Daarbenewens mag 'n inkomste-eis aanvaar deur 'n Kontrakterende Staat vir die doeleindes van paragraaf 3 of 4 nie in daardie Staat enige prioriteit van toepassing op daardie inkomste-eis hê ingevolge die wette van die ander Kontrakterende Staat nie.
6. Verrigtinge ten opsigte van die bestaan, geldigheid of die bedrag van 'n inkomste-eis van 'n Kontrakterende Staat mag nie voor die howe of administratiewe liggame van die ander Kontrakterende Staat gebring word nie.

7. Waar te eniger tyd na die versoek gerig is deur 'n Kontrakterende Staat ingevolge paragraaf 3 of 4 en voordat die ander Kontrakterende Staat die tersaaklike inkomste-eis ingevorder en ingedien het by eersgenoemde Staat, hou die tersaaklike inkomste-eis op om:
- (a) in die geval van 'n versoek ingevolge paragraaf 3, n inkomste eis van eersgenoemde Staat wat afdwingbaar is ingevolge die wette van daardie Staat en besit word deur 'n persoon wat op daardie tydstip ingevolge die wette van daardie Staat nie sy invordering kan voorkom nie, of
 - (b) in die geval van 'n versoek ingevolge paragraaf 4, kan 'n inkomste-eis van eersgenoemde Staat ten opsigte waarvan die Staat ingevolge sy wette, maatreëls van bewaring tref met die oog op die versekering van die invordering daarvan, moet die bevoegde owerheid van eersgenoemde Staat dadelik die bevoegde owerheid van die ander Staat verwittig van daardie feit en na die keuse van die ander Staat, kan eersgenoemde Staat sy versoek óf opskort óf terugtrek.
8. In geen geval mag die bepalings van hierdie Artikel so vertolk word asof 'n Kontrakterende Staat die verpligting oplê:
- (a) om administratiewe maatreëls uit te voer wat strydig is met die wette en administratiewe praktyk van daardie of van die ander Kontrakterende Staat;
 - (b) om maatreëls uit te voer wat teen die openbare beleid (*ordre public*) is;
 - (c) om bystand te verleen indien die ander Kontrakterende Staat nie alle redelike maatreëls van invordering of bewaring nagekom het nie, na gelang van die geval, wat beskikbaar is ingevolge sy wette of administratiewe praktyk;
 - (d) om bystand te verleen in daardie gevalle waar die administratiewe las vir die Staat duidelik buite verhouding is tot die voordeel verkry deur die ander Kontrakterende Staat.”

ARTIKEL 29

Lede van Diplomatieke Missies en Konsulêre Poste

1. Niks in hierdie Konvensie raak die fiskale voorregte van lede van diplomatieke missies of konsulêre poste ingevolge die algemene reëls van die volkereg of ingevolge die bepalings van spesiale ooreenkomste nie.
2. Vir doeleindes van die Konvensie word 'n individu wat 'n lid is van 'n diplomatieke missie of konsulêre pos van 'n Kontrakterende Staat wat in die ander Kontrakterende Staat of in 'n derde Staat geleë is, en wat 'n burger van die Senderstaat is geag 'n inwoner van die Senderstaat te wees indien die individu daarin onderworpe is aan dieselfde verpligtinge met betrekking tot belastinge op inkomste en op kapitaal as wat inwoners van daardie Staat is.
3. Die Konvensie is nie van toepassing nie op internasionale organisasies, op liggame en beampes daarvan en op lede van 'n diplomatieke missie of konsulêre pos van 'n derde Staat, wat in 'n Kontrakterende Staat teenwoordig is, en nie daarin onderworpe is aan dieselfde verpligtinge met betrekking tot belastinge op inkomste of op kapitaal as wat inwoners van daardie Staat is nie.

[Artikel 29 voorheen a. 30, hernommer deur Gk 32 van 23 Januarie 2009.]

ARTIKEL 30
Gebiedsuitbreiding

1. Hierdie Konvensie kan òf in sy geheel òf met enige noodsaaklike wysigings uitgebrei word tot een of albei die lande van die Nederlandse Antille en Aruba, indien die betrokke land belastings hef wat van 'n wesenlik soortgelyke aard is as dié waarop die Konvensie van toepassing is. Enige sodanige uitbreiding tree in werking vanaf die datum en onderworpe aan die wysigings en voorwaardes, insluitende voorwaardes betreffende opsegging, soos deur die Kontrakterende State gespesifiseer en ooreengekom mag word in notas wat langs die diplomatieke kanaal uitgeruil word.
2. Tensy anders ooreengekom, word die uitbreiding van die Konvensie tot enige land waartoe dit ingevolge hierdie Artikel uitgebrei is, nie ook deur die opsegging van die Konvensie beëindig nie.

[Artikel 30 voorheen a. 31, hernoem deur Gk 32 van 23 Januarie 2009.]

HOOFSTUK VII
FINALE BEPALINGS

ARTIKEL 31
Inwerkingtreding

1. Hierdie Konvensie tree in werking op die dertigste dag na die laaste van die datums waarop die onderskeie Regerings mekaar, deur middel van die diplomatieke kanaal, skriftelik in kennis gestel het dat die formaliteite konstitusioneel vereis in hul onderskeie State nagekom is, en die bepaling is van toepassing vir belasbare jare en tydperke beginnende op of na die eerste dag van Januarie in die kalenderjaar wat volg op dit waarin die Konvensie in werking getree het.
2. Die Konvensie tussen die Regering van die Koninkryk van die Nederlande en die Regering van die Republiek van Suid-Afrika vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste, met Protokol, geteken te Kaapstad op Maart 15, 1971, word beëindig vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Konvensie en is nie meer van krag nie vir enige tydperk daarna waarvoor die bepaling van hierdie Konvensie van toepassing is.

[Artikel 31 voorheen a. 32, hernoem deur Gk 32 van 23 Januarie 2009.]

ARTIKEL 32
Opsegging

Hierdie Konvensie bly van krag totdat dit deur een van die Kontrakterende State opgesê word. Enigeen van die Kontrakterende State kan die Konvensie langs die diplomatieke kanaal opsê, deur kennis van opsegging te gee minstens ses maande voor die einde van enige kalenderjaar ná die verstryking van 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum van inwerkingtreding daarvan. In sodanige geval is die Konvensie nie meer van krag nie vir belasbare jare en tydperke beginnende na die einde van die kalenderjaar waarin die kennis van opsegging gegee is.

[Artikel 32 voorheen a. 33, hernoem deur Gk 32 van 23 Januarie 2009.]

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekendes, behoorlik daartoe gemagtig, hierdie Konvensie onderteken het.

GEDOEN, in tweevoud, in die Engelse taal, te Pretoria, op die 10 de dag van Oktober 2005.

T.A. Manuel

NAMENS DIE REGERING VAN DIE REPUBLIEK
VAN SUID-AFRIKA

Dr B. Bot

NAMENS DIE REGERING VAN DIE
KONINKRYK VAN DIE NEDERLANDE

PROTOKOL

Tydens die ondertekening van die Konvensie vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste en op kapitaal hierdie dag gesluit tussen die Republiek van Suid-Afrika en die Koninkryk van die Nederlande, het die ondergetekendes ooreengekom op die volgende bepalings wat 'n integrerende deel van die Konvensie uitmaak.

I. Ad Artikels 3 en 26

Die verstandhouding is dat indien die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State, deur onderlinge ooreenkoms, 'n oplossing gevind het binne die konteks van die Konvensie, vir gevalle waarin dubbele belasting of dubbele vrystelling kan plaasvind:

- (a) as gevolg van die toepassing van paragraaf 2 van Artikel 3 met betrekking tot die vertolking van 'n uitdrukking nie in die Konvensie omskryf nie: of
- (b) as gevolg van verskille in kwalifisering (byvoorbeeld, van 'n inkomste-item of 'n persoon),

is hierdie oplossing – na publikasie daarvan deur albei bevoegde owerhede – ook bindend op ander soortgelyke gevalle by die toepassing van die bepalings van die Konvensie.

II. Ad Artikel 4

'n Individu wat aan boord van 'n skip woon sonder enige werklike domisilie in enigeen van die Kontrakterende State word geag 'n inwoner te wees van die Kontrakterende Staat waarin die skip sy tuishawe het.

III. Ad Artikels 5, 6, 7, 13 en 24

Die verstandhouding is dat eksplorاسie en ontginningsregte van natuurlike hulpbronne beskou sal word as onroerende eiendom geleë in die Kontrakterende Staat, die seebodem en ondergrond waarop dit betrekking het, en dat hierdie regte geag sal word aan die eiendom van 'n permanente saak in daardie Staat te behoort. Die verstandhouding is verder dat die voormelde regte, regte insluit op belange in, of tot die voordele van, bates wat deur sodanige eksplorاسie of ontginning opgelewer word.

IV. Ad Artikel 7

Met betrekking tot paragrawe 1 en 2 van Artikel 7, waar 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat goedere of handelsware verkoop of in die ander Kontrakterende Staat 'n besigheid bedryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë, word die winste van daardie permanente saak nie vasgestel op die grondslag van die totale inkomste ontvang deur die onderneming nie, maar slegs vasgestel sal word op die basis van daardie gedeelte van die inkomste van die onderneming wat *toeskryfbaar* is aan die werklike bedrywigheid

van die permanente saak met betrekking tot sodanige verkope of besigheid. In die besonder, in die geval van kontrakte vir die opname, lewering, installering of konstruksie van industriële, kommersiële of wetenskaplike toerusting of persele, of van openbare werke, wanneer die onderneming 'n permanente saak het, word die winste toeskryfbaar aan sodanige permanente saak nie vasgestel op die grondslag van die totale bedrag van die kontrak nie, maar vasgestel slegs op die grondslag van daardie gedeelte van die kontrak wat effektief deur die permanente saak uitgevoer word in die Kontrakterende Staat waar die permanente saak geleë is. Die winste wat betrekking het op daardie deel van die kontrak wat deur die hoofkantoor van die onderneming uitgevoer word, is slegs belasbaar in die Kontrakterende Staat waarvan die onderneming 'n inwoner is.

V. Ad Artikel 7

Betalings ontvang as vergoeding vir tegniese dienste, met inbegrip van studies of opnames van 'n wetenskaplike, geologiese of tegniese aard, of vir konsultasie of toesighoudende dienste word geag betalings te wees waarop die bepalinge van Artikel 7 van toepassing is.

VI. Ad Artikel 9

Met betrekking tot paragraaf 1 van Artikel 9 is die verstandhouding dat die feit dat verwante ondernemings reëlins aangegaan het, soos kosteverdelingsreëlins of algemene dienste ooreenkomste, vir of gebaseer op die toedeling van uitvoerende, algemene administratiewe, tegniese en kommersiële uitgawes, navorsing en ontwikkelings uitgawes en ander soortgelyke uitgawes, is nie op sigself 'n voorwaarde soos bedoel in daardie paragraaf nie.

VII. Ad Artikels 10, 11 en 12

Waar belasting by die bron gehef meer is as die bedrag van belasting vorderbaar ingevolge die bepalinge van Artikels 10, 11 of 12, moet aansoeke vir die terugbetaling van die oormaat bedrag van belasting by die bevoegde owerheid van die Staat wat die belasting gehef het, ingedien word binne 'n tydperk van drie jaar na die verstryking van die kalenderjaar waarin die belasting gehef is.

VIII. Ad Artikels 10 en 13

Die verstandhouding is dat inkomste ontvang in verband met die (gedeeltelike) likwidasie van 'n maatskappy of aankoop van eie aandele deur 'n maatskappy, behandel word as inkomste uit aandele en nie as kapitaalwinste nie.

IX. Ad Artikel 13

Die verstandhouding is dat indien die individu bedoel in paragraaf 5 van Artikel 13 onderhewig is aan belasting op winste in die omstandighede beoog in daardie paragraaf en die aandele, „jouissance”-regte of skuldeise verkry is voordat die individu 'n inwoner van die eersgenoemde Staat geword het, beskou daardie eersgenoemde Staat daardie gedeelte van die belasting vasgestel ooreenkomstig die volgende formule, as betaal te gewees het:

$A = X/Y \times Z$ Waar:

A = die bedrag van belasting as betaal beskou;

X = die tydperk van eienaarskap waartydens die individu nie 'n inwoner van eersgenoemde Staat was nie;

Y = die totale tydperk van eienaarskap;

Z = die belasting op die aanslag.

Hierdie bepaling is slegs van toepassing indien die wins wat in eersgenoemde Staat belas is toevallingswaarde gedurende 'n tydperk waarin die individu nie 'n inwoner van daardie Staat was nie, insluit.

X. Ad Artikel 15

Die verstandhouding is dat „bestuurder” of „commissaris” van 'n Nederlandse maatskappy persone beteken wat as sodanig genomineer is deur die algemene vergadering van aandeelhouders of deur enige ander bevoegde liggaam van sodanige maatskappy en die algemene bestuur van die maatskappy en die toesighouding daarvan, beheer.

XI. Ad Artikel 17

Ondanks die bepalings van Artikel 17, waar 'n persoon wat 'n inwoner van Suid-Afrika is op die datum van inwerkingtreding van die Konvensie, na daardie datum voortgaan om 'n pensioen of ander soortgelyke besoldiging of 'n annuïteit soos bedoel in paragraaf 1 van Artikel 17, te verkry, of na daardie datum voort te gaan om 'n pensioen of ander betaling betaal soos in paragraaf 2 van Artikel 17 bedoel, te verkry, is daardie inkomste slegs in Suid-Afrika belasbaar indien die totale bruto bedrag van daardie inkomste uitbetaal in enige kalenderjaar nie 10 000 Euro te bowe gaan nie. Indien die totale bruto bedrag van daardie inkomste wat in die Nederlande ontstaan en in enige kalenderjaar uitbetaal word, egter 10 000 Euro te bowe gaan, kan dit ook in die Nederlande belas word, maar slegs tot die mate dat die totale bruto bedrag 10 000 Euro te bowe gaan. In daardie geval kan die Nederlande in die basis waarop sy belasting op daardie inkomste opgelê word, daardie deel daarvan wat slegs in Suid-Afrika belasbaar is, insluit, en stel daardie deel vry deur 'n vermindering van sy belasting toe te laat in ooreenstemming met die bepalings van paragraaf 2 van Artikel 23.

[Artikel XI gewysig deur Gk 32 van 23 Januarie 2009.]

XII. Ad Artikel 23

Die verstandhouding is dat vir die bepaling van die vermindering in paragraaf 2 van Artikel 23 genoem, die kapitaalitems bedoel in paragraaf 1 van Artikel 22 in berekening gebring sal word vir die waarde daarvan, verminder deur die waarde van die skulde gesekureer deur verband op daardie kapitaal en die kapitaalitems bedoel in paragraaf 2 van Artikel 22 word in berekening gebring vir die waarde daarvan verminder met die waarde van die skulde wat betrekking het op die permanente saak.

XIII. Ad Artikel 25

1. Die verstandhouding is dat niks in hierdie Artikel vervat Suid-Afrika daarvan verhoed om op die winste wat toegeskryf kan word aan 'n permanente saak in Suid-Afrika van 'n maatskappy – wat 'n inwoner van die Nederlande is – 'n belasting te hef teen 'n koers wat nie die koers van normale belasting op maatskappye met meer as vyf persentasiepunte te bowe gaan nie.
2. Die verstandhouding is verder dat die bepalings van paragraaf 1 slegs van toepassing sal wees vir solank as wat permanente sake van maatskappye wat nie inwoners van Suid-Afrika is nie, nie aanspreeklik vir sekondêre belasting op maatskappye is nie.

3. Die verstandhouding is boonop dat die bepalings van paragraaf 1 nie meer van toepassing sal wees nie indien Suid-Afrika die sekondêre belasting op maatskapye afskaf of indien dit hierdie belasting op inwoners van Suid-Afrika sou hef teen 'n koers van minder as vyf persentasiepunte.

XIV. Ad Artikel 27

.....

[Artikel XIV geskrap deur Gk 32 van 23 Januarie 2009.]

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekendes, behoorlik daartoe gemagtig, hierdie Protokol onderteken het.

GEDOEN, in tweevoud, in die Engelse taal, te Pretoria, op die 10 de dag van Oktober 2005.

T.A. Manuel

Dr B. Bot

NAMENS DIE REGERING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NAMENS DIE REGERING VAN DIE KONINKRYK VAN DIE NEDERLANDE

**Gk 471 van 17 Junie 2015: Ooreenkoms tussen die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van die Republiek van Mauritius ter vermyding van dubbele belasting en ter voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste
(Staatskoerant No. 38862)**

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

Ingevolge artikel 108 (2) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), saamgelees met artikel 231 (4) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996), word hiermee kennis gegee dat die Ooreenkoms ter vermyding van dubbele belasting en ter voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste wat in die Bylae tot hierdie Kennisgewing vervat is, aangegaan is met die Regering van die Republiek van Mauritius en deur die Parlement goedgekeur is ingevolge artikel 231 (2) van die Grondwet.

Daar word verder bekendgemaak dat ingevolge paragraaf 1 van Artikel 28 van die Ooreenkoms, die datum van inwerkingtreding 28 Mei 2015 is.

AANHEF

Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van die Republiek van Mauritius;

BEGERIG om 'n Ooreenkoms aan te gaan ter vermyding van dubbele belasting en ter voorkoming van fiskale ontduiking ten opsigte van belastings op inkomste;

HET SOOS VOLG OOREENGEKOM:

ARTIKEL 1
Persone Gedek

Hierdie Ooreenkoms is van toepassing op persone wat inwoners van een van of albei die Kontrakterende State is.

ARTIKEL 2
Belastings Gedek

1. Hierdie Ooreenkoms is van toepassing op belastings op inkomste wat ten behoeve van 'n Kontrakterende Staat of sy staatkundige onderverdelings of plaaslike owerhede gehef word, ongeag die wyse waarop dit gehef word.
2. Alle belastings wat op totale inkomste gehef word, of op elemente van inkomste, insluitende belastings op winste uit die vervreemding van roerende of onroerende eiendom, word as belastings op inkomste beskou.
3. Die bestaande belastings waarop die Ooreenkoms van toepassing is, is—
 - (a) in Mauritius, die inkomstebelasting:
(hierna „Mauritiaanse belasting” genoem); en
 - (b) in Suid-Afrika—
 - (i) die normale belasting;
 - (ii) die sekondêre belasting op maatskappye;
 - (iii) die terughoubelasting op tantième; en
 - (iv) die belasting op buitelandse vermaaklikheidskunstenaars en sportpersone;
(hierna „Suid-Afrikaanse belasting” genoem).
4. Die Ooreenkoms is ook van toepassing op enige identiese of wesenlik soortgelyke belastings wat na die datum van ondertekening van die Ooreenkoms benewens of in die plek van die bestaande belastings gehef word. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet mekaar in kennis stel van enige beduidende veranderinge wat aan hulle onderskeie belastingwette aangebring is.

ARTIKEL 3
Algemene Woordoms krywing

1. In hierdie Ooreenkoms, tensy dit uit die samehang anders blyk—
 - (a) beteken die uitdrukking „Mauritius” die Republiek van Mauritius en ook—
 - (i) al die gebiede en eilande wat, ooreenkomstig die wette van Mauritius, die Staat Mauritius uitmaak;
 - (ii) die gebiedswaters van Mauritius; en
 - (iii) enige gebied buite die gebiedswaters van Mauritius, ook die vastelandsplat, wat ooreenkomstig die volkereg en kragtens die wette van Mauritius aangewys is of hierna aangewys word as 'n gebied waarbinne die regte van Mauritius ten opsigte van die see, die seebodem en ondergrond en die natuurlike hulpbronne daarvan uitgeoefen kan word;

- (b) beteken die uitdrukking „Suid-Afrika” die Republiek van Suid-Afrika en, wanneer dit in ’n geografiese sin gebruik word, ook die gebiedswaters daarvan asook enige gebied buite die gebiedswaters, insluitende die vastelandsplat, wat ingevolge die wette van Suid-Afrika en ooreenkomstig die volkereg aangewys is of hierna aangewys word as ’n gebied waarbinne Suid-Afrika soewereine regte of jurisdiksie kan uitoefen;
- (c) beteken die uitdrukkings „’n Kontrakterende Staat” en „die ander Kontrakterende Staat” Mauritius of Suid-Afrika, na gelang van die samehang;
- (d) beteken die uitdrukking „besigheid” ook die verrigting van beroepsdienste en van ander bedrywighede van ’n onafhanklike aard;
- (e) beteken die uitdrukking „maatskappy” enige regspersoon of enige entiteit wat vir belastingdoeleindes as ’n maatskappy of regspersoon behandel word;
- (f) beteken die uitdrukking „bevoegde owerheid”—
 - (i) in Mauritius, die Direkteur-generaal van die Mauritiaanse Inkomste-owerheid of ’n gemagtigde verteenwoordiger van die Direkteur-generaal; en
 - (ii) in Suid-Afrika, die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens of ’n gemagtigde verteenwoordiger van die Kommissaris;
- (g) het die uitdrukking „onderneming” betrekking op die dryf van enige besigheid;
- (h) beteken die uitdrukkings „onderneming van ’n Kontrakterende Staat” en „onderneming van die ander Kontrakterende Staat” onderskeidelik ’n onderneming wat deur ’n inwoner van ’n Kontrakterende Staat gedryf word en ’n onderneming wat deur ’n inwoner van die ander Kontrakterende Staat gedryf word;
- (i) beteken die uitdrukking „internasionale verkeer” enige vervoer per skip of lugvaartuig wat deur ’n onderneming van ’n Kontrakterende Staat bedryf word, uitgesonderd waar die skip of lugvaartuig slegs tussen plekke in die ander Kontrakterende Staat bedryf word;
- (j) beteken die uitdrukking „burger”, met betrekking tot ’n Kontrakterende Staat—
 - (i) enige individu wat burgerskap van daardie Kontrakterende Staat het; en
 - (ii) enige regspersoon of vereniging wat sy status as sodanig verkry uit die wette wat in daardie Kontrakterende Staat van krag is;
- (k) beteken die uitdrukking „persoon” ook ’n individu, ’n maatskappy en enige ander liggaam van persone wat vir belastingdoeleindes as ’n entiteit behandel word; en
- (l) beteken die uitdrukking „belasting” Mauritiaanse belasting of Suid-Afrikaanse belasting, na gelang van die samehang.

2. Betreffende die toepassing van die Ooreenkoms te eniger tyd deur ’n Kontrakterende Staat het enige uitdrukking wat nie daarin omskryf is nie, tensy dit uit die samehang anders blyk, die betekenis wat dit op daardie tydstip ingevolge die reg van daardie Staat het vir doeleindes van die belastings waarop die Ooreenkoms van toepassing is, en geniet enige betekenis ingevolge die toepaslike belastingwette van daardie Staat voorrang bo ’n betekenis wat ingevolge ander wette van daardie Staat aan die uitdrukking geheg is.

ARTIKEL 4

Inwoner

1. Vir doeleindes van hierdie Ooreenkoms beteken die uitdrukking „inwoner van ’n Kontrakterende Staat” enige persoon wat ingevolge die wette van daardie Staat aanspreeklik is vir belasting daarin as gevolg van daardie persoon se domisilie, verblyf, plek van bestuur of enige ander kriterium van soortgelyke aard, en sluit dit ook daardie Staat en enige staatkundige onderverdeling of plaaslike owerheid daarvan in. Hierdie uitdrukking sluit egter nie ’n persoon in wat in daardie Staat net ten opsigte van inkomste uit bronne in daardie Staat belastingpligtig is nie.
2. Waar ’n individu uit hoofde van die bepalings van paragraaf 1 van hierdie Artikel ’n inwoner van albei Kontrakterende State is, word daardie individu se status soos volg bepaal—
 - (a) die individu word geag ’n inwoner te wees van die Staat waarin ’n permanente tuiste tot die individu se beskikking is; indien ’n permanente tuiste in albei State tot die individu se beskikking is, word die individu geag ’n inwoner te wees net van die Staat waarmee die individu se persoonlike en ekonomiese betrekkinge die nouste is (tuiste van lewensbelange);
 - (b) indien die Staat waarin die tuiste van lewensbelange geleë is nie bepaal kan word nie, of indien die individu nie ’n permanente tuiste in enige van die State beskikbaar het nie, word die individu geag ’n inwoner te wees van die Staat waarin die individu ’n gebruikelike verblyfplek het;
 - (c) indien die individu ’n gebruikelike verblyfplek in albei State of in nie een van hulle het nie, word die individu geag ’n inwoner te wees van die Staat waarvan die individu ’n burger is;
 - (d) indien die individu ’n burger van albei State of van nie een van hulle is nie, moet die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State die saak deur onderlinge ooreenkoms beslis.
3. Waar uit hoofde van die bepalings van paragraaf 1 ’n ander persoon as ’n individu ’n inwoner van albei Kontrakterende State is, moet die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State die saak deur onderlinge ooreenkoms beslis en die wyse van toepassing van die Ooreenkoms op daardie persoon bepaal. By ontstentenis van sodanige ooreenkoms word daardie persoon geag buite die bestek van die Ooreenkoms te val, uitgesonderd die bepalings van Artikel 25.

ARTIKEL 5

Permanente Saak

1. Vir doeleindes van hierdie Ooreenkoms beteken die uitdrukking „permanente saak” ’n vaste besigheidsplek waardeur die besigheid van die onderneming in geheel of gedeeltelik gedryf word.
2. Die uitdrukking „permanente saak” sluit in—
 - (a) ’n plek van bestuur;
 - (b) ’n tak;
 - (c) ’n kantoor;
 - (d) ’n fabriek;

- (e) 'n werkwinkel;
 - (f) 'n pakhuis, met betrekking tot 'n persoon wat opbergingsfasiliteite aan ander verskaf;
 - (g) 'n myn, 'n olie- of gasbron, 'n steengroef of enige ander plek van ontginning van natuurlike hulpbronne; en
 - (h) 'n installasie of struktuur wat gebruik word vir die eksplorasië van natuurlike hulpbronne.
3. Die uitdrukking „permanente saak” behels eweneens—
- (a) 'n bouperseel of 'n konstruksie, 'n monteer- of installeerprojek of toesighoudende bedrywighede in verband met so 'n perseel of projek, maar net waar so 'n perseel, projek of bedrywigheid langer as twaalf maande duur;
 - (b) die lewering van dienste deur 'n onderneming deur middel van werknemers of ander personeel wat vir sodanige doel deur 'n onderneming in diens geneem word, maar slegs as bedrywighede van daardie aard voortduur (vir dieselfde projek of 'n projek daaraan verbonde) in die Kontrakterende Staat vir 'n tydperk of tydperke wat altesaam meer is as 183 dae in enige twaalfmaandetydperk wat in die betrokke fiskale jaar begin of eindig;
 - (c) die verrigting van beroepsdienste of ander bedrywighede van 'n onafhanklike aard deur 'n individu, maar slegs as daardie dienste en bedrywighede voortduur in 'n Kontrakterende Staat vir 'n tydperk of tydperke wat altesaam meer is as 183 dae in enige twaalfmaandetydperk wat in die betrokke fiskale jaar begin of eindig.
4. Ondanks die voorgaande bepalings van hierdie Artikel word die uitdrukking „permanente saak” geag nie die volgende in te sluit nie—
- (a) die gebruik van fasiliteite uitsluitlik met die doel om goedere of handelware wat aan die onderneming behoort, op te berg, te vertoon of te lewer;
 - (b) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelware wat aan die onderneming behoort, uitsluitlik met die doel om dit op te berg, te vertoon of te lewer;
 - (c) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelware wat aan die onderneming behoort, uitsluitlik vir die doel van verwerking deur 'n ander onderneming;
 - (d) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik met die doel om vir die onderneming goedere of handelware aan te koop of inligting in te win;
 - (e) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik vir die doel van advertering, inligtingverskaffing, wetenskaplike navorsing of soortgelyke bedrywighede van 'n voorbereidende of bykomstige aard vir die onderneming; en
 - (f) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik vir enige kombinasie van bedrywighede in subparagrafe (a) tot (e) genoem, met dien verstande dat die oorkoepelende bedrywigheid van die vaste besigheidsplek wat uit hierdie kombinasie voortspruit, van 'n voorbereidende of bykomstige aard is.
5. Ondanks die bepalings van paragrafe 1 en 2, waar 'n persoon - uitgesonderd 'n agent met onafhanklike status op wie paragraaf 6 van toepassing is - in 'n Kontrakterende Staat namens 'n onderneming optree en die gesag het, en dit gereeld uitoefen, om namens die onderneming kontrakte aan te gaan, word daardie onderneming geag 'n permanente saak in

daardie Staat te hê ten opsigte van enige bedrywighede wat daardie persoon vir die onderneming onderneem, tensy die bedrywighede van daardie persoon beperk is tot dié in paragraaf 4 genoem, wat, indien dit deur 'n vaste besigheidsplek uitgeoefen word, hierdie vaste besigheidsplek nie ingevolge die bepalings van daardie paragraaf 'n permanente saak sal maak nie.

6. n Onderneming word nie geag 'n permanente saak in 'n Kontrakterende Staat te hê bloot omdat hy in daardie Staat deur 'n makelaar, algemene kommissieagent of enige ander agent met onafhanklike status besigheid dryf nie, met dien verstande dat sulke persone in die gewone loop van hulle besigheid handel.
7. Die feit dat 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, beheer het oor of beheer word deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, of wat in daardie ander Staat besigheid dryf (hetsy deur 'n permanente saak of andersins), beteken nie op sigself dat enigeen van die maatskappye 'n permanente saak van die ander is nie.

ARTIKEL 6

Inkomste uit Onroerende Eiendom

1. Inkomste wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat uit onroerende eiendom verkry (ook inkomste uit landbou of bosbou), is belasbaar in die Kontrakterende Staat waarin daardie eiendom geleë is.
2. Die uitdrukking „onroerende eiendom” het die betekenis wat daaraan geheg word ingevolge die reg van die Kontrakterende Staat waarin die betrokke eiendom geleë is. Die uitdrukking sluit in elk geval eiendom in bykomstig by onroerende eiendom, lewende hawe en toerusting wat in die landbou en bosbou gebruik word, regte waarop die bepalings van die algemene reg ten opsigte van grondbesit van toepassing is, vruggebruik op onroerende eiendom en regte op veranderlike of vaste betalings as vergoeding vir die ontginning, of die reg op die ontginning, van mineraalafsettings, bronne en ander natuurlike hulpbronne. Skepe, bote en lugvaartuie word nie as onroerende eiendom beskou nie.
3. Die bepalings van paragraaf 1 van hierdie Artikel is van toepassing op inkomste verkry uit die regstreekse gebruik, verhuring of gebruik in enige ander vorm van onroerende eiendom.
4. Die bepalings van paragrawe 1 en 3 van hierdie Artikel is ook van toepassing op die inkomste uit die onroerende eiendom van 'n onderneming.

ARTIKEL 7

Besigheidswinste

1. Die winste van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat is net in daardie Staat belasbaar, tensy die onderneming in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur 'n permanente saak wat daarin geleë is. Indien die onderneming besigheid dryf soos voormelde, kan die winste van die onderneming in die ander Staat belas word maar net soveel daarvan as wat aan daardie permanente saak toeskryfbaar is.
2. Behoudens die bepalings van paragraaf 3 van hierdie Artikel, waar 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak wat daarin geleë is, word daar in elke Kontrakterende Staat aan daardie permanente saak die winste toegeskryf wat hy na verwagting sou maak as hy 'n aparte en afsonderlike onderneming was wat besig was met dieselfde of soortgelyke bedrywighede onder dieselfde of soortgelyke omstandighede en heeltemal onafhanklik teenoor die onderneming opgetree het waarvan hy 'n permanente saak is.

3. By die vasstelling van die winste van 'n permanente saak word die uitgawes wat vir die doeleindes van die permanente saak aangegaan is, ook uitvoerende en algemene administratiewe uitgawes aldus aangegaan, as aftrekkings toegelaat, hetsy in die Kontrakterende Staat waarin die permanente saak geleë is of elders. Geen sodanige aftrekking word egter toegelaat nie ten opsigte van bedrae, as daar is, wat die permanente saak aan die hoofkantoor van die onderneming of enige van sy ander kantore betaal (behalwe vir die terugbetaling van werklike uitgawes) by wyse van tantième, gelde of ander soortgelyke betalings in ruil vir die gebruik van patente of ander regte, of by wyse van kommissie, vir spesifieke dienste gelewer of vir bestuur, of, uitgesonderd in die geval van 'n bankonderneming, by wyse van rente op gelde wat aan die permanente saak geleen is. Insgelyks word daar by die vasstelling van die winste van 'n permanente saak geen ag geslaan nie op bedrae (behalwe vir die terugbetaling van werklike uitgawes) wat deur die permanente saak teen die hoofkantoor van die onderneming of enige van sy ander kantore gehef word by wyse van tantième, gelde of ander soortgelyke betalings in ruil vir die gebruik van patente of ander regte, of by wyse van kommissie vir spesifieke dienste gelewer of vir bestuur, of, uitgesonderd in die geval van 'n bankonderneming, by wyse van rente op gelde wat aan die hoofkantoor van die onderneming of enige van sy ander kantore geleen is.
4. In soverre dit in 'n Kontrakterende Staat gebruiklik is om die winste wat aan 'n permanente saak toegeskryf moet word, vas te stel op die grondslag van 'n toedeling van die totale winste van die onderneming aan sy onderskeie dele, belet niks in paragraaf 2 van hierdie Artikel daardie Kontrakterende Staat om die winste wat belas moet word, vas te stel deur sodanige toedeling as wat gebruiklik is nie. Die metode van toedeling wat aanvaar word, moet egter sodanig wees dat die resultaat in ooreenstemming is met die beginsels in hierdie Artikel vervat.
5. Geen wins word aan 'n permanente saak toegeskryf nie as gevolg van die blote aankoop deur daardie permanente saak van goedere of handelware vir die onderneming.
6. Vir doeleindes van die voorgaande paragrawe van hierdie Artikel word die wins wat aan die permanente saak toegeskryf moet word, jaar na jaar volgens dieselfde metode vasgestel tensy daar goeie en afdoende redes vir die teendeel is.
7. Waar wins inkomste-items insluit wat afsonderlik in ander Artikels van hierdie Ooreenkoms behandel word, word die bepalinge van daardie Artikels nie deur die bepalinge van hierdie Artikel geraak nie.

ARTIKEL 8

Skeeps- en Lugvervoer

1. Wins van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat uit die bedryf van skepe of lugvaartuie in internasionale verkeer is net in daardie Staat belasbaar.
2. Vir die doeleindes van hierdie Artikel sluit wins uit die bedryf van skepe of lugvaartuie in internasionale verkeer in—
 - (a) winste uit die verhuring op 'n sonder-bemanning-basis van skepe of lugvaartuie; en
 - (b) wins uit die gebruik of verhuring van houers (insluitende treilers en verwante toerusting vir die vervoer van houers) wat vir die vervoer van goedere of handelware gebruik word,

waar sodanige huur of gebruik bykomstig is by die bedryf van skepe of lugvaartuie in internasionale verkeer.

3. Die bepalinge van paragraaf 1 is ook van toepassing op wins uit deelname aan 'n poel, 'n gesamentlike besigheid of 'n internasionale bedryfsagentskap.

ARTIKEL 9

Verwante Ondernemings

1. Waar—
 - (a) 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat regstreeks of onregstreeks aan die bestuur van, beheer oor of kapitaal van 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat deelneem; of
 - (b) dieselfde persone regstreeks of onregstreeks aan die bestuur van, beheer oor of kapitaal van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat en 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat deelneem,

en in enigeen van die gevalle voorwaardes tussen die twee ondernemings in hulle handels- of finansiële betrekkinge gestel of opgelê word wat verskil van dié wat tussen onafhanklike ondernemings gestel sou word, kan enige wins wat by ontstentenis van daardie voorwaardes aan een van die ondernemings sou toegeval het maar as gevolg van daardie voorwaardes nie aldus toegeval het nie, by die wins van daardie onderneming ingesluit en dienoooreenkomstig belas word.

2. Waar 'n Kontrakterende Staat by die wins van 'n onderneming van daardie Staat wins insluit – en dit dienoooreenkomstig belas – waarop 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat in daardie ander Staat belas is en die wins aldus ingesluit wins is wat aan die onderneming van eersgenoemde Staat sou toegeval het indien die voorwaardes wat tussen die twee ondernemings gestel is, dieselfde was as dié wat tussen onafhanklike ondernemings gestel sou gewees het, moet daardie ander Staat die bedrag van die belasting wat hy op daardie wins hef, toepaslik aanpas. By die vasstelling van sodanige aanpassing moet daar behoorlik ag geslaan word op die ander bepalinge van hierdie Ooreenkoms en moet die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State met mekaar oorleg pleeg indien nodig.

ARTIKEL 10

Dividende

1. Dividende wat deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, kan in daardie ander Staat belas word.
2. Sodanige dividende kan egter ook belas word in die Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy wat die dividende betaal, 'n inwoner is, en wel ooreenkomstig die wette van daardie Staat, maar as die ontvanger van die dividende die voordelige eienaar daarvan is, moet die belasting wat die voordelige eienaar aldus opgelê word nie meer wees nie as—
 - (a) 5 persent van die bruto bedrag van die dividende indien die voordelige eienaar 'n maatskappy is wat minstens 10 persent van die kapitaal van die maatskappy hou wat die dividende betaal;
 - (b) 10 persent van die bruto bedrag van die dividende in alle ander gevalle.

Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet by onderlinge ooreenkoms besluit oor die wyse van toepassing van hierdie beperkings.

Hierdie paragraaf raak nie die belasting van die maatskappy ten opsigte van die wins waaruit die dividende betaal word nie.

3. Die uitdrukking „dividende” soos dit in hierdie Artikel gebruik word, beteken inkomste uit aandele of ander regte wat in winste deel (wat nie skuldeise is nie), asook inkomste uit ander regspersoonsregte wat onderhewig is aan dieselfde belastingbehandeling as inkomste uit aandele ingevolge die wette van die Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy wat die uitkering doen, ’n inwoner is.
4. Die bepalings van paragrawe 1 en 2 van hierdie Artikel is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die dividende, wat ’n inwoner van ’n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat, waarvan die maatskappy wat die dividende betaal ’n inwoner is, besigheid dryf deur middel van ’n permanente saak wat daarin geleë is, en die aandeelhouding ten opsigte waarvan die dividende betaal word, effektief aan sodanige permanente saak verbonde is. In sodanige geval is die bepalings van Artikel 7 van toepassing.
5. Waar ’n maatskappy wat ’n inwoner van ’n Kontrakterende Staat is, wins of inkomste uit die ander Kontrakterende Staat verkry, mag die voordelige eienaar in daardie ander Staat geen belasting opgelê word op die dividende wat deur die maatskappy betaal word nie, uitgesonderd in soverre sodanige dividende aan ’n inwoner van daardie ander Staat betaal word of in soverre die aandeelhouding ten opsigte waarvan die dividende betaal word, effektief verbonde is aan ’n permanente saak wat in daardie ander Staat geleë is, en onderwerp hy ook nie die maatskappy se onuitgekeerde wins aan ’n belasting op onuitgekeerde wins nie, selfs al bestaan die dividende wat betaal word of die onuitgekeerde wins in geheel of gedeeltelik uit wins of inkomste wat in sodanige ander Staat ontstaan.

ARTIKEL 11

Rente

1. Rente wat in ’n Kontrakterende Staat ontstaan en aan ’n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, kan in daardie ander Staat belas word.
2. Sodanige rente kan egter ook in die Kontrakterende Staat waarin dit ontstaan en in ooreenstemming met die wette van daardie Staat belas word, maar as die voordelige eienaar van die rente ’n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, mag die belasting wat aldus gehef word, nie meer as 10 persent van die bruto bedrag van die rente wees nie.

Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet deur onderlinge ooreenkoms besluit oor die wyse van toepassing van hierdie beperking.

3. Ondanks die bepalings van paragraaf 2, word rente wat in ’n Kontrakterende Staat ontstaan in daardie Staat vrygestel van belasting indien—
 - (a) die betaler van die rente die Regering van daardie Kontrakterende Staat of ’n staatkundige onderverdeling of ’n plaaslike owerheid daarvan is; of
 - (b) die rente betaal word aan die Regering van die ander Kontrakterende Staat of ’n staatkundige onderverdeling of ’n plaaslike owerheid daarvan; of
 - (c) die rente betaal word deur die Sentrale Bank van daardie Kontrakterende Staat of aan die Sentrale Bank van die ander Kontrakterende Staat; of
 - (d) die rente betaal word aan ’n instelling of liggaam wat, regstreeks of onregstreeks, in geheel besit word deur die ander Kontrakterende Staat of ’n staatkundige onderverdeling of ’n plaaslike owerheid daarvan; of
 - (e) die rente ontstaan ten opsigte van enige skuldinstrument wat op ’n erkende effektebeurs genoteer is.

4. Vir die doeleindes van paragraaf 3 (e), beteken die uitdrukking „erkende effektebeurs”—
 - (a) in Mauritius, die Effektebeurs van Mauritius;
 - (b) in Suid-Afrika, the Johannesburgse Effektebeurs;
 - (c) enige ander effektebeurs waarop die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State ooreenkom.
5. Die uitdrukking „rente” soos dit in hierdie Artikel gebruik word, beteken inkomste uit alle soorte skuldeise, hetsy deur ’n verband gesekureer al dan nie en hetsy dit ’n reg inhou om in die skuldenaar se wins te deel al dan nie, en in die besonder inkomste uit staatseffekte en inkomste uit obligasies of skuldbriewe, insluitende premies en pryse verbonde aan sodanige effekte, obligasies of skuldbriewe. Boeteheffings vir laat betaling word vir die doel van hierdie Artikel nie as rente beskou nie. Die uitdrukking „rente” sluit nie enige item in wat kragtens die bepalings van Artikel 10 van hierdie Ooreenkoms as ’n dividend behandel word nie.
6. Die bepalings van paragrawe 1, 2 en 3 van hierdie Artikel is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die rente wat ’n inwoner van ’n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat waarin die rente ontstaan, besigheid dryf deur ’n permanente saak wat daarin geleë is, en die skuldeis ten opsigte waarvan die rente betaal word, effektief aan sodanige permanente saak verbonde is. In sodanige geval is die bepalings van Artikel 7 van toepassing.
7. Rente word geag in ’n Kontrakterende Staat te ontstaan wanneer die betaler ’n inwoner van daardie Staat is. Waar die persoon wat die rente betaal, hetsy daardie persoon ’n inwoner van ’n Kontrakterende Staat is al dan nie, in ’n Kontrakterende Staat ’n permanente saak het waaraan die skuldeis ten opsigte waarvan die rente betaal word, effektief verbonde is, en sodanige rente deur sodanige permanente saak gedra word, word sodanige rente egter geag te ontstaan in die Staat waarin die permanente saak geleë is.
8. Waar, vanweë ’n besondere verhouding tussen die betaler en die voordelige eienaar of tussen hulle albei en ’n ander persoon, die bedrag van die rente, met inagneming van die skuldeis waarvoor dit betaal word, meer is as die bedrag waarop die betaler en die voordelige eienaar sou ooreengekom het by ontstentenis van so ’n verhouding, is die bepalings van hierdie Artikel net op laasgenoemde bedrag van toepassing. In sodanige geval bly die oormaatdeel van die betalings belasbaar ooreenkomstig die wette van elk van die Kontrakterende State, met behoorlike inagneming van die ander bepalings van hierdie Ooreenkoms.

ARTIKEL 12

Tantième

1. Tantième wat in ’n Kontrakterende Staat ontstaan en aan ’n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, kan in daardie ander Staat belas word.
2. Sodanige tantième kan egter ook in die Kontrakterende Staat waarin dit ontstaan en ooreenkomstig die wette van daardie Staat belas word, maar as die voordelige eienaar van die tantième ’n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, mag die belasting wat aldus gehef word, nie meer as 5 persent van die bruto bedrag van die tantième wees nie.

Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet deur onderlinge ooreenkoms besluit oor die wyse van toepassing van hierdie beperking.

3. Die uitdrukking „tantième” soos dit in hierdie Artikel gebruik word, beteken betalings van enige soort wat ontvang word as vergoeding vir die gebruik, of die reg op die gebruik, van enige outeursreg op letterkundige, artistieke of wetenskaplike werk (insluitende kinematograaffilms en films, bande of skywe vir radio- of televisie-uitsending), enige patent, handelsmerk, ontwerp of model, plan, geheime formule of proses, of vir die gebruik, of die reg op die gebruik, van inligting rakende nywerheids-, handels- of wetenskaplike ondervinding.
4. Die bepalings van paragrawe 1 en 2 van hierdie Artikel is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die tantième wat ’n inwoner van ’n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat waarin die tantième ontstaan, besigheid dryf deur middel van ’n permanente saak wat daarin geleë is, en die reg of eiendom ten opsigte waarvan die tantième betaal word, effektief aan sodanige permanente saak verbonde is. In so ’n geval is die bepalings van Artikel 7 van toepassing.
5. Tantième word geag in ’n Kontrakterende Staat te ontstaan wanneer die betaler ’n inwoner van daardie Staat is. Waar die persoon wat die tantième betaal, hetsy daardie persoon ’n inwoner van ’n Kontrakterende Staat is al dan nie, in ’n Kontrakterende Staat ’n permanente saak het waaraan die reg of eiendom ten opsigte waarvan die tantième betaal word, effektief verbonde is en sodanige tantième deur sodanige permanente saak gedra word, word sodanige tantième egter geag te ontstaan in die Staat waarin die permanente saak geleë is.
6. Waar, as gevolg van ’n spesiale verhouding tussen die betaler en die voordelige eienaar of tussen hulle albei en ’n ander persoon, die bedrag van die tantième, met inagneming van die gebruik, reg of inligting waarvoor dit betaal word, meer is as die bedrag waarop die betaler en die voordelige eienaar sou ooreengekom het by ontstentenis van so ’n verhouding, is die bepalings van hierdie Artikel net op laasgenoemde bedrag van toepassing. In so ’n geval bly die oormaatdeel van die betalings belasbaar ooreenkomstig die wette van elk van die Kontrakterende State, met behoorlike inagneming van die ander bepalings van hierdie Ooreenkoms.

ARTIKEL 13

Kapitaalwins

1. Wins wat ’n inwoner van ’n Kontrakterende Staat verkry uit die vervreemding van onroerende eiendom in Artikel 6 bedoel en geleë in die ander Kontrakterende Staat, kan in daardie ander Staat belas word.
2. Wins uit die vervreemding van roerende eiendom wat deel uitmaak van die besigheidseiendom van ’n permanente saak wat ’n onderneming van ’n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het, insluitende sodanige wins uit die vervreemding van so ’n permanente saak (alleen of met die hele onderneming), kan in daardie ander Staat belas word.
3. Wins van ’n onderneming van ’n Kontrakterende Staat uit die vervreemding van skepe of lugvaartuie wat in internasionale verkeer bedryf word of roerende eiendom wat op die bedryf van sodanige skepe of lugvaartuie betrekking het, is net in daardie Staat belasbaar.
4. Wins wat ’n inwoner van ’n Kontrakterende Staat verkry uit die vervreemding van aandele wat meer as 50 persent van hulle waarde regstreeks of onregstreeks uit onroerende eiendom geleë in die ander Kontrakterende Staat verkry, kan in daardie ander Staat belas word.
5. Wins uit die vervreemding van enige ander eiendom as dié in die voorgaande paragrawe van hierdie Artikel bedoel, is belasbaar net in die Kontrakterende Staat waarvan die vervreemder ’n inwoner is.

ARTIKEL 14

Inkomste uit Diensbetrekking

1. Behoudens die bepalings van Artikels 15, 17, 18 en 20 is salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat ten opsigte van 'n diensbetrekking verkry, net in daardie Staat belasbaar, tensy die diensbetrekking in die ander Kontrakterende Staat uitgeoefen word. Indien die diensbetrekking aldus uitgeoefen word, kan die besoldiging wat daaruit verkry word in daardie ander Staat belas word.
2. Ondanks die bepalings van paragraaf 1 van hierdie Artikel is die besoldiging wat deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry word ten opsigte van 'n diensbetrekking wat in die ander Kontrakterende Staat uitgeoefen word, net in eersgenoemde Staat belasbaar indien—
 - (a) die ontvanger in die ander Staat teenwoordig is vir 'n tydperk of tydperke van hoogstens altesaam 183 dae in die betrokke kalenderjaar; en
 - (b) die besoldiging betaal word deur, of namens, 'n werkgewer wat nie 'n inwoner van die ander Staat is nie; en
 - (c) die besoldiging nie deur 'n permanente saak wat die werkgewer in die ander Staat het, gedra word nie.
3. Ondanks die voorgaande bepalings van hierdie Artikel kan die besoldiging wat verkry word ten opsigte van 'n diensbetrekking wat uitgeoefen word aan boord van 'n skip of lugvaartuig wat in internasionale verkeer bedryf word deur 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat, in daardie Staat belas word.

ARTIKEL 15

Direkteursgelde

Direkteursgelde en ander soortgelyke betalings wat deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry word in daardie persoon se hoedanigheid as lid van die direksie van 'n maatskappy wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, kan in daardie ander Staat belas word.

ARTIKEL 16

Vermaaklikheidskunstenaars en Sportlui

1. Ondanks die bepalings van Artikels 7 en 14 kan die inkomste wat vermaaklikheidskunstenaars soos teater-, rolprent-, radio- of televisie-artiste, en musikante, of sportlui uit hul persoonlike bedrywighede as sodanig verkry, belas word in die Kontrakterende Staat waarin hierdie bedrywighede uitgeoefen word.
2. Waar inkomste ten opsigte van persoonlike bedrywighede wat deur 'n vermaaklikheidskunstenaar of 'n sportpersoon in daardie persoon se hoedanigheid as sodanig uitgeoefen word, nie aan die vermaaklikheidskunstenaar of sportpersoon toeval nie maar aan 'n ander persoon, kan daardie inkomste, ondanks die bepalings van Artikels 7 en 14, belas word in die Kontrakterende Staat waarin die bedrywighede van die vermaaklikheidskunstenaar of sportpersoon uitgeoefen word.
3. Inkomste wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry uit bedrywighede wat in die ander Kontrakterende Staat uitgeoefen word soos beoog in paragrawe 1 en 2 van hierdie Artikel, word vrygestel van belasting in daardie ander Staat indien die besoek aan daardie ander Staat in geheel of in hoofsaak gesteun word deur openbare fondse van eersgenoemde Kontrakterende Staat, 'n staatkundige onderverdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan, of plaasvind kragtens 'n kulturele ooreenkoms of reëling tussen die Regerings van die Kontrakterende State.

ARTIKEL 17

Pensioene en Annuïteite

1. Behoudens die bepalings van paragraaf 2 van Artikel 18 kan pensioene en ander soortgelyke besoldiging, en annuïteite, wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, in eersgenoemde Staat belas word.
2. Die uitdrukking „annuïteit” soos dit in hierdie Artikel gebruik word, beteken 'n vermelde bedrag wat periodiek op vermelde tye gedurende 'n persoon se lewe of gedurende 'n gespesifiseerde of vasstelbare tydperk betaalbaar word ingevolge 'n verpligting om die betalings te doen in ruil vir voldoende en volle teenprestasie in geld of geldwaarde.
3. Ondanks die bepalings van paragraaf 1 van hierdie Artikel is pensioene en ander betalings ingevolge 'n openbare skema wat deel is van die bestaansbeveiligingstelsel van 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderverdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan, net in daardie Staat belasbaar.

ARTIKEL 18

Regeringsdiens

1. (a) Salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging wat deur 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderverdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan aan 'n individu betaal word ten opsigte van dienste gelewer aan daardie Staat of onderverdeling of owerheid, is net in daardie Staat belasbaar.
(b) Sodanige salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging is egter in die ander Kontrakterende Staat belasbaar slegs as die dienste in daardie Staat gelewer word en die individu 'n inwoner van daardie Staat is wat—
 - (i) 'n burger van daardie Staat is; of
 - (ii) nie 'n inwoner van daardie Staat geword het uitsluitlik met die doel om die dienste te lewer nie.
2. (a) Ondanks die bepalings van paragraaf 1 is pensioene en ander soortgelyke besoldiging wat betaal word deur, of uit fondse geskep deur, 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderverdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan aan 'n individu ten opsigte van dienste gelewer aan daardie Staat of onderverdeling of owerheid, net in daardie Staat belasbaar.
(b) Sodanige pensioene en ander soortgelyke besoldiging is egter slegs in die ander Kontrakterende Staat belasbaar indien die individu 'n inwoner en 'n burger van daardie Staat is.
3. Die bepalings van Artikels 14, 15, 16 en 17 is van toepassing op salarisse, lone, pensioene en ander soortgelyke besoldiging ten opsigte van dienste gelewer in verband met 'n besigheid wat gedryf word deur 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderverdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan.

ARTIKEL 19

Studente en Besigheidsleerlinge

'n Student of besigheidsleerling wat in 'n Kontrakterende Staat teenwoordig is uitsluitlik vir die doel van die student se onderrig en opleiding en wat 'n inwoner is, of onmiddellik voor sodanige teenwoordigheid 'n inwoner was, van die ander Kontrakterende Staat, is in

eersgenoemde Staat vrygestel van belasting op betalings ontvang van buite daardie eersgenoemde Staat vir die doel van die student se onderhoud, onderrig en opleiding.

ARTIKEL 20

Dosente en Onderwysers

1. Ondanks die bepalings van Artikel 14 is 'n dosent of onderwyser wat een van die Kontrakterende State tydelik besoek vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar vir die doel van onderrig of die doen van navorsing aan 'n universiteit, kollege, skool of ander opvoedkundige inrigting in daardie Staat en wat 'n inwoner is, of onmiddellik voor sodanige besoek 'n inwoner was, van die ander Kontrakterende Staat, ten opsigte van besoldiging vir sodanige onderrig of navorsing vrygestel van belasting in eersgenoemde Staat.
2. Die bepalings van hierdie Artikel is nie van toepassing op inkomste uit navorsing indien sodanige navorsing nie in die openbare belang gedoen word nie maar in geheel of in hoofsaak tot private voordeel van 'n bepaalde persoon of persone.

ARTIKEL 21

Ander Inkomste

1. Inkomste-items van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, ongeag waar dit ontstaan, wat nie in die voorgaande Artikels van hierdie Ooreenkoms behandel word nie, is net in daardie Staat belasbaar.
2. Die bepalings van paragraaf 1 is nie op inkomste van toepassing nie, indien die ontvanger van sodanige inkomste wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak wat daarin geleë is, en die reg of eiendom ten opsigte waarvan die inkomste betaal word, effektief aan sodanige permanente saak verbonde is. In so 'n geval is die bepalings van Artikel 7 van toepassing.
3. Ondanks die bepalings van paragrawe 1 en 2 kan inkomste-items van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat wat nie in die voorgaande Artikels van die Ooreenkoms behandel word nie en in die ander Kontrakterende Staat ontstaan, ook in daardie ander Staat belas word.

ARTIKEL 22

Uitskakeling van Dubbele Belasting

1. Dubbele belasting word soos volg uitgeskakel—
 - (a) in die geval van Mauritius—
 - (i) behoudens die bepalings van die reg van Mauritius met betrekking tot die toestaan as 'n krediet teen Mauritiaanse belasting van belasting betaalbaar in 'n grondgebied buite Mauritius (wat nie die algemene beginsel hiervan aantast nie), waar 'n inwoner van Mauritius wins of inkomste verkry uit bronne binne Suid-Afrika wat kragtens die reg van Suid-Afrika en ooreenkomstig hierdie Ooreenkoms in Suid-Afrika belasbaar is of belas mag word, hetsy regstreeks of by wyse van aftrekking, moet Mauritius die belasting wat in Suid-Afrika betaalbaar is toestaan as 'n krediet teen enige Mauritiaanse belasting wat bereken word met betrekking tot dieselfde wins of inkomste ten opsigte waarvan die Suid-Afrikaanse belasting betaalbaar bereken word;
 - (ii) in die geval van 'n dividend, neem die krediet in subparagraaf (a) (i) bedoel net daardie belasting in berekening wat ten opsigte daarvan bykomend is by

enige belasting betaalbaar in Suid-Afrika deur die maatskappy op die wins waaruit die dividend betaal word en wat uiteindelik deur die ontvanger van die dividend gedra word sonder enige verwysing na enige belasting aldus betaalbaar;

- (iii) waar 'n maatskappy wat 'n inwoner van Suid-Afrika is 'n dividend betaal aan 'n maatskappy wat 'n inwoner van Mauritius is en wat, regstreeks of onregstreeks, 10 persent of meer van die kapitaal beheer van die maatskappy wat die dividend betaal, neem die krediet in berekening (bykomend by enige Suid-Afrikaanse belasting krediteerbaar ingevolge die bepalings van subparagraaf (a) (i) van hierdie paragraaf) Suid-Afrikaanse belasting wat betaalbaar is deur eersgenoemde maatskappy ten opsigte van die wins waaruit sodanige dividend betaal word;

Met dien verstande dat enige krediet toegestaan kragtens hierdie subparagraaf nie meer is nie as die Mauritiaanse belasting (soos bereken voor die toestaan van enige sodanige krediet) wat op die wins of inkomste verkry uit bronne binne Suid-Afrika toegewys word;

- (b) in Suid-Afrika, behoudens die bepalings van die reg van Suid-Afrika betreffende die aftrekking vanaf belasting betaalbaar in Suid-Afrika van belasting betaalbaar in enige ander land as Suid-Afrika (wat nie die algemene beginsel hiervan raak nie), word Mauritiaanse belasting betaal deur inwoners van Suid-Afrika ten opsigte van inkomste wat in Mauritius belasbaar is, ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ooreenkoms afgetrek van die belasting wat ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse fiskale reg verskuldig is. Sodanige aftrekking mag egter nie meer wees nie as 'n bedrag wat tot die totale Suid-Afrikaanse belasting betaalbaar in dieselfde verhouding staan as waarin die betrokke inkomste tot die totale inkomste staan.

- 2. Vir doeleindes van die toestaan van Suid-Afrikaanse belasting as 'n krediet ingevolge subparagraaf (a) van paragraaf 1, word die belasting betaalbaar in Suid-Afrika geag belasting in te sluit wat andersins in Suid-Afrika betaalbaar sou wees maar deur Suid-Afrika verminder of kwytgeskeld is ten einde ekonomiese ontwikkeling te bevorder.

ARTIKEL 23

Niediskriminasie

- 1. Burgers van 'n Kontrakterende Staat mag nie in die ander Kontrakterende Staat onderwerp word aan enige belasting of enige vereiste in verband daarmee nie wat anders of knellender is as die belasting en verwante vereistes waaraan burgers van daardie ander Staat in dieselfde omstandighede, in die besonder met betrekking tot verblyf, onderwerp is of kan word nie. Hierdie bepaling is ondanks die bepalings van Artikel 1 ook van toepassing op persone wat nie inwoners van een van of albei die Kontrakterende State is nie.
- 2. Die belasting op 'n permanente saak wat 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het, word nie in daardie ander Staat minder gunstig gehef as die belasting wat gehef word op ondernemings van daardie ander Staat wat dieselfde bedrywighede uitoefen nie. Hierdie bepaling word nie so uitgelê dat dit 'n Kontrakterende Staat verplig om aan inwoners van die ander Kontrakterende Staat enige persoonlike korting, verligting en vermindering vir belastingdoeleindes toe te staan op grond van burgerlike status of gesinsverantwoordelikhede wat hy aan sy eie inwoners toestaan nie.

3. Uitgesonderd waar die bepalings van paragraaf 1 van Artikel 9, paragraaf 8 van Artikel 11 of paragraaf 6 van Artikel 12 van toepassing is, is rente, tantième en ander betalings deur 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat, met die doel om die belasbare wins van sodanige onderneming te bepaal, aftrekbaar op dieselfde voorwaardes asof dit aan 'n inwoner van eersgenoemde Staat betaal is.
4. Ondernemings van 'n Kontrakterende Staat, waarvan die kapitaal regstreeks of onregstreeks in geheel of gedeeltelik deur een of meer inwoners van die ander Kontrakterende Staat besit of beheer word, word nie in eersgenoemde Staat onderwerp aan enige belasting of enige vereiste in verband daarmee wat anders of knellender is as die belasting en verwante vereistes waaraan ander soortgelyke ondernemings van eersgenoemde Staat onderhewig is of kan wees nie.
5. Geen bepaling van hierdie Artikel verhinder Suid-Afrika om op die winste toeskryfbaar aan 'n permanente saak in Suid-Afrika van 'n maatskappy wat 'n inwoner van Mauritius is, 'n belasting teen 'n koers wat hoogstens vyf persentasiepunte hoër as die koers van normale belasting op maatskappye is, te hef nie.
6. Die bepalings van hierdie Artikel is ondanks die bepalings van Artikel 2 van toepassing op belastings van elke soort en beskrywing.

ARTIKEL 24

Prosedure vir Onderlinge Ooreenkoms

1. Waar 'n persoon van mening is dat die optrede van een van of albei die Kontrakterende State tot gevolg het of sal hê dat daardie persoon nie ooreenkomstig hierdie Ooreenkoms belas word nie, kan daardie persoon, ongeag die regsmiddels waarvoor die landsreg van daardie State voorsiening maak, 'n saak stel aan die bevoegde owerheid van die Kontrakterende Staat waarvan die persoon 'n inwoner is of, indien die saak onder paragraaf 1 van Artikel 23 ressorteer, aan dié van die Kontrakterende Staat waarvan die persoon 'n burger is. Die saak moet gestel word binne drie jaar na die eerste kennisgewing van die optrede wat lei tot belasting wat nie ooreenkomstig die bepalings van hierdie Ooreenkoms is nie.
2. Die bevoegde owerheid moet, indien die beswaar na sy oordeel geregverdig voorkom en indien hy self nie 'n bevredigende oplossing kan kry nie, probeer om die saak by onderlinge ooreenkoms met die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat te besleg met die oog op die vermyding van belasting wat nie in ooreenstemming met die Ooreenkoms is nie. Enige ooreenkoms wat bereik word, moet toegepas word ondanks enige tydbeperkings in die landsreg van die Kontrakterende State.
3. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet poog om enige moeilikhede of twyfel wat oor die vertolking of toepassing van die Ooreenkoms ontstaan, deur onderlinge ooreenkoms te besleg. Hulle kan ook saam oorleg pleeg vir die uitskakeling van dubbele belasting in gevalle waarvoor hierdie Ooreenkoms nie voorsiening maak nie.
4. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State kan regstreeks met mekaar kommunikeer met die doel om tot 'n ooreenkoms te kom soos in die voorgaande paragrawe beoog. Waar dit raadsaam blyk, ten einde tot 'n ooreenkoms te kom, om mondeling menings te wissel, kan sodanige meningswisseling plaasvind deur 'n kommissie bestaande uit verteenwoordigers van die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State.

ARTIKEL 25

Uitruil van Inligting

1. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet inligting uitruil wat na verwagting tersaaklik is vir die uitvoering van die bepalings van hierdie Ooreenkoms of vir die administrasie of toepassing van die plaaslike wette rakende belastings van elke soort en beskrywing wat namens die Kontrakterende State of hulle staatkundige onderverdelings gehef word, in soverre die belasting daarkragtens nie strydig is nie met die Ooreenkoms. Die uitruil van inligting word nie deur Artikels 1 en 2 beperk nie.
2. Enige inligting wat ingevolge paragraaf 1 deur 'n Kontrakterende Staat ontvang word, word as geheim behandel op dieselfde wyse as inligting wat ingevolge die plaaslike wette van daardie Staat verkry is en mag slegs bekend gemaak word aan persone of owerhede (insluitende houe en administratiewe liggeme) gemoeid met die aanslaan of invordering van, die afdwing of vervolging ten opsigte van, die beslissing van appèlle met betrekking tot die belastings in paragraaf 1 bedoel, of toesig oor die voorgaande. Sodanige persone of owerhede mag die inligting net vir sodanige doeleindes gebruik. Hulle mag die inligting in openbare hofverrigtinge of by regterlike besluite openbaar maak.
3. In geen geval mag die bepalings van paragraaf 1 van hierdie Artikel so uitgelê word dat dit aan 'n Kontrakterende Staat die verpligting oplê—
 - (a) om administratiewe maatreëls uit te voer wat strydig is met die wette en administratiewe praktyk van daardie of van die ander Kontrakterende Staat nie;
 - (b) om inligting te verskaf wat nie ingevolge die wette of in die normale loop van die administrasie van daardie of die ander Kontrakterende Staat verkrygbaar is nie;
 - (c) om inligting te verstrek wat enige handels-, besigheids-, industriële, kommersiële of beroepsgeheim of handelsproses openbaar sal maak, of inligting waarvan die openbaarmaking strydig met openbare beleid (*ordre public*) sal wees nie.
4. Indien inligting in ooreenstemming met hierdie Artikel deur 'n Kontrakterende Staat aangevra word, moet die ander Kontrakterende Staat sy inligtingversamelingsmaatreëls gebruik om die verlangde inligting te verkry, selfs al het daardie ander Staat nie sodanige inligting vir sy eie belastingdoeleindes nodig nie. Die verpligting vervat in die voorgaande sin is onderhewig aan die beperkings van paragraaf 3, maar sodanige beperkings mag in geen geval so uitgelê word dat dit 'n Kontrakterende Staat in staat stel om te weier om inligting te verstrek bloot omdat hy geen plaaslike belang by sodanige inligting het nie.
5. In geen geval mag die bepalings van paragraaf 3 so uitgelê word dat dit 'n Kontrakterende Staat in staat stel om te weier om inligting te verstrek bloot omdat die inligting deur 'n bank, ander finansiële instelling, benoemde of persoon wat in 'n agentskaps- of 'n fidusiële hoedanigheid optree, gehou word of omdat dit met eienaarskapbelange in 'n persoon verband hou nie.

ARTIKEL 26

Bystand met die Invordering van Belastings

1. Die Kontrakterende State moet aan mekaar bystand verleen met die invordering van inkomste-eise. Hierdie bystand word nie deur Artikels 1 en 2 beperk nie. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State kan by onderlinge ooreenkoms besluit oor die wyse van toepassing van hierdie Artikel.
2. Die uitdrukking „inkomste-eis” soos dit in hierdie Artikel gebruik word, beteken 'n bedrag wat verskuldig is ten opsigte van belastings van elke soort en beskrywing wat namens die

Kontrakterende State of hulle staatkundige onderverdelings of plaaslike owerhede gehef is, in soverre die belasting daarkragtens nie strydig is nie met hierdie Ooreenkoms of enige ander instrument waarby die Kontrakterende State partye is, asook rente, administratiewe boetes en die koste van invordering of bewaring rakende sodanige bedrag.

3. Wanneer 'n inkomste-eis van 'n Kontrakterende Staat ingevolge die wette van daardie Staat afdwingbaar is en verskuldig is deur 'n persoon wat, op daardie tydstip, ingevolge die wette van daardie Staat nie die invordering daarvan kan voorkom nie, moet daardie inkomste-eis, op versoek van die bevoegde owerheid van daardie Staat, vir doeleindes van invordering aanvaar word deur die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat. Daardie inkomste-eis moet deur daardie ander Staat ingevorderd word in ooreenstemming met die bepalings van sy wette van toepassing op die afdwinging en invordering van sy eie belasting asof die inkomste-eis 'n inkomste-eis van daardie ander Staat is.
4. Wanneer 'n inkomste-eis van 'n Kontrakterende Staat 'n eis is ten opsigte waarvan daardie Staat ingevolge sy reg bewaringsmaatreëls kan tref om die invordering daarvan te verseker, moet daardie inkomste-eis op versoek van die bevoegde owerheid van daardie Staat aanvaar word met die doel om bewaringsmaatreëls te tref deur die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat. Daardie ander Staat moet bewaringsmaatreëls ten opsigte van daardie inkomste-eis tref in ooreenstemming met die bepalings van sy wette asof die inkomste-eis 'n inkomste-eis van daardie ander Staat is selfs al is die inkomste-eis, op die tydstip wanneer sodanige maatreëls toegepas word, nie in eersgenoemde Staat afdwingbaar nie of al is dit verskuldig deur 'n persoon wat 'n reg het om die invordering daarvan te voorkom.
5. Ondanks die bepalings van paragrafe 3 en 4 mag 'n inkomste-eis wat vir doeleindes van paragraaf 3 of 4 deur 'n Kontrakterende Staat aanvaar is, nie in daardie Staat aan die tydsbepelings onderhewig wees of mag daar nie daaraan enige prioriteit verleen word wat van toepassing is op 'n inkomste-eis ingevolge die wette van daardie Staat as gevolg van sy aard as sodanig nie. Voorts mag 'n inkomste-eis wat vir doeleindes van paragraaf 3 of 4 deur 'n Kontrakterende Staat aanvaar is, nie in daardie Staat enige prioriteit hê wat ingevolge die wette van die ander Kontrakterende Staat op daardie inkomste-eis van toepassing is nie.
6. Verrigtinge met betrekking tot die bestaan, geldigheid of bedrag van 'n inkomste-eis van 'n Kontrakterende Staat mag nie voor die howe of administratiewe liggame van die ander Kontrakterende Staat gebring word nie.
7. Waar, te eniger tyd nadat 'n versoek ingevolge paragraaf 3 of 4 deur 'n Kontrakterende Staat gerig is en voordat die ander Kontrakterende Staat die betrokke inkomste-eis ingevorderd en aan eersgenoemde Staat oorbetal het, die betrokke inkomste-eis—
 - (a) in die geval van 'n versoek ingevolge paragraaf 3, ophou om 'n inkomste-eis van eersgenoemde Staat te wees wat ingevolge die wette van daardie Staat afdwingbaar is en verskuldig is deur 'n persoon wat, op daardie tydstip, nie ingevolge die wette van daardie Staat die invordering daarvan kan voorkom nie, of
 - (b) in die geval van 'n versoek ingevolge paragraaf 4, ophou om 'n inkomste-eis van eersgenoemde Staat te wees ten opsigte waarvan daardie Staat ingevolge sy wette bewaringsmaatreëls kan tref om die invordering daarvan te verseker,

moet die bevoegde owerheid van eersgenoemde Staat die bevoegde owerheid van die ander Staat onverwyld in kennis stel van daardie feit, en volgens die keuse van die ander Staat moet eersgenoemde Staat sy versoek óf opskort óf terugtrek.

8. In geen geval mag die bepalings van hierdie Artikel so uitgelê word dat dit aan 'n Kontrakterende Staat die verpligting oplê—
- (a) om administratiewe maatreëls uit te voer wat strydig is met die wette en administratiewe praktyk van daardie of van die ander Kontrakterende Staat nie;
 - (b) om maatreëls uit te voer wat strydig met openbare beleid (*ordre public*) sal wees nie;
 - (c) om bystand te verleen as die ander Kontrakterende Staat nie alle redelike maatreëls vir invordering of bewaring, na gelang van die geval, wat ingevolge sy wette of administratiewe praktyk beskikbaar is, getref het nie;
 - (d) om bystand te verleen in gevalle waar die administratiewe las vir daardie Staat klaarblyklik buite verhouding is tot die voordeel wat die ander Kontrakterende Staat kan kry nie.

ARTIKEL 27

Lede van Diplomatieke Missies en Konsulêre Poste

Niks in hierdie Ooreenkoms raak die fiskale voorregte van lede van diplomatieke missies of konsulêre poste ingevolge die algemene reëls van die volkereg of ingevolge die bepalings van spesiale ooreenkomste nie.

ARTIKEL 28

Inwerkingtreding

1. Elk van die Kontrakterende State stel die ander skriftelik in kennis, deur middel van die diplomatieke kanaal, van die voltooiing van die prosedures wat ingevolge sy reg vir die inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms vereis word. Die Ooreenkoms tree in werking op die datum van ontvangs van die laaste van hierdie kennisgewings.
2. Die beplings van die Ooreenkoms is van toepassing—
 - (a) in Mauritius, op inkomste ten opsigte van enige inkomstejaar beginnende op of na die eerste dag van Januarie wat eerste volg op die datum waarop die Ooreenkoms van krag word; en
 - (b) in Suid-Afrika—
 - (i) met betrekking tot belastings wat by die bron teruggehou word, ten opsigte van bedrae betaal of gekrediteer op of na die eerste dag van Januarie wat eerste volg op die datum waarop die Ooreenkoms van krag word; en
 - (ii) met betrekking tot ander belastings, ten opsigte van jare van aanslag beginnende op of na die eerste dag van Januarie wat eerste volg op die datum waarop die Ooreenkoms van krag word.
3. Die Ooreenkoms tussen die Regering van die Republiek van Mauritius en die Regering van die Republiek van Suid-Afrika ter vermyding van dubbele belasting en ter voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste, geteken te Pretoria op 5 Julie 1996, word opgesê met ingang van die inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms en hou op om van toepassing te wees vir enige tydperk daarna ten opsigte waarvan die bepalings van hierdie Ooreenkoms van toepassing is.

ARTIKEL 29

Opsegging

1. Hierdie Ooreenkoms bly onbepaald van krag, maar enigeen van die Kontrakterende State kan die Ooreenkoms deur middel van die diplomatieke kanaal opse deur aan die ander Kontrakterende Staat skriftelik kennis van opsegging te gee nie later nie as 30 Junie van enige kalenderjaar wat begin vyf jaar na die jaar waarin die Ooreenkoms in werking getree het.
2. In so 'n geval hou die Ooreenkoms op om van toepassing te wees—
 - (a) in Mauritius, op inkomste ten opsigte van enige inkomstejaar beginnende op of na die eerste dag van Januarie wat eerste volg op die kalenderjaar waarin sodanige kennis gegee is; en
 - (b) in Suid-Afrika—
 - (i) met betrekking tot belastings wat by die bron teruggehou word, ten opsigte van bedrae betaal of gekrediteer op of na die eerste dag van Januarie wat eerste volg op die kalenderjaar waarin sodanige kennis gegee is; en
 - (ii) met betrekking tot ander belastings, ten opsigte van jare van aanslag beginnende op of na die eerste dag van Januarie wat eerste volg op die kalenderjaar waarin sodanige kennis gegee is.

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekendes, behoorlik daartoe gemagtig deur hulle onderskeie Regerings, hierdie Ooreenkoms geteken het in twee oorspronklike tekste in die Engelse taal.

GEDOEN te Maputo, op hede die 17^{de} dag van Mei in die jaar 2013.

**VIR DIE REGERING VAN DIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

**VIR DIE REGERING VAN DIE
REPUBLIEK VAN MAURITIUS**

PROTOKOL

By die ondertekening van die Ooreenkoms aangegaan tussen die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van die Republiek van Mauritius ter vermyding van dubbele belasting en ter voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste, het die ondergetekendes ooreengekom dat die volgende bepalinge 'n integreerende deel van die vermelde Ooreenkoms vorm:

1. Indien, in 'n ooreenkoms ter vermyding van dubbele belasting wat later aangegaan is tussen Suid-Afrika en 'n derde Staat, die koerse ten opsigte van die belasting van dividende in die Bronstaat laer is as daardie vermeld in subparagrafe 2 (a) en (b) van Artikel 10, moet Suid-Afrika die Regering van Mauritius skriftelik langs die diplomatieke kanaal onmiddellik daarvan verwittig en onverwyld met die Regering van Mauritius in onderhandeling tree met die oog daarop om vergelykbare behandeling soos aan die derde Staat te verskaf.
2. Met betrekking tot Artikel 23, paragraaf 5, word verstaan dat sou Suid-Afrika die sekondêre belasting op maatskappye afskaf sonder om dit deur 'n soortgelyke belasting te vervang, die bepalinge van daardie paragraaf ophou om van toepassing te wees vanaf die datum waarop die sekondêre belasting op maatskappye afgeskaf is.

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekendes, synde behoorlik daartoe gemagtig deur hulle onderskeie Regerings, hierdie Protokol onderteken het in twee oorspronklike tekste in die Engelse taal.

GEDOEN te Maputo, op hede die 17^{de} dag van Mei in die jaar 2013.

**VIR DIE REGERING VAN DIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

**VIR DIE REGERING VAN DIE
REPUBLIEK VAN MAURITIUS**
